# Via Afrika Afrikaans Eerste Addisionele Taal

## Graad 10 Studiegids

L. Greeff, R. Hugo, M. Manyane, A. Stanley, M. Struwig,
A. van den Berg

Via Afrika

Our Teachers. Our Future.



L. Greeff • R. Hugo • M. Manyane

A. Stanley • M. Struwig • A. van den Berg

Studiegids

# Via Afrika Afrikaans Eerste Addisionele Taal

## Graad 10

Via Afrika

Our Teachers. Our Future.

# Inhoud

## AFDELING 1

Studiewenke wat werk .......... 4

## AFDELING 2 HERSIENING:

LUISTER EN PRAAT .......... 27

## AFDELING 3 HERSIENING:

LEES EN KYK .......... 32

## AFDELING 4 HERSIENING:

SKRYF EN AANBIED .......... 44

## AFDELING 5 HERSIENING:

GEÏNTEGREERDE TAAL .......... 65

## AFDELING 6 VOORBEELDVRAESTELLE

VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS .......... 111

MEMORANDUM VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS .......... 117

VRAESTEL 2: LETTERKUNDE .......... 120

MEMORANDUM VRAESTEL 2: LETTERKUNDE .......... 126

VRAESTEL 3: SKRYF .......... 128

# STUDIEWENKE WAT WERK

## STUDIEWENKE WAT WERK

’n Taal rus basies op vier bene wat jy moet aanleer.
Hulle is **Luister, Praat, Lees en Skryf** (LPLS). As jy hierdie vier vaardighede onder die knie het, sal jy suksesvol wees. Tussen al hierdie vaardighede deur loop die goue draad van **taalgebruik**. Elke taal het sy eie unieke reëls en een taal is nie beter of slegter as ’n ander nie.
Onthou wat die spreekwoord sê:
**Hoe meer tale jy kan, hoe meer male is jy man (of vrou!)**

Luister en praat loop gewoonlik hand aan hand. Jy hoor iets of luister na iets, en dan reageer jy daarop deur te praat en soms te skryf ook. Daarom is dit moeilik of amper onmoontlik om hierdie vier aspekte elkeen in hulle eie boksie te plaas en afsonderlik te ontwikkel.

## Luister en Praat

In die laer grade val die klem op baie luister en baie praat, maar in Graad 10 verskuif die klem veral na lees en skryf, want dis hierdie vaardighede wat ons as mense veral van diere onderskei – hulle kommunikeer ook met mekaar en luister na mekaar, maar hulle skryf dit nie neer nie.
In Graad 10 tot 12 word veral gefokus om doeltreffend te luister en praat, en die kennis toe te pas op interpersoonlike verhoudings en suksesvolle leer dwarsoor die hele kurrikulum.

Luister bestaan uit drie fases: **Pre-luister, Luister** en **Post-Luister.**

| **Maniere van luister** | **Betekenis** |
|---|---|
| Pre-luister | Dit beteken basies dat jy in Graad 10 gehelp word om die teks beter te verstaan omdat daar sekere aktiwiteite vooraf plaasvind. Verder word jy geleer waarop om te fokus. |
| Luister | Jy luister aandagtig om te hoor of jy alles verstaan. |
| Post-luister | Ná die tyd kan jy dan praat oor verskillende aspekte van die tekste en vrae daaroor beantwoord. |

AFDELING 1

# STUDIEWENKE WAT WERK

- Inligting wat iemand mondeling aan jou oordra, moet verstaan en gebruik word en diagramme en tabelle moet vinnig geïnterpreteer word.
- Jy moet kan luister na inligting en aantekeninge daaroor maak.
- Om probleme op te los en jou gevoelens en emosies in woorde uit te druk, raak al hoe belangriker.
- Ander mense se opinies en sienings moet in ag geneem word en jy moet daarop kan reageer deur teenargumente te stel. Hier leer ons hoe om mekaar te respekteer.
- Ons leer nou hoe om ander mense se perspektiewe te bevraagteken en te ondersoek.

Praat vind **informeel of formeel** in groepsverband of individueel in die klas plaas. Verskillende situasies sal met **rolspel** in die klas nageboots word sodat jy reeds vroeg oor jou keuses en manier van doen kan besluit.
**Formele** praataktiwiteite behels **voorbereide toesprake, hardoplees, onderhoude, debat en paneelbesprekings.**
Daar is twee aspekte wat belangrik is by formele mondeling:
(a) **Beplanning, navorsing** en **organisering** van idees en inligting.
(b) **Aanbieding** soos die gebruik van korrekte taalstrukture, duidelikheid, lyftaal.

## Lees en Kyk

In Graad 10 moet jy al (verkieslik) self 'n boek op jou eie in die teikentaal kan deurlees. Lees het ook drie fases: **Pre-lees, Lees** en **Post-lees.**

| Maniere van lees | Betekenis |
|---|---|
| Pre-lees | Voordat die teks gelees word, is daar maniere wat sal help om dit beter te verstaan en om voorspellings te maak. |
| Aandagtig lees | Wanneer die teks aandagtig gelees word, kan jy ook kyk na taalgebruik, woordkeuse en interessante maniere om inligting oor te dra. |
| Post-lees | Alles wat gelees is, word ondersoek. Idees word opgesom, vergelyk en gekontrasteer as die teks homself daartoe leen. Woordeskat word terselfdertyd uitgebrei. |

Tekste wat gelees word, kan ook later gebruik word om eie skryfwerk te doen.

AFDELING 1

# STUDIEWENKE WAT WERK

Daar is **drie** leesfokusse:

1. Tydens aandagtige lees sal kort tekste gebruik word om aantekeninge op te stel, opsommings te maak en bewus te raak van taalgebruik. Die soort tekste kan kom van kortverhale, dramas, romans, artikels, advertensies, spotprente, grafieke, foto's en filmgrepe. Taalkenmerke sal deurgaans aandag geniet.
2. Voorgeskrewe letterkunde sal gekies word waaarin estetiese en kulturele eienskappe bestudeer word.Gedigte, dramas, films, romans en kortverhale sal die leerders help om hulle eie wêreld te verken.
3. Geskrewe en visuele tekste moet gelees word. Leerders moet weet hoe 'n biblioteek of die internet gebruik word. Hulle moet koerante en tydskrifte in die klaskamer gebruik om hulle persepsies te verbreed.

## Skryf en Aanbied

In Graad 10 moet jy alreeds oor die basiese kennis beskik om sinne saam te stel, paragrawe uit verskillende sinne op te bou en opstelle te skryf. Kreatiewe skryfstukke, langer en korter transaksionele skryfwerk gaan geoefen word.

Onderwysers moet:

- Die onderwerp aan julle bekend stel.
- 'n Voorbeeld saam met julle deurlees.
- Saam met die klas die doel en konteks bespreek om die styl en register te bepaal. (Dis vir EAT-leerders moeilik, want hulle is gewoonlik nog nie taalvaardig nie.)
- Die rubriek ook verduidelik sodat die leerders verstaan waarvoor hulle punte gaan kry of verloor.
- Gesels saam oor die onderwerp (dinkskrum) of doen navorsing daaroor.
- Die leerders help om woordeskat vir die onderwerp aan te leer.
- Begin nou met die stappe van die skryfproses wat hieronder genoem word.

**Stappe** wat tydens die skryfproses geneem moet word:

- **Beplan** die skryfstuk.
- Skryf die **konsep** neer.
- **Redigeer** en proeflees die konsep (saam met 'n maat of in 'n groep).
- **Herskryf** die stuk en verbeter alle foute wat tydens redigering opgemerk is.
- Bied die skryfstuk aan vir **evaluering**.

# STUDIEWENKE WAT WERK

## Geïntegreerde taalgebruik (Grammatika en Woordeskat)

As jy hokkie speel, hardloop jy nie met 'n tennisraket op die veld rond nie. As jy rugby speel, gooi jy nie 'n tennisbal rond nie. Net so is dit om 'n taal aan te leer: jy het die volgende twee aspekte nodig:

- Jy moet die taalreëls ken.
- Jy moet daagliks jou woordeskat uitbrei.

Dit kan jy slegs doen deur baie te lees, binne en buite die klaskamer. Alhoewel daar net een uur in elke twee weke spesifiek aan grammatika gewy word, moet jy elke dag oplet hoe woorde verander word om betekenis oor te dra.

Sien die volledige taalreëls wat hierby ingesluit is.

Vanaf Graad 10 tot Graad 12 gaan jy 7 groot eksamens en baie toetse skryf.

Hierna gee ons goeie raad vir die verskillende soorte eksamens wat jy sal aflê.

AFDELING 1

# STUDIEWENKE WAT WERK

## VRAESTEL 1

### VRAAG 1: BEGRIPSTOETSE

**A.**

**Maak eerstens seker jy verstaan die volgende instruksies:**

**Kennisvrae: (Alle W- en H-vrae soos Wie, Wat, Waar, Waarom, Hoekom, Hoe)**

1 Wat het gebeur nadat...?
2 Gee die naam van die...?
3 Beskryf wat gebeur het by...?
4 Wie het met die man gepraat?
5 Waaroor het hulle twee baklei?
6 Wat is die betekenis van hierdie sin?
7 Waarvandaan het die man gekom?
8 Hoekom het dit daardie dag gebeur?
9 Noem die name van die mense wat betrokke was?
10 Waarop het hy gestaan toe die pawiljoen gebreek het?

**Begripsvrae:**

1 Gee 'n voorbeeld van hierdie uitdrukking...
2 Verduidelik in jou eie woorde wat hierna gebeur het.
3 Het die man die boodskap verstaan?
4 Wie is volgens jou die hoofkarakter van hierdie verhaal?

**Toepassingsvrae:**

1 Kan jy aan 'n ander geleentheid dink toe dieselfde situasie plaasgevind het?
2 Dink jy die metafoor wat in die tweede paragraaf gebruik word, is gepas?
3 Hoekom is personifikasie in hierdie gedig/paragraaf effektief?

**Analisevrae:**

1 Hoe stem hierdie situasie ooreen met die een wat die hoofkarakter noem?
2 Hoe verskil dit van die vorige gebeurtenis?
3 Kan jy enige ander ooreenstemmende punte noem?
4 Wat is die hooftema van hierdie verhaal?
5 Wat is die onderliggende tema(s) van hierdie verhaal?
6 Hoekom dink jy het hierdie situasie soveel hartseer veroorsaak?

# STUDIEWENKE WAT WERK

**Sintesevrae:**

1 Ons het baie verskillende dinge van die hoofkarakter se lewe gehoor. Gebruik dit en skryf drie van die belangrikste dinge neer wat hom anders maak as ander karakters in die verhaal.
2 Watter soort persoon was sy ma?
3 Watter positiewe invloed het sy pa op sy lewe gehad?
4 Dink jy sy pa het ook 'n negatiewe invloed op hom gehad het? Gee redes vir jou antwoord./Motiveer jou antwoord met voorbeelde/ten minste een voorbeeld.

**Evalueringsvrae:**

1 Hoe effektief was die beskrywing van die seun se huislike omstandighede?
2 Lees weer die teks waarin die karakter beskryf word. Kan jy aan 'n beter manier dink om dit te beskryf?

**B.**

**Lees die vrae en maak vir jouself 'n opsomming van die vrae.**

Kyk na die volgende vrae om hierdie tegniek te oefen:

1.1 Die spreker sê op twee maniere hy weet nie veel van tegnologie nie. Gee enige EEN van die twee goed wat hy daarvan sê. (1)
1.2 Wat het hy liewer gedoen terwyl sy vriende rekenaarspeletjies gespeel het? (2)
1.3 Haal 'n idiomatiese uitdrukking aan wat bewys hy verstaan tegnologie nie so goed nie.(Paragraaf 1) (1)
1.4 Noem EEN van die goed wat hy tegnologies kan doen (1)
1.5 Vir watter vak het hy nie veel respek nie? (1)
1.6 Haal EEN woord aan wat bewys die verteller weet nie wat is die k onneksie wat 'n mens gebruik se naam nie. (1)
1.7 Was hy heeltemal verkeerd met die raad wat hy die redakteur gegee het? Haal 'n sinsdeel aan om jou antwoord te bewys. (2)
1.8 Wat probeer die verteller eintlik vir die leser in hierdie artikel sê? Sê dit in jou eie woorde. (1)
1.9 Watter soort toestel sal wel ontplof as jy die verkeerde knoppies druk? (1)
1.10 Om die elektroniese bul by die horings te pak beteken dat jy…
(A) aan die antenna van die toestel moet vat.
(B) 'n nagemaakte bul soos 'n matador moet aanvat.
(C) deur 'n bul met skerp horings gesteek gaan word.
(D) nuwe tegnologie sonder vrees moet aanpak. (1)

(12)

# STUDIEWENKE WAT WERK

Opsomming vir jouself nadat jy die vrae gelees en die belangrikste woorde onderstreep het.

1 Waaroor gaan vraag 1.1?
Antwoord: Iemand weet nie veel van tegnologie nie.
2 Het die verteller rekenaarspeletjies saam met sy vriende gesspeel?
Antwoord: Nee
3 Soek vir 'n idiomatiese uitdrukking in par. 1. As daar twee is, moet dit klink asof iets nie verstaan word nie.
4 Daar is iets wat hy kan doen.
5 Hy het nie van 'n sekere vak op skool gehou nie. Soek die naam daarvan.
6 Soek 'n snaakse naam wat nie tegnologies korrek klink nie.
7 Hy't vir iemand (sy baas?) raad gegee. Dit klink nie asof hy heeltemal verkeerd of heeltemal reg was nie.
8 Wat is die boodskap of tema van die leesstuk?
Antwoord: Iets met tegnologie te doen!!
9 As jy nie die woorde **toestel** en **ontplof** ken nie, gaan jy sukkel met hierdie vraag.
10 Antwoord: iets soos 'n bom of handgranaat.

**DIGITAAL-DEURMEKAAR**

1. Dit gaan baie van julle wat hier lees dalk skok, maar as dit by tegnologie kom, is ek nogal dof. Mooi gestel: ek is digitaal-gestrem! Ek is so omdat ek liewer as seun teen mure uitgeklim en van ons huis se dak ge-abseil het, terwyl my vriende rekenaarspeletjies gespeel en alles van DOS geleer het. Iewers het ek nie my vingers op die knoppies gedruk nie! Of soos my outop seker sou sê: "Ek het nie die kloutjie by die oor gekry nie."

2. Ek erken ek kan die maklike goed doen: CD's brand, liedjies op my MP3-speler laai en 'n roetekaart op my GPS inskandeer, maar dis omtrent al waarmee ek tegnologies vaardig is. Dis ook hoekom ek paniekerig geraak het toe my baas, die redakteur, my onlangs vra hoe om foto's van 'n digitale kamera op 'n iPod af te laai. Hierdie vraag van hom het my beslis herinner aan hoërgraad wiskunde op skool – toe wiskunde nog wiskunde was en nie "wiskundige geletterdheid" nie! Hoërgraad, my bra, vrekmoeilik!

3. Tog moet ek weet hoe om dit te doen, want dit was ék wat voorgestel het dat hierdie metode gebruik word. Dis eenvoudig en effektief om jou foto's te bêre. Al wat ek kon sê, was: "Jy kry so 'n meghefiertjie wat jy by jou iPod inprop en dan laai jy die foto's." Ek het blitsvinnig 'n draai gaan maak by die naaste Apple-winkel om uit te vind wat om te doen en ek was nie te ver uit die kol nie. Ek het uitgevind dis eintlik doodmaklik.

4. My punt is dit: ons het deesdae fantastiese tegnologie wat ons net moet leer om te gebruik. Die meeste van ons vermy dit soos die pes omdat dit so ingewikkeld lyk, maar dit is eintlik kinderspeletjies. My raad is: pak die elektroniese bul by die horings: as jy GPS het, moet jy die wêreld verken, as jy 'n Cybershot het, gebruik die lensverstellings en as jy daarvan hou om te draf – gebruik al die knoppies op jou hartklopmonitor!

Slotsin: Hierdie goed sal nie soos bomme ontplof as jy die knoppies verkeerd druk nie!

deur Mark Johnston (Verwerk uit *Weg!* Julie 2007)

**MEMORANDUM:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Hy is dof OF hy is digitaal-gestrem | (1) |
| 1.2 | Hy het van die dak af **ge-abseil** en teen mure **uitgeklim**. | (2) |
| 1.3 | "die kloutjie by die oor gekry" | (1) |
| 1.4 | Hy kan CD's brand, liedjies op sy MP3-speler laai en 'n roetekaart op sy GPS inskandeer. (Enige een) | (1) |
| 1.5 | Wiskundige geletterdheid | (1) |
| 1.6 | meghefertjie | (1) |
| 1.7 | Nee. "nie ver van die kol af nie" | (2) |
| 1.8 | Gebruik tegnologie/raak tegnologies-vaardig | (1) |
| 1.9 | 'n Bom | (1) |
| 1.10 | (D) nuwe tegnologie sonder vrees moet aanpak. | (1) |
| | | (12) |

**VRAE 2 & 3: ADVERTENSIES OF PRENTE/STROKIES OM BEGRIP TE TOETS**

Die woorde en onderskrifte wat gebruik word in advertensies of prente is baie belangrik. In strokies of spotprente moet die lyftaal van die karakters baie noukeurig nagegaan word. Let ook op enige woorde wat in 'n kleiner of groter lettertipe (font) geskryf word. Soms is dit die kontakbesonderhede en vrae kan ook daaroor gevra word.

In strokies en spotprente moet die volgende woorde geleer word sodat die lyftaal korrek geïnterpreteer kan word:

As die karakter **'n vraagteken** bokant sy/haar kop het of kop krap, kan dit beteken die karakter is **verbaas/verwonderd/dom/verward/deurmekaar of verskrik**.

# STUDIEWENKE WAT WERK

As die karakter **’n hartjie** bokant sy/haar kop het of met liefde na iemand anders kyk, kan dit beteken die karakter voel **respek, eerbied, agting, liefde, begeerte** vir die ander persoon.

As die karakter **’n frons** op sy/haar voorkop het of lyk asof hy/sy tande kners, kan dit vir die leser sê die karakter is **kwaad/woedend/ontevrede of vies**.

As daar **trane** oor die karakter se wange loop, wys dit hy/sy voel baie **hartseer of mismoedig**.

**VRAAG 4: OPSOMMING**

Hou die volgende in gedagte:

- Om ’n goeie opsomming te maak, is ’n baie nuttige vaardigheid wat jy dikwels in jou lewe gaan gebruik.
- In Graad 10 mag daar nie meer as 200 woorde gebruik word in die teks wat opgesom word nie. In Graad 11 is dit 230 woorde en in Graad 12 nie meer as 250 woorde nie.
- Die soort teks wat vir opsommings gebruik word, wissel baie en die manier waarop dit nagesien word, wissel ook. Die teks kan gaan oor ’n stel instruksies wat jy moet nakom of ’n klomp waarskuwings of aanwysings.
- Een van die wenke wat werk, is dat jy die opsomming van bo tot onder en van onder na bo moet lees.
- Daar is gewoonlik meer feite/wenke/leidrade in die opsomming as waarvoor jy moet soek. Party word “weggesteek” tussen baie woorde en soms word daar twee in een sin gebruik. Jy moet dus baie versigtig lees.
- Die belangrikste van alles is: jy moet **presies weet** waarvoor jy soek. Dit is gewoonlik **die tweede instruksie** net ná die vraagnommer.

**Voorbeeld 1:**

**INSTRUKSIES:**

- Lees die volgende teks aandagtig deur.
- Tweede instruksie: Skryf dan SEWE wenke neer oor hoe om jou tande goed te versorg.
- Nommer jou sinne van 1 tot 7.
- Gebruik slegs VOLSINNE.
- Laat ’n reël oop na elke sin.
- Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan die einde van die opsomming aan.

AFDELING 1

# STUDIEWENKE WAT WERK

**HOU JOU TANDE GESOND**

1. Onthou om jou tande altyd saggies met die regte tandeborsel te borsel. Tandvleise wat bloei, kan later tot probleme lei. Gesonde tandvleis is belangrik, want dit hou jou tande in posisie.
2. Moenie vergeet om daagliks te flos om van die bakterieë tussen die tande ontslae te raak nie. Plaak kan vinnig aan die binnekant van die tande opbou.
3. As jy te veel kosse en drankies inneem wat verfynde suiker bevat, kan dit nadelig vir die tande wees.
4. Het jy geweet kraakvars, rou vrugte en groente soos appels, wortels en seldery kan help om jou tande skoon te hou?
5. As jy te veel sitrusvrugte asook koffie inneem, kan dit probleme skep, want dit verhoog ook die suikervlakke in die mond, wat tot tandbederf kan lei.
6. Dis ook belangrik om elke ses maande by jou tandarts en 'n mondhigiënis uit te kom. Dit sal verseker dat jou tande in 'n goeie toestand en silwerskoon gehou word.
7. Om 'n goeie mondspoelmiddel te gebruik, help baie. Colgate se nuwe Plax Whitening keer die vorming van plaak en help ook om die tande mooi wit te hou. Die spoelmiddel bereik plekkies wat jou tandeborsel nie kan bykom nie. (199 woorde)

(Aangepas uit: *Leef,* April 2009)

**MEMORANDUM:**

- Jy moet jou tande saggies borsel.
- Flos daagliks.
- Moenie te veel kosse en drankies inneem wat 'n oormaat verfynde suiker bevat nie.
- Vermy te veel sitrusvrugte en koffie.
- Eet genoeg vars, rou vrugte en groente.
- Besoek jou tandarts en 'n mondhigiënis een tot twee keer per jaar.
- Gebruik ook 'n mondspoelmiddel.

**Voorbeeld 2:**

| | |
|---|---|
| Maniere om jou huis te beveilig.<br>**Sorg dat daar twee soorte telefone byderhand is indien daar iets by jou huis gebeur**. Misdadigers sal dalk die kabels van die landlyn afsny, maar jou selfoon is klein en **kan iewers weggesteek word.**<br>**Hou altyd die belangrikste telefoonnommers** iewers en maak seker dat hierdie nommers dikwels getoets word. **Moenie in die middel van die nag tydens 'n krisis in die gids na die polisie se nommer soek nie.**<br>**As jou voordeur glaspanele het, moet jy diefwering aanbring**, want misdadigers skop die glas vinnig stukkend. **Al die vensters en deure van jou huis moet met diefwering bedek word.**<br>**As daar 'n veiligheidshek, 'n groot slot en 'n massiewe ketting by jou voordeur is, sal dit vir diewe en skelms na te veel werk lyk om dit af te haal.** Slotte en kettings moet die sterkstes wees.<br>**Hou jou deure gesluit** en jou garagedeur toe, al werk jy in die tuin. **Merk al jou waardevolle items** met 'n merkerpen. Sodra jy iets nuuts aanskaf, moet jy sommer dadelik alle inligting daarop skryf.<br>**Goeie, sterk ligte en groot, kwaai honde is gewoonlik die beste afskrikmiddels vir ongenooide gaste soos diewe.** Die ligte moet begin brand as iemand naby jou huis kom en die honde moet blaf om jou teen gevaar te waarsku.<br>(208 woorde) | Enige SEWE van die volgende:<br>Sorg dat jy twee telefone het.<br>Steek een van jou telefone weg.<br>Toets dikwels belangrike nommers sodat jy weet hulle werk.<br>Moenie belangrike nommers tydens 'n krisis in 'n gids soek nie.<br>Plaas diefwering voor glaspanele sodat dit nie uitgeskop kan word nie.<br>Plaas diefwering voor alle vensters en deure.<br>Plaas slotte en kettings aan deure sodat dit moeilik lyk om in te breek.<br>Hou deure gesluit, al is jy by die huis.<br>Plaas jou naam en adres met 'n merkerpen op waardevolle artikels.<br>Maak 'n lys van waardevolle artikels.<br>Ligte moet begin brand as enige iemand naby die huis kom.<br>Hou honde aan sodat hulle kan blaf as vreemdes by jou huis aankom.<br>(10) |

# STUDIEWENKE WAT WERK

**Vraag 5: WOORDSTRUKTURE**

Belangrik:

- Jy moet jou taalreëls baie goed ken om goed te doen in hierdie afdeling.
- Elke antwoord kry een punt.

| | |
|---|---|
| My kat het 'n deftige 5.1 (Frankryk) naam: Honoré de Balzac, maar ons noem hom sommer Tat. 5.2 (In die aand), terwyl ek sit en skryf, slaap hy op die lessenaar naby die rekenaar en snags slaap hy op die 5.3 (waar my voete op die bed is). Wanneer ek in die tuin stap, stap hy saam. Hy laat nie toe dat die honde saamstap nie. 5.4 (Tydens) etes sit hy agter my op die vensterbank en ek mag nie vergeet dat hy saameet nie. As ek vergeet, klap hy my op my skouer. Hy hou veral van 5.5 (aartappels, wortels en kool). | 5.1 Gee die korrekte byvoeglike naamwoord.<br><br>5.2 Gee EEN woord vir die omskrywing.<br><br>5.3 Gee EEN woord vir die omskrywing.<br><br>5.4 Gee 'n sinoniem.<br><br>5.5 Gee die versamelnaam. |
| Tat is baie 5.6 (vrede + lief), solank as wat jy na sy 5.7 (_____) dans. As hy 5.8 (syself/homself/hyself) in die son sit en lek, is hy die toonbeeld van 5.9 (ontspan) rustigheid. Maar kielie hom in die maag en hy word 'n mallemeule (*merry-go-round*) van 5.10 (skerp) naels en tande. As jy 'n papier frommel, kom hy aangehardloop, gereed om met die papier te baklei 5.11 (____) die dood toe! | 5.6 Gee die samestelling.<br>5.7 Voltooi die vaste uitdrukking.<br>5.8 Kies die korrekte woord.<br>5.9 Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord. (adj.)<br><br>5.10 Gee die antoniem.<br><br>5.11 Gee die ontbrekende voorsetsel. |
| Maar moenie vir hom 'n muis wys nie. Tat hou niks van hulle 5.12 (ruik/reuk) nie. Hy sal 5.13 (groot) skrik as die muis en vir die res van die dag hoef jy hom 5.14 (soek) nie. Toe ons hom eenkeer by 'n muis los, het hy vir dae lank in die 5.15 (varings) weggekruip. | 5.12 Kies die korrekte woord: ruik (ww.) reuk (s.nw.)<br>5.13 Gee die vergrotende trap.<br>5.14 Voltooi die infinitief.<br><br>5.15 Gee die verkleinwoord. |
| Daar is 'n tafeltennisballetjie in die huis. Gooi dit vir Tat en hy word 'n luiperd, 'n leeu wat sy prooi 5.16 (kruip), 'n tier wat jag. 5.17 (In plaas van) 'n muis, duik hy op 'n balletjie af. As die balletjie wegkom, jaag Tat hom tot in 'n hoek en 5.18 (stadig maar _____) sal hy 5.19 (die oorhand kry). Hy behandel daardie balletjie net soos 'n leeu 'n 5.20 (dood) bok behandel. Maar 'n muis? Aikôna!! | 5.16 Vorm 'n ander werkwoord hiervan.<br>5.17 Gee die afkorting.<br><br>5.18 Voltooi die uitdrukking.<br>5.19 Gee EEN woord as sinoniem.<br><br>5.20 Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord.<br>(20) |

# STUDIEWENKE WAT WERK

**MEMORANDUM:**

- Spelling moet korrek wees.
- Pasop vir meervoude of byvoeglike naamwoorde wat van vorm verander.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Franse | 5.11 | tot |
| 5.2 | saans | 5.12 | reuk |
| 5.3 | voetenent | 5.13 | groter |
| 5.4 | gedurende | 5.14 | nie te soek nie |
| 5.5 | groente | 5.15 | varinkies |
| 5.6 | vredeliewend | 5.16 | bekruip |
| 5.7 | pype | 5.17 | i.p.v. |
| 5.8 | homself | 5.18 | seker |
| 5.9 | ontspanne | 5.19 | wen/oorwin |
| 5.10 | stomp | 5.20 | dooie |

(20)

# STUDIEWENKE WAT WERK

**Vraag 6: SINSTRUKTURE**

| | |
|---|---|
| 6.1 (Mitchell Johnson is al deur die media as een van die beste snelboulers ter wêreld beskryf), maar hy is ook 'n man wat die skares gereeld met sy kolfvermoë en rats veldwerk verstom. Geen wonder dat 6.2 (almal beskou Mitchell as die beste veelsydige speler). | 6.1 Skryf die sin oor in die bedrywende vorm. Begin so: **Die media...** (1)<br><br>6.2 Skryf die sinsdeel in die lydende vorm. Begin so: **Mitchell...** (1) |
| Vroeg in die onlangse As-toer tussen Engeland en Australië 6.3 (is dit asof Mitchell sy vonk verloor). Die mense wat weet, het gesê dat 6.4 (hy't 'n groot uitval met sy ma gehad.) Hy het nou 'n nuwe bynaam gekry: Mamma-se-seuntjie. | 6.3 Skryf in die verlede tyd. (1)<br><br>6.4 Skryf in die toekomende tyd. (1) |
| Vikki Harber (45) se aanmerkings dat 6.5 (haar seun gee meer aandag aan sy nuwe verloofde, Jane,) as aan haar, was blykbaar die rede waarom die sportman 6.6 (iets op die veld goed gedoen het). 6.7(Wêreldwyd vlam 'n debat oor hierdie eeue-oue kwessie op): die vreemde verskynsel dat seuns nie hulle ma's 6.8 (kan laat los) nie. | 6.5 Gee die korrekte woordorde. (1)<br><br>6.6 Gee die ontkennende vorm. (2)<br>6.7 Herskryf die sinsdeel. Begin so: **'n Debat...** (1)<br><br>6.8 Gee die verlede tyd. (1) |
| Mitchell is sensitief, dus 6.9 (sy ma se opmerkings het sy selfvertroue 'n knak gegee). Shane Warne sê: 6.10 ("Ek is bly sy is nie my ma nie.") Die probleme het verlede maand begin toe Vikki aan die media gesê het: 6.11 "(sy haar seun onwillig aan Jane gee)." Vrouens soos Vikki hou daarvan 6.12 (hulle seuns se lewens regeer). Hoe ouer die seun word, 6.13 (die ma raak jaloers op enige meisie). | 6.9 Gee die korrekte woordorde. (1)<br><br>6.10 Skryf die sin in die indirekte rede. (2)<br><br>6.11 Skryf in die direkte rede. (2)<br><br>6.12 Voltooi met 'n infinitief. (1)<br>6.13 Voltooi die Hoe...hoe... -konstruksie. (1)<br><br>(16) |

**MEMORANDUM:**

Kyk waarvoor punte toegeken word.

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Die media het al MJ as een van die beste snelboulers ter wêreld beskryf. | (1) |
| 6.2 | ...Mitchell deur almal as die beste veelsydige speler beskou word nie. | (1) |
| 6.3 | ...was dit asof Mitchell sy vonk verloor (het). | (1) |
| 6.4 | ...hy sal ’n groot uitval met sy ma hê. | (1) |
| 6.5 | ...dat haar seun meer aandag aan sy verloofde, Jane, gee. | (1) |
| 6.6 | ...niks op die veld goed gedoen het nie. | (1) |
| 6.7 | ’n Debat oor hierdie eeue-oue kwessie vlam wêreldwyd op. | (1) |
| 6.8 | ... kon laat los | (1) |
| 6.9 | ..., dus het sy ma se opmerkings sy selfvertroue ’n knak gegee. | (1) |
| 6.10 | ...dat hy bly is sy is nie sy ma nie. | (2) |
| 6.11 | “Ek gee my seun onwillig aan Jane.” | (2) |
| 6.12 | ...om hulle seuns se lewens te regeer. | (1) |
| 6.13 | ...hoe jaloerser raak die ma op enige meisie. | (1) |
| | | (16) |

# STUDIEWENKE WAT WERK

HOEKOM 'N TEKS?

'n Teks word gebruik om die **konteks** te skep vir taalvrae.

Die teks gee die **woordeskat** vir die taalvrae.

WAT WORD GETOETS?

- **Sinstrukture** (die woordorde in sinne)
- **Kommunikasie** (om in 'n situasie te kan kommunikeer.)

- **Woordstrukture** (die vorm van die woord verander)
- **Woordeskat**
- **Woordvorming** (nuwe woorde word gemaak)

## WENKE OM TAALVRAE TE BEANTWOORD

1. Moenie haastig wees nie. Hier tel korrektheid.
2. Lees die instruksies aandagtig en doen wat gevra word!
3. Skryf duidelik. Spelling tel. As hulle nie jou skrif kan lees nie, kry jy nul!
4. Kontroleer, m.a.w. kyk of jy die reëls toegepas het.
5. Moenie dink jy ken dit glad nie.
   Jy ken genoeg Afrikaans om te probeer!

**Met vriendelike vergunning: Martie Venter**

AFDELING 1

# STUDIEWENKE WAT WERK

## WAT KAN EK LEER VIR TAAL?

WOORDSTRUKTURE

Selfstandige naamwoord
Meervoud: -e, -s, -te, -'s...
Verkleinwoord: -tjie, -kie, -pie
Geslag: bul x koei,
Voornaamwoord
Jy, hy, sy, ons, julle, hulle...
Joune, syne, hare, julle s'n...
Wie se? Met wie? Waarin?
wat, van wie ...
Byvoeglike naamwoord
lelike (...), hoë (...)
(...) is lelik, (...) is hoog
mooier as, vetter as, droër as...
die ligste, die kwaadste
stokoud (baie oud)
Deelwoord
laggende (...), huilende (...)
gebreekte (...), verkoopte (...)
gebroke (...), opgewonde (...)
Telwoord
veertien, tagtig
tweede, veertigste
Voorsetsel
kwaad vir, glo aan spoke

...twee (...)
...baie (...)

klein (...)

sy...(akteur)
hy...(tante)

Staan voor die naamwoord.

Staan na nmw.

(...) as = ...
er as

die (...) = die
..ste

Word in die plek van name gebruik.

Sê aan wie dit behoort.

Vraagwoorde

Verbind sinne.

Aksie is nog besig om te gebeur:
-ende

Aksie is verby:
ge(...) -te, ge(...)-de

Eindig op -e,
vokaal verander,
figuurlik

WOORDVORMIMG
Samestellings (verbind woorde)
eet+tyd= etenstyd,
reus+boom=reuseboom

Afleidings (gebruik voor- of agter-voegsels, vokaalverandering)
ver+slaap=verslaap,
be+spring=bespring
werk+er=werker,
moed+loos=moedeloos
sing... sang, help... hulp

WOORDESKAT
Gee een woord vir
(plek waarheen siek mense gaan)
Land, volk en taal
Engeland, Engelse en Engels
**Sinonieme**
Woorde met dieselfde betekenis
**Antonieme**
Teenoorgestelde betekenis
**Homofone**
Klink dieselfde, spelling verskil
**Homonieme**
Spelling dieselfde, betekenis verskil
**Idiome**
Ook vergelykings
**Idiomatiese uitdrukkings**

PUNKTUASIE
Skryftekens
Tekens by woorde: deelteken, koppelteken, kappie, afkappingsteken.

Leestekens
Gebruik dit in sinne om jou te help lees: punt, hoofletter, vraagteken, aanhalingstekens.

SPELLING
Los en vas skryf
Reëls by lettergrepe

AFKORTINGS
asseblief = asb.
straat = str.

AFKORTINGS
asseblief = asb.
straat = str.

**Met vriendelike vergunning: Martie Venter**

# AFDELING 1

# STUDIEWENKE WAT WERK

WOORDORDE IS BAIE BELANGRIK IN SINSTRUKTURE!

As jy die woordorde in die enkelvoudige sin ken, is al die ander sinstrukture sommer baie maklik!

Die sin se orde van tyd, wyse, plek bly altyd dieselfde in ander soort sinne. Dit is net die werkwoord en medewerkwoord wat rondspring!

- **TYD, WYSE, PLEK!**
- **PLEK VAN DIE WERKWOORD!**

Wanneer? = TYD
Hoe? = WYSE
Waar? = PLEK
Doel? = INFINITIEF

Dit is twee of meer sinne wat met 'n voegwoord(e) verbind word.

Dit is die voegwoord wat bepaal waarheen die ww. skuif.

Jy moet weet watter voegwoorde in elke groep is!

**Enkelvoudige sin**
- Tyd, wyse, plek en inf.
- Sy loop vandag, vinnig, skool toe om te leer.
- Begin <u>nie</u> met die onderwerp nie
- Vandag loop <u>sy</u>...

**Samegestelde sin**
- Groep 1: Gewone woordorde
- Groep 2: Werkwoord *tweede*, direk na die voegwoord
- Groep 3: Werkwoord aan die einde van sin

iets
iemand
êrens
ooit

al
nog

altyd

óf...óf

**Ontkennende vorm**
- Net **een** *nie*
- Ek eet. Ek eet **nie**.
- **Twee x** *nie*
- Ek eet 'n appel. Ek eet **nie 'n appel nie.**
- Bevele – **moet › moenie**
- Bly stil! **Moenie** stilbly **nie!**
- Bevele met **asseblief** – **Moet asseblief nie!**
- Bly asseblief stil **Moet asb. nie** stilbly **nie.**
- Ontkenningswoorde
- (Die woord verander met *nie* aan die einde, behalwe óf...óf)

**Direkte en indirekte rede**
- Stellings
- Paul sê: "My motor <u>is</u> gesteel." › Paul sê **dat** *sy* motor gesteel <u>is</u>.
- Vrae wat met werkwoord begin
- Paul vra: "<u>Gaan</u> sy saam met ons?" › Paul vra **of** *sy* saam met hulle <u>gaan</u>.
- Vrae wat met vraagwoord begin
- Paul vra: "Wie <u>het</u> my motor <u>gesteel</u>? › Paul vra **wie** sy motor <u>gesteel het</u>.
- Bevele
- Paul: "Anne, <u>kom</u> *hiernatoe*!" › Paul beveel Anne **om** *daarnatoe* te <u>kom.</u>

**Lydende en bedrywende vorm**

Bedrywend (aktief)- onderwerp — Sin begin met
Lydend (passief) - — Sin begin met voorwerp

Die kat vang die muis.
Die muis word deur die kat gevang.

Teenw. tyd: word... gevang
Verl. tyd: is... gevang
Met medeww: sal/kan/moet... gevang wor

**Behoort en hoef**
- Word met die infinitief gebruik, maar nooit saam met "om" nie.
- **Hoef** word gewoonlik in die negatiewe vorm gebruik.
- Sy behoort die medisyne <u>te drink</u>.
- Sy hoef *nie* die medisyne <u>te drink</u> *nie*.

**Die verlede tyd**

Hersien al die aspekte van die verlede tyd: skeibare en onskeibare wwe., deeltjiewwe., wwe. verbind met **en**, wwe. met voorvoegsels, ens.

**Met vriendelike vergunning: Martie Venter**

**AFDELING 1**

# STUDIEWENKE WAT WERK

## VRAESTEL 3: STELWERK

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Maak seker jy het die instruksies by die vraestel goed verstaan.

1 Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings, naamlik Afdeling A, Afdeling B en Afdeling C.

2 Kies en beantwoord een vraag uit elke afdeling in hierdie vraestel:

- Beantwoord een vraag uit Afdeling A: Opstel (50)
- Beantwoord een vraag uit Afdeling B: Langer transaksionele teks (30)
- Beantwoord een vraag uit Afdeling C: Korter teks: transaksioneel/naslaan/informatief (20)

3 Nommer die skryfstukke wat jy kies volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4 Begin elke skryfstuk/teks bo-aan 'n nuwe bladsy.

5 Die uiteensetting van jou skryfstuk is baie belangrik:

5.1 Beplanning:

- Doen elke skryfstuk se beplanning op 'n nuwe bladsy.
- Skryf elke keer die woord **beplanning** bo-aan. (Nie ROF nie!)

5.2 Finale skryfstuk:

- Begin elke finale skryfstuk op 'n nuwe bladsy.
- Skryf die woorde **finale produk** langs die vraagnommer.

6 Dui die nommer en die onderwerp van jou skryfstuk netjies aan.

7 Punte word toegeken vir beplanning/redigering, vir taal/styl en vir inhoud.

8 Lees al die vrae aandagtig deur en voer die opdragte noukeurig uit.

9 Skryf netjies en leesbaar.

**Algemene inligting oor skryfstukke: die OPSTEL**

Daar is vier soorte opstelle of prosastyle:
(a) verhalend
(b) beskrywend
(c) argumenterend (beredenerend) en
(d) bespiegelend (filosoferend).

Die eerste twee soorte (verhalend en beskrywend) word as die mees algemene of "maklikste" beskou en sal eerder in die laer grade geskryf word.

AFDELING 1

# STUDIEWENKE WAT WERK

Die argumenterende en bespiegelende opstelle vereis dat die skrywer feite kan gebruik om ('n) stelling(s) te motiveer. Hierdie soort opstel is gewoonlik kontensieus of omstrede.

Met die bespiegelende opstel moet die skrywer filosofeer of dink. Die skrywer van hierdie soort opstel moet sorg dat hy/sy nie dieselfde enkele idee oor en oor herhaal nie.

**Keuse van onderwerp:**
Die goue reël is: Kies die onderwerp waarvan jy iets weet.

Dit sal baie gou duidelik word die skrywer weet niks van 'n onderwerp nie en die woorde sal opdroog.

**Versameling van inligting waarmee gewerk gaan word:**
Verskillende bronne moet gebruik word.
Die volgende vrae sal help om die opstel te beplan:
Wat beteken die sleutelwoorde in die titel?
Aan watter aspekte moet ek veral aandag skenk?
Wat is my agtergrondskennis van hierdie onderwerp?
Is daar voordele en nadele hieraan verbonde?
Watter assosiasies en/of toepassings kan gemaak word?

Tydens 'n eksamen sal die skrywer van hierdie soort opstel sy kennis of verbeelding moet gebruik.

Hoe meer die leerder lees, hoe beter is die kans dat hy/sy hierdie soort opstel tydens 'n eksamen sal kan skryf.

**Beplanning:**
Ons beplan 'n opstel om die volgende redes:

- Die opstel moet 'n bepaalde vorm aanneem.
- Alle toepaslike inligting moet ingesluit word.
- Daar moet 'n eenheid tussen tema en inhoud wees.
- Die opstel se paragrawe moet logies opgebou kan word.
- Herhaling moet voorkom word.
- Die skrywer moenie halfpad "opdroog" nie.

**Voorbeeld:**
Is natuurrampe die grootste bedreiging vir die mensdom se oorlewing op aarde?

**AFDELING 1**

# STUDIEWENKE WAT WERK

**Woordbegrippe om te verstaan:**

(a) natuurrampe – voorbeelde soos: aardbewings/watertekorte/vloede/brande/ skade aan osoonlaag/aardverwarming/tsoenami's, ensovoorts.
(b) bedreiging – gevaar. Is dit die grootste gevaar of is daar ander gevare soos oorlog/hongersnood?
(c) oorlewing – wat word hiermee bedoel? Net basiese oorlewing of oorlewing volgens ons huidige lewenstyl?
(d) Die mensdom – alle mense soos daar tans in die wêreld is of 'n veranderde, nuwe aangepaste wese (*being*).

**Aspekte** wat genoem sal moet word:
(a) Soorte natuurrampe waarvan die skrywer weet.
(b) Ekonomiese aspekte – word die osoonlaag bv. vernietig sodat iemand kan ryk word?
(c) Politieke aspekte/tegnologiese aspekte.
(d) Sosiologiese aspekte: die effek op die gemeenskap/bewyse van die effek op mense.

**Algemene agtergrond:**

(a) Watter natuurrampe het al in die verlede plaasgevind. (Dink aan Noag, Pompei, Krakatoa, ens.)
(b) Voordele en nadele van natuurrampe. (Brande bevorder die groei van sekere plante.)
(c) Ander faktore wat die mensdom bedreig: oorlog, misdaad, epidemies, besoedeling, ensovoorts.

Bring al die genoemde aspekte in verband met die gegewe tema bymekaar en neem 'n standpunt in.

Uiteindelik moet die vraag in die titel beantwoord word: Ja of Nee.

**Inligting ten opsigte van nasien:**

1. Bestudeer en bespreek die nasienskaal en die riglyne vir die gebruik daarvan. Maak seker elke leerder weet wat van hom/haar verwag word.

2. Afdeling A word volgens die nasienskaal uit 50 nagesien.

3. Afdeling B word volgens die nasienskaal uit 30 nagesien.

4. Afdeling C word volgens die nasienskaal uit 20 en 'n memo nagesien.

5. As 'n skryfstuk in Afdeling A te kort is (leerder het minder as ⅔ van die verwagte aantal woorde – minder as 200 – geskryf), word die leerder met 'n ½ kerf of 2 punte gepenaliseer. Beklemtoon dat die leerders telkens die woorde moet tel. As hulle te min woorde het, moet hulle byskryf. As daar te veel woorde is, moet hulle redigeer. Dis die moeite werd om nie hiervoor punte te verloor nie.

6. As 'n skryfstuk in Afdeling B en C te kort is (leerder het minder as ⅔ van die verwagte aantal woorde – minder as 100 – geskryf), word die leerder met 'n ½ kerf of 1 punt gepenaliseer.

7. As 'n skryfstuk in Afdeling A te lank is (leerder het meer as ⅓ van die verwagte aantal woorde te veel geskryf (400 woorde), word die hele skryfstuk gelees en nagesien, maar die leerder word met 'n ½ kerf of 2 punte gepenaliseer.

8. As 'n skryfstuk in Afdeling B en C te lank is (leerder het meer as ⅓ van die verwagte aantal woorde te veel geskryf (200 woorde), word die hele skryfstuk gelees en nagesien, maar die leerder word met 'n ½ kerf of 1 punt gepenaliseer.

9. As skryfstukke uit die vraestel saamgeflans word, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan S-. Kommentaar sal wees:
   - Geen eie werk nie.
   - Geen kommunikasie nie.
   - Saamgeflans.

10. As die leerder 'n gememoriseerde opstel onder 'n sekere onderwerp indwing, word die leerder ook gepenaliseer wat die inhoud betref. Die inhoud is dan verkeerd geïnterpreteer en moet as swak beskou word. Kommunikasie moet ook as swak beskou word. By die taalaspek word die gemiddeld van die taal van die ander twee skryfstukke geneem (aangesien ons weet dat dit die persoon se eie taal is).

11. As 'n onderwerp misgetas word, word die leerder ook streng gepenaliseer as dit by inhoud en kommunikasie kom ('n baie lae punt). Taal sal normaal nagesien word.

12. Simbole en punt(e) word regs onderaan die laaste bladsy van die skryfstuk en die groottotaal links bo-aan die begin van elke afdeling neergeskryf.

13. Hierdie metode van nasien word by alle skryfstukke toegepas.

14. Voorstel vir nasiensimbole:
^ Woord(e) weggelaat.

= Spelfout. (Dui asseblief direk onder spelfout aan.)

( ) Verkeerde woordorde. Nie nodig om reg te maak nie.

? of ξ Sinneloos; verstaan nie.

// Nuwe paragraaf/punktuasie/dui hoofletters, kommas, punte ens. aan.

**NB!** In alle kreatiewe skryfwerk hoef leerders wat inhoud betref hulle nie deur die leidrade te laat lei nie. Hulle kan hulle **eie idees** gebruik, solank dit net by die onderwerp pas.

## Resep vir prestasie in Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Nadat jy hierdie afdeling bestudeer het, het jy 'n goeie idee van die studiewenke wat nodig is om sukses te behaal in Afrikaans Eerste Addisionele Taal.

Jou volgende stap is om al die teorie van die vak te hersien en die volgende afdelings:

Afdeling 2: Luister en praat
Afdeling 3: Lees en kyk
Afdeling 4: Skryf en aanbied
Afdeling 5: Taalaspekte

Die laaste stap wat sal verseker dat jy presteer, is deeglike voorbereiding vir die eksamen.

Werk die 3 voorbeeldvraestelle uit in Afdeling 6.
Toets jou antwoorde met die memorandums wat verskaf word.

# HERSIENING: LUISTER EN PRAAT

## LUISTER EN PRAAT

Die luisterproses vind in drie stadia plaas:
**pre-luister:** hier bepaal jy die doel waarom jy luister
**luister:** luister, besin en evalueer
**post-luister:** besin oor aanbieding/gesprek
Luister vir spesifieke inligting

Luister, eerder as om net te hoor, is die sleutel tot enige intelligente respons op die wêreld rondom jou. In ’n wêreld waar tegnologie ’n eindelose hoeveelheid klank, stemme, musiek en gesprekke skep, is die vermoë om net te luister na dit wat betekenisvol of bruikbaar is, uiters belangrik. Soek dus gedurig betekenis in dit wat jy hoor en prosesseer hierdie inligting tot dit wat relevant vir jou is.

### Luister vir kritiese ontleding en evaluering

- identifiseer en interpreteer oorredings-, gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering
- onderskei tussen feite en menings
- reageer op styl, toon en register en evalueer korrek
- oordeel en lewer bewyse
- verstaan logiese volorde van inligting
- maak aannames en voorspel gevolge
- toon bewustheid van en interpretter toon, tempo en taalgebruik

### Luister vir waardering

Om ’n teks te waardeer, beteken om die waarde daarvan te bepaal, dit ten volle te geniet en te begryp. Waardering kan jou ook dankbaar maak vir dit wat eie aan jou is.
Goeie gesprekke is selde monoloë (wanneer slegs een persoon praat). Elke gespreksgenoot kry ’n beurt waarna daar na hom geluister word. Taal, gebare, oogkontak en liggaamstaal is uiters belangrike boustene vir ’n gesprek om te verseker dat daar na jou geluister sal word en wat dit vir jou aangenaam maak om na ander te luister.

Onthou, die oordra van inligting word bepaal deur die verhouding tussen taal en kultuur.

# HERSIENING: LUISTER EN PRAAT

## Praat/Gesels

Dit is belangrik dat jy leer hoe om gemaklik met mense te gesels. In 'n gesprek is daar mense wat praat en dié wat luister. Vir sommige van ons is dit maklik om met ander te gesels, vir sommige nie. Kyk na die volgende riglyne om jou te help:

**Probeer hierdie wenke as jy in 'n informele geselskap betrokke is:**

- Lees tydskrifte, koerante en boeke en kyk na aktuele programme op TV sodat jy iets het om oor te gesels
- As jy die mense ken met wie jy gaan gesels of saamwerk, vind vooraf uit oor hul belangstellings en kry inligting daaroor.
- Kry 'n paar vrae gereed sodat jy dadelik iets het om te vra en volg antwoorde op met nog vrae. (As jy met 'n meisie uitgaan wat mal is oor ballet, kry inligting van iemand wat jou kan inlig of doen naslaanwerk in die biblioteek)
- Goeie lyftaal sal help om die ander mense in die geselskap gemaklik te laat voel.
- Luister aandagtig na die spreker en kyk hom of haar in die oë.
- Antwoord beleefd op ander se vrae en brei uit waar nodig.

**Goeie maniere bevorder kommunikasie:**

- Die lees en stuur van sms'e in 'n geselskap is swak maniere.
- As jy 'n belangrike oproep verwag, sê vooraf vir die mense in die geselskap daarvan.
- Indien jou selfoon lui, maak verskoning en verlaat die geselskap; moet nooit jou gesprek in die geselskap voer nie. Kom gou weer terug.
- Vermy die gebruik van elektroniese toerusting sonder die toestemming van die geselskap. (neem foto's/video's, die opneem van inligting)
- Vermy grappies wanneer die gesprek oor ernstige sake gaan.
- Daar is sekere taboe-onderwerpe in goeie geselskap: bv. ouer mense se ouderdom, iemand se bankbalans, rassistiese grappies

    - Wees hoflik en praat duidelik in goeie Afrikaans.
    - Inisieer die gesprek en hou dit vol, maar moenie die gesprek oorheers nie.
    - Moenie 'n spreker in die rede val nie; wag jou spreekbeurt af.
    - Wanneer iemand by die geselskap aansluit, skep ook vir hom 'n spreekbeurt.
    - Respekteer en toon begrip vir ander se menings.
    - Stel jou standpunt en verdedig dit.
    - Bly kalm as iemand jou uitlok.
    - Wanneer 'n opmerking of vraag onduidelik is, vra die spreker om te verduidelik.
    - Betrek almal by die geselskap – ook die stilles.
    - Vra neutrale vrae om ongemaklike stiltes te verbreek.
    - Lei die gesprek altyd weer na die oorspronklike onderwerp terug.
    - Indien die gesprek of bespreking in 'n vergadering plaasvind, moet die voorsitter altyd aangespreek word.

AFDELING 2

# HERSIENING: LUISTER EN PRAAT

**Voorbereide toesprake**

Die formlele praatproses vind in drie stadia plaas:

- beplanning, navorsing en organisering
- voorbereiding
- aanbieding

**Beplanning:**

- gebruik die gepaste register, styl en toon volgens die gehoor, doel, konteks en tema
- gebruik toepaslike taal
- demonstreer kritiese taalbewustheid deur feite, menings, denotatiewe en konnotatiewe betekenis en geïmpliseerder betekenis te verduidelik
- gee uitdrukking aan waardes en houdings en toon bewustheid van partydigheid, stereotipering, gevoels-, oorredeings en manipulerende taal
- gebruik bronne en verwysingsmateriaal om die aanslag en akkuraatheid van aanbiedings te verhoog
- gebruik 'n treffende inleiding, dit trek en behou die aandag
- sorg dat jou inligting logies en chronologies is
- kyk na die skryf van 'n toespraak by Skryf en aanbied

Jou beplanning van jou toespraak vorm jou gedagtes.

**Voorbereiding:**

- sorg dat jy vertroud is met die inligting in jou toespraak
- sorg dat jy glo in dit wat jy gaan oordra
- ken jou toespraak se inhoud, nie noodwendig uit jou kop nie, maar sodat jy verstaan wat jy wil sê

**Aanbieding:**

- praat direk met die gehoor
- gebruik intonasie en frasering
- gebruik gepaste aanspreekvorme
- maak gebruik van verbale en nieverbale tegnieke soos toon, volume, stemprojeksie, tempo, frasering, oogkontak, gesigsuitdrukking, gebare en liggaamstaal om jou aanbieding te versterk

**Onvoorbereide toespraak**

- gebruik toon, stemprojeksie, tempo, oogkontak, liggaamshouding en gebare om jou te help in om aanklank by die gehoor te kry
- gebruik gepaste en doeltreffende woordeskat
- gebruik 'n effektiewe inleiding en slot

AFDELING 2

# HERSIENING: LUISTER EN PRAAT

## Onderhoud

Kyk by die Onderhoud by *Skryf en Aanbied*

Tydens die onderhoud, nadat jy goed voorbereid is:

- gebruik vraagstelling, oorreding, die afneem van notas, maak van opsommings, goeie luistervaardighede en nieverbale kommunikasie
- wees ingelig oor dit wat jy wil weet

**Onderhoudstegnieke:**

- stel jouself in die inleiding bekend en verduidelik die doel van onderhoud
- skep 'n vertrouensverhouding
- stel relevante en toepaslike vrae
- teken response aan vir latere gebruik
- bedank die persoon met wie die onderhoud gevoer is en kry kontakbesonderhede indien nodig

## Paneelbespreking

Elke spreker praat oor 'n bepaalde aspek van die onderwerp voor 'n gehoor.
Gebruik konvensionele/alledaagse/gewone uitdrukkings
Pligte van die voorsitter:

- handhaaf orde
- bestuur die tyd
- hou by die agenda
- moedig deelname aan
- bly neutraal
- vra vir voorstelle of stemme

Die opmerkings word nie vooraf beplan en geoefen nie, maar volg spontaan.

AFDELING 2

# HERSIENING: LUISTER EN PRAAT

## Debat

| | |
|---|---|
| • Resolusie: | die standpunt waaroor twee spanne redeneer |
| • Repliek: | verduidelik waarom een span van 'n ander span verskil |
| • Bevestigende sprekers: | stem bewysbaar saam met voorstel/resolusie |
| • Opponerende sprekers: | stem bewysbaar nie saam met resolusie nie |

### Debatsprosedures

- onderwerp en eerste argument word deur die eerste bevestigende spreker gestel
- eerste argument word deur die eerste opponerende spreker gestel
- tweede bevestigende spreker stel sy span se argument
- tweede opponerende spreker stel sy span se argument
- die bevestigende en opponerende spanne kry elk 'n pouse van 5 – 10 minute om hul repliek voor te berei
- elke span is verplig om hul teenstanders se argumente te weerlê en om hul eie saak te bevestig en te verdedig
- die opponerende span lewer twee replieke op die bevestigende span se twee argumente en stel hul eie twee redes
- die bevestigende span lewer twee replieke op die opponerende span se twee argumente en stel hul eie twee redes

AFDELING 3

# HERSIENING: LEES EN KYK

## LEES

Lees is 'n aktiwiteit met drie fases wat gebaseer is op onafhanklike luisterstrategieë vir die dekodering en begrip van tekste. Elke stap sal nie altyd gebruik word nie.

### LEESPROSES

- Pre-lees: dit stel die leerders aan die teks bekend en aktiveer assosiasies en vorige kennis.
- Lees: dit verwys na die verstaan van die teks en om nadere aandag te skenk aantaalkenmerke daarvan
- Post-lees: dit stel die leerders in staat om die teks as geheel te beskou en daarop te reageer.

### LEESTEGNIEKE en –STRATEGIEë

- Vluglees: lees vlugtig die opskrif en eerste sin van elke paragraaf/moontlike hoofgedagtes
- Soeklees: soek slegs vir spesifieke inligting (bv. 'n datum/naam/gebeure/nommer/ens)
- Maak voorspellings/lei betekenisse af/herlees en kyk weer/visualiseer/maak notas/verduidelik kwessies/maak afleidings en gevolgtrekkings/evalueer/vergelyk en kontrasteer/vorm sinteses
- hoof- en ondersteunende gedagtes: haal slegs die hoofgedagtes uit die leesstuk en skryf dit in die formaat soos gevra
- psomming: soos jy dit doen in diagramme/borrels/kleur/ens
- precis: hoofgedagtes in volsinne in EEN PARAGRAAF volgens 'n spesifieke aantal woorde
- puntsgewys: elke hoofgedagte genommer/nog steeds in enkelvoudige volsinne
- Kritiese taalbewustheid deur die volgende:
    - feit: dit wat bewysbaar is. Woorde soos: bewys/navorsing/navorser/studies /statistiek/ens. evestig 'n feit
    - mening: dit is nie statisties bewysbaar nie. Woorde soos: meen/dink/volgens iemand/glo/mense sê/ens. bevestig 'n mening
    - motiveer jou eie respons: dit kan gedoen word slegs as genoegsame kennis oor die leesstuk bestaan en die leser sy/haar respons daaruit kan formuleer
    - direkte en geïmpliseerde betekenis: daar word direk 'n stelling gemaak en wanneer iets geïmpliseer word beteken dit jy lei dit af a.g.v. dit wat gesê, of gedoen of moontlik geïnisieer is
    - donotasie: letterlike betekenis
    - konnotasie: figuurlike betekenis

- sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste en outeur: dit is belangrik om te weet uit watter agtergrond 'n teks geskryf is – dit verklaar baie van die betekenis van die teks, bv. 'n Kleurling digter se woordgebruik
- invloed wat seleksie en weglating op die betekenis van 'n teks het: dit wat in die teks geplaas is en dit wat om spesifieke redes uitgelaat is, moet die leser weet om die teks te kan verstaan bv. 'n skry wer wat in die tronk was sê dit nie in sy/haar teks nie, maar dit beïnvloed die teksbetekenis
- verhouding van mag en taal: die taal is magtig en woordgebruik het 'n magtige invloed om lesers/gebeure te beïnvloed/te manipuleer
- gevoels- en manipulerende tegnieke: dit beïnvloed die betekenis van die hele teks

## INTERPRETASIE VAN VISUELE TEKSTE

**(grafiese en visuele tekste)**

Visuele geletterdheid speel 'n groot rol in 'n verskeidenheid van tekste. Ontwerpers van advertensies gaan byvoorbeeld baie slim te werk deur van verskillende mediums gebruik te maak om sodoende 'n bepaalde boodskap oor te dra, bv.

- **Lettergrootte en lettertipe**: hoe groter die letters, hoe meer aandag sal daarop gevestig word. Belangrike gedagtes of woorde kan deur lettergrootte uitgehef en sodoende beklemtoon word. Die spesifieke lettertipe wat gebruik word, sluit gewoonlik aan by die boodskap van die teks. Indien die teikenmark van 'n advertensie byvoorbeeld jong kinders is, kan die lettertipe moontlik in 'n kinderlike handskrif aangebied word.
- **Hoof- en sub-opskrifte**: is gewoonlik die grootste en verskeie maniere (soos kleur en lettergrootte) word aangewend om hierdie opskrif te laat uitstaan. Die hoofopskrif moet die leser se aandag trek om sodoende te verseker dat die res van die teks ook gelees word. Die sub-opskrif is kleiner en word gebruik om meer inligting aan die leser te verskaf.
- **kleurgebruik**
- **spesifieke praatborrels**
- **suggesties:** bv. rook wat trek suggereer iets wat brand
- **spotprent:** alles op 'n spotprent moet in ag geneem word wanneer die betekenis daarvan bepaal word (die skematiese voorstellings is in die plek van geskrewe paragrawe)

AFDELING 3

# HERSIENING: LEES EN KYK

Om ’n teks maksimaal te kan interpreteer, moet daar na alle moontlike inligting gekyk word en die doel daarvan verstaan word.

### WOORDESKATONTWIKKELING EN TAALGEBRUIK

Literêre begrippe sal hierna gegee en verklaar word, maar alle verdere begrippe onder dié opskrif word deeglik onder Geïntegreerde taal  en Skryf en aanbied bespreek.

Die woordeskat en taalgebruik is slegs van waarde en betekenis binne ’n spesifieke konteks.
Beeldspraak en stylfigure word slegs behandel soos wat dit in die gekose tekste voorkom.

## KENMERKE VAN LETTERKUNDE TEKSTE

| Literêre begrip | Betekenis | Voorbeeld |
|---|---|---|
| idiomatiese uitdrukkings | vaste uitdrukkings – eie aan ’n taal | noustrop trek |
| spreekwoorde | kort gesegde waarin gewoonlik ’n les ingesluit is | môrestond het goud in die mond |
| retoriese vraag | vraag sonder direkte antwoord – leser word gedwing om oor saak te dink | wie het nie die afgelope week gesondig nie? |
| **Literêre begrip** | **Betekenis** | **Voorbeeld** |
| | **Beeldspraak** | |
| vergelyking | twee dinge word vergelyk o.g.v. twee of meer ooreenkomste deur nes, net soos, soos en as te gebruik | hy lyk nes ’n nat hoender |
| metafoor | ’n beknopte vergelyking, daar word egter nie gesê iets is soos ’n ander nie, maar dit IS die ander | hy is ’n jakkals (’n skelm) |
| personifikasie | nie-menselike voorwerp kry menslike eienskappe | die wind huil |
| | **Stylfigure** | |
| metonimia | ’n saak word benoem volgens dit wat daarmee geassosieer word | die ketel kook (bedoelende die water kook) |
| klanknabootsing | nabootsing van klanke | die kar maak “brrrrrrr” |
| hiperbool | oordrywing | die water was so veel soos ’n oseaan |
| kontras | twee sake word in teenstelling met mekaar geplaas om ’n beeld duideliker na vore te bring | swart en wit |

# HERSIENING: LEES EN KYK

| Literêre begrip | Betekenis | Voorbeeld |
|---|---|---|
| ironie | die teenoorgestelde gebeur as wat verwag word | die beste elektrisiën is dood geskok |
| satire | spot met verskynsels wat nou in die samelewing voorkom | Afrikaners is taalsnobiste maar praat meer Engels |
| humor | komiese/snaakse | |
| sarkasme | dit wat bedoel word, word direk gesê om die spot/ontevredenheid aan te dui | Gee jy dan die antwoord, jy is mos so slim |
| antiklimaks | wanneer iets belangriks omgeswaai word na iets nietigs | die held in ’n film word skielik die boef |
| klimaks | hoogtepunt | |
| simboliek | om ’n abstrakte begrip konkreet uit te beeld | ’n wit duif in die plek van vrede |
| eufemisme | versagting – laat iets onaangenaams met ’n mooier woord beter klink | verwissel die tydelike met die ewige (as iemand dood is) |
| litotes | word gebruik om ware/valse beskeidenheid uit te druk | verwys na sy duur motor as ’n “ou karretjie” |
| sinekdogee | gedeeltelike benoeming – net ’n onderdeel word genoem maar die geheel word geïmpliseer | hy is met sy raket hier uit (impliseer dat hy gaan tennis speel) |
| sinestesie | sintuiglike verwarring – jy ervaar iets met ’n ander sintuig as die normale | jy ruik die groen gras |
| antitese: | teenstelling waar twee uiterstes teenoor mekaar gestel word | in die songloed van ons somer,<br>in ons winternag se kou |
| • paradoks | • ’n skynbare teenstelling – by nadere ondersoek het die twee dinge wel iets met mekaar te doen | • wit duisternis |
| • oksimoron | • opsetlike bymekaarplaas van twee teenstrydige woorde | • siende blind/horende doof |
| antonomasia | wanneer ’n eienaam as gebruiksnaam gebruik word | koop Skip ook asb (bedoelende wasgoedseep) |
| elisie | weglating van ’n lettergreep om by ritme in te skakel | kyk daar’s druppels op jou mou |
| woordspeling | woorde kan binne sekere kontekste verskillende betekenisse hê | die rys/reis was lekker |
| stemming | gemoedsgesteldheid/atmosfeer van ’n situasie | |
| Innerlike bou van ’n gedig | | |
| woordkeuse | elke woord in ’n gedig moet presies inpas om maksimale trefkrag/betekenis te hê | |

# AFDELING 3

# HERSIENING: LEES EN KYK

| Literêre begrip | Betekenis | Voorbeeld |
|---|---|---|
| refrein | dieselfde woorde wat telkens na ’n strofe herhaal word | |
| herhaling | word gebruik om gevoelens van hartseer/vreugde/eensaamheid/ens aan te dui of om kernbegrippe te beklemtoon | |
| tipografie | dit is hoe die gedig gedruk is – m.a.w. die bou van die gedig<br>• strofebou<br>• versbou<br>• inversie<br>• inkeping<br>• leestekens<br>• tipografiese wit<br>• alleenplasing<br>• skuinsdruk<br>• titel en subtitel | |
| emosionele reak-sies | woordjie “O” lok emosie uit | |
| woordkeuse | elke woord in ’n gedig het ’n spesifieke doel en betekenis | |
| punktuasie:<br>• punt (.)<br>• kommapunt (;)<br>• komma (,)<br>• aandagstreep (-)<br>• hakies ( )<br>• dubbelpunt (:)<br>• ellips (...)<br>• uitroepteken (!)<br>• hoofletters (H)<br>• skuinsdruk (*i*) | <br>• sluit ’n bepaalde gedagte/frase af<br>• kerngedagte word geïsoleer<br>• pouse word geskep wat soms as uitheffingstegniek dien<br>• vestig aandag op verdere inligting/dui parentese aan<br>• dui parentese aan<br>• verduideliking volg/direkte rede<br>• onvoltooide stelling/suggestie (ook beletselteken genoem)<br>• verleen trefkrag aan sekere gedagte<br>• beklemtoon woord<br>• aanhaling/beklemtoning van woorde | |
| toon | stembuiging/manier van praat/intonasie | |
| progressie | vordering t.o.v. tyd/gebeure/emosies/individue tot groepe/vreemdelinge tot bekendes | |
| inversie | belangrike woorde staan op ’n ander plek as wat die normale woordorde sou vereis | |
| **Uiterlike bou van ’n gedig** | | |
| versreëls | een reël in ’n gedig (nie ’n sin nie) | |
| strofes | versreëls wat saam gegroepeer is in ’n gedig – strofes bestaan uit verskillende versreëls:<br>• twee versreëls : koeplet<br>• drie versreëls : tersiene<br>• vier versreëls : kwatryn<br>• vyf versreëls : kwintet<br>• ses versreëls : sekstet<br>• agt versreëls : oktaaf | |

AFDELING 3

# HERSIENING: LEES EN KYK

| Literêre begrip | Betekenis | Voorbeeld |
|---|---|---|
| rympatrone | volrym: binnerym (woorde wat in een reël met mekaar rym)<br>eindrym: paarrym (aabb)<br>kruisrym (abab)<br>omarmende rym (abba)<br>slagrym (aaaa)<br>gebroke rym (rym is wel teenwoordig/ sonder vaste patroon) | |
| rym | woorde in die rymsposisie word uitgehef | |
| ritme/metrum/ versmaa | deur die klem op opeenvolgende woorde te laat val, word sekere woorde/ betekenisse uitgehef | |
| tipografiese wit | wit gedeeltes tussen paragrawe/strofes: dui 'n verandering aan | |
| halfrym | alliterasie: herhaling van dieselfde konsonant<br>assonansie: herhaling van dieselfde vokaal<br><br>• kernwoord word aan die hand van dieselfde klank uitgehef<br>• bepaalde atmosfeer word geskep/versterk<br>• versterk musikaliteit van 'n gedig | |
| enjambement | een reël gaan oor na 'n ander sonder 'n leesteken<br>• verdoesel die eindrym<br>• bevorder vloeiendheid<br>• versnel tempo<br>• bind verse en strofes tot 'n eenheid<br>• woord aan die begin van 'n reël word uitgehef | |

# HERSIENING: LEES EN KYK

## POëSIE

Daar is twee kernvrae wat leerders oor 'n gedig moet vra:

**Wat word gesê?**

**Hoe weet ek dit?**

Die tweede vraag dien as motivering op die eerste vraag en tog is daar nie altyd finaliteit met betrekking tot die interpretasie van 'n goeie gedig nie.

### Tema en boodskap:

Die tema van 'n gedig is die sentrale boodskap, kerngedagte of lewenswaarheid wat die digter met die skryf van die gedig wil oordra. Die tema is nie gebind aan tyd, plek of karakters nie. Jy mag byvoorbeeld nooit na spesifieke karakters in jou tema verwys nie. Dis 'n universele boodskap wat op enige persoon van toepassing kan wees.

### Soorte gedigte:

| | | |
|---|---|---|
| Verhalende gedigte lees soos 'n storie | Ballade | Dit is 'n verhalende gedig, met of sonder 'n refrein* |
| | Epos/Heldedig | Dit is 'n verhalende gedig waarin heldedade of die lewens van gode breedvoerig beskryf word.<br>Bv. Raka (NP van Wyk Louw) |
| | Dramatiese monoloog/ Alleenspraak | Dit is 'n verhalende gedig waarin die spreker met homself in gesprek tree. |
| Liriese gedigte gaan meer om die emosie van die digter | Sonnet | Dit is 'n gedig met 'n vaste vorm en 14 versreëls. Daar is twee vorme van die sonnet: Engels/Shakesperiaans en Italiaans/Petrarcaans. |
| | Ode/Loflied | Dit is 'n liriese lofdig oor 'n spesifieke onderwerp, bv. die liefde. |
| | Elegie/Klaaglied/ Lykdig/ Treursang/Treurdig | Dit is 'n gedig oor die dood van 'n geliefde. |
| | Haikoe | Dit is 'n liriese digvorm wat in Japan ontstaan het en bestaan uit drie kort versreëls sonder rym. Reël 1 het vyf lettergrepe, reël twee 7 en reël drie 5 lettergrepe. |
| Ander digsoorte | Vrye vers | Geen funksionele leesteken- en hooflettergebruik.<br>Geen vaste rymskema<br>Versreëls en strofes nie ewe lank nie<br>Praatpoësie |
| | Blanko vers | Dit is 'n gedig sonder rym. |
| | Limeriek | Dit is 'n grappige, kort vers van vyf reëls. Die rymskema is aabba. |
| | Parodie | Dit is 'n gedig wat 'n ander ernstige gedig naboots en grappig van aard. |
| | Hekeldig/Spotdig | Dit is 'n gedig waarin daar gespot word met euwels van die samelewing. |

AFDELING 3

# HERSIENING: LEES EN KYK

## DRAMA

Drama het te doen met beweging, stem, lig en donker, interaksie, handeling en opvoering. Voordat ons na die bou van 'n drama kyk, is daar belangrike woordeskat, wat met 'n drama verband hou, wat jy moet ken.

- 'n **Dramaturg** is die skrywer van 'n drama.
- Voor in elke drama is daar 'n lys van al die karakters wat in daardie betrokke drama speel. Dit word die **dramatis personae** genoem.
- 'n Dramateks word verdeel in **bedrywe** en die bedrywe word weer in **tonele** verdeel.
- Die **toneelaanwysings** gee vir die leser 'n verduideliking van hoe die stel lyk en waar die toneel plaas vind.
- **Dekor** is die versierings wat geskep word om die plek waar die toneel afspeel, voor te stel.
- Alle ekstra benodigdhede behalwe die dekor word die rekwisiete genoem.
- Die drambateks bestaan uit die **hoofteks** (die dialoog) en die **neweteks** (aanwysings in kursief gedruk).

Dit is belangrik dat ons die bou van die drama ten volle verstaan.
Die **intrige of die plot** word gevorm deur die botsing tussen die twee strydende partye in die drama. Dit lei tot die spanning in die drama.

Daar is **ses fases** wat in 'n drama geïdentifiseer kan word.

1. **EKSPOSISIE (UITEENSETTING)**
   In hierdie eerste fase maak die leser kennis met al die noodsaaklikste besonderhede bv. die karakters en hul verhoudings tot mekaar, die tyd en die ruimte waarin die drama afspeel.

2. **MOTORIESE MOMENT**
   Dit is die oomblik wat die gebeure aan die gang gesit word. Sonder 'n motoriese moment, kan die res van die drama nie plaasvind nie. Dink bv. aan Rooikappie. Indien haar ma haar nie met die mandjie eetgoed na Ouma toe gestuur het nie, sou die Wolf haar nooit raakgeloop het nie en sou die res van haar wandeling deur die bos sonder voorval verloop het.

3. **ONTWIKKELINGSFASE**
   Die ontwikkelingsfase is waar die verloop van die drama plaasvind. Hier wil dit voorkom asof 'n botsing tussen die twee opponerende magte onafwendbaar is.

# HERSIENING: LEES EN KYK

**4. KRISISFASE**
Tydens hierdie fase vind daar uiterlike of innerlike botsing vanweë verskillende denkwyses plaas.

**5. KLIMAKS (HOOGTEPUNT)**
In die klimaks bereik die botsing ’n breekpunt. Tydens hierdie fase moet daar gewoonlik ’n keuse gemaak word of een van die partye sal as wenner uit die stryd tree.

**6. ONTKNOPING**
Hier is daar ’n duidelike afname in spanning voor die slot en dit val gewoonlik saam met ’n oplossing. Die drama neem ’n wending na een of ander kant toe.

| ASPEKTE IN DIE DRAMA WAT HELP OM DIE TEKS TE BEVORDER | |
|---|---|
| karakterisering: | die manier hoe die akteur die spesifieke karakter vertolk om die karakter so ver moontlik lewensgetrou weer te gee |
| vertellers/vertellersperspektief: | die akteurs wat die karakters vertolk, is die vertellers |
| tema en boodskap: | dit is die sentrale boodskap, kerngedagte of lewenswaarheid wat die skrywer wil oordra. Die tema is nie gebind aan tyd, plek of karakters nie. Jy mag byvoorbeeld nooit na spesifieke karakters in jou tema verwys nie. Dit is ’n universele boodskap wat op enige persoon van toepassing kan wees |
| agtergrond/milieu: | die verhoog en dekor |
| intrige en subintrige: | (dit is die ses fases hierbo genoem) reeks gebeurtenisse/situasies in ’n verhaal wat tot ’n klimaks ontwikkel – dit help om ’n spanningslyn daar te stel |
| ironiese wending/afloop: | die teenoorgestelde van wat verwag word, gebeur en dit bring ’n wending (draai) in die verhaal mee |
| toneelaanwysings/subteks: | dit wat in hakies in die teks gegee word sodat die regisseur en akteurs presies weet wat die dramaturg verwag |
| dialoog: | gesprekke tussen mense |
| monoloog: | wanneer een karakter ’n “gesprek” met die gehoor voer |
| dramatiesse ironie: | wanneer die gehoor of leser weet wat gaan gebeur, maar die betrokke karakter weet nie wat gaan gebeur nie |
| handeling: | die optrede van die karakters |
| tyd: | die tyd wat dit neem om die drama op te voer/wanneer drama geskryf is |

AFDELING 3

# HERSIENING: LEES EN KYK

## ROMAN/KORTVERHALE

Alle kulture en die meeste mense se lewe bestaan uit stories. Die genot om ’n goeie storie te lees, bly die belangrikste.

| ASPEKTE IN DIE ROMAN/KORTVERHAAL WAT HELP OM DIE TEKS TE BEVORDER | |
|---|---|
| karakterisering: hoe leer ons ’n karakter ken?<br>vier karakteriseringstegnieke:<br>• deur dit wat die karakter self sê<br>• deur dit wat die karakter doen<br>• deur dit wat die ander karakters van hom/haar sê<br>• deur dit wat die verteller van hom/haar sê | |
| karakters:<br>• **Hoofkarakter:** Die hoofkarakter is die sentrale figuur waarom die gebeure draai. Hy word die beste belig in die verhaal. Hy ondergaan karakterontwikkeling in die verhaal. Dit is die persoon wat die leser die beste leer ken en wie se innerlike en uiterlike die beste uit gebeeld word. Die persoon bly konstant op die voorgrond en is die middelpunt van die ander karakters se gesprekke en ged agtes. Hoofkarakters word soms ook ronde karakters genoem.<br>• **Newekarakters:** Newekarakters is bykomende karakters wat in die verhaal betrek word om die hoofkarakter te belig en die verhaalgebeure te bevorder. Hulle help om gestalte te gee aan die milieu waarin die hoofkarakter beweeg en verskaf die moontlikheid van botsing of konflik waarin die hoofkarakter sy innerlike kan openbaar. Die newekarakters ondergaan geen noe menswaardige karakterontwikkeling nie. Newekarakters word ook plat karakters genoem. | |
| karakterontwikkeling: | daar vind verdieping by 'n karakter plaas/die karakter kom tot ander insigte |
| vertellers/vertellersperspektief/<br>eerstepersoonsverteller: | karakter in verhaal en vertel uit eerstepersoonsperspektief, ook ek-verteller genoem |
| derdepersoonsverteller: | nie ’n karakter nie, vertel verhaal uit derdepersoonsperspektief en moet by die situasie/karakter wees om te kan vertel |
| alomteenwoordige verteller: | nie ’n karakter nie, vertel verhaal uit derdepersoonsperspektief MAAR<br>hoef nie by die situasie/karakter te wees om dit te vertel nie |
| tema en boodskap: | soos by drama |
| agtergrond/milieu: | Dit is die plek of agtergrond waar ’n verhaal afspeel, bv. kleredrag/tegnologie/geldeenheid/ens. Dit bepaal baie keer ’n karakter se gemoedstoestand en optrede. Soms ondersteun die ruimte die emosies en gevoelens van ’n karakter |
| intrige en subintrige/spanningslyn: | soos by drama |
| ironiese wending/afloop/stemming: | soos by drama |
| innerlike konflik: | Dit vind plaas wanneer daar konflik in die karakter se gemoed is, wanneer hy bv. ’n geestelike, emosionele of morele wroeging beleef. |
| uiterlike konflik: | Hierdie soort botsing kan fisies van aard wees, soos byvoorbeeld ’n vuisgeveg, of dit kan iets wees soos argumente en redenasies, selfs ’n kyk vol haat of verwyt. |
| tydsverloop/chronologie:<br>terugflitse:<br>terugspronge: | opeenvolging van tyd<br>flitse na gebeure/mense in verlede, maar keer dadelik terug na storie<br>dit waarheen teruggespring word, word nou vertel/verduidelik |
| verteltyd:<br>bladsye\|) | hoe lank dit vat om die verhaal te vertel/te lees (tyd of aantal |
| vertelde tyd: | in watter tyd is die verhaal geskryf (verlede/teenwoordige tyd)/<br>tyd waarin vertel word. |

# HERSIENING: LEES EN KYK

## FILMSTUDIE

Alhoewel die hantering van ’n film dieselfde onderrigpatroon as dié van ’n drama/roman kan hê, verdien die begrip *kinematografiese tegnieke* spesiale aandag. Om ’n film aandagtig en akkuraat te “lees”, hang grootliks af van die mate waartoe die kyker bewus is van die volgende aspekte:

**Dialoog in die film:**

- Dialoog dui op die verbale kommunikasie tussen karakters.
- Die karaktereienskappe van ’n persoon kan uit sy dialoog afgelei word, daarom moet die draaiboekskrywer baie aandag skenk aan die juiste woord.
- Die dialoog moet aanpas by die situasie waarin die karakter hom bevind.
- Die dialoog moet ook in ooreenstemming met die handeling wees.
- Dialoog in die film moet by die tema aansluit.
- Leon van Nierop, bekende resensent sê die volgende oor dialoog:
  - Daar moenie te veel dialoog wees nie. Die minimum dialoog moet gebruik word om ’n hele wêreld te skep.
  - Die krag van die stem en oë is dikwels genoeg om emosie oor te dra – is woorde dan nog nodig?
  - Minder dialoog, maar die manier waarop dit oorgedra word, het meer effek.
  - Woorde is kommunikasie, maar daar kan ook gekommunikeer word sonder woorde.

**Handeling in die film:**

- Handeling in die film dui op die optrede van die karakter, byvoorbeeld sy liggaamshouding en die bewegings wat hy uitvoer.
- Die handeling van die persoon is karakteropenbarend, met ander woorde hoe ’n persoon in ’n sekere situasie optree, sê vir die kyker watter soort persoon hy is.
- Handeling en dialoog moet nou by mekaar aansluit.
- Handeling, sonder dialoog, word dikwels in films as enigste manier van kommunikasie aangewend, byvoorbeeld gesigsuitdrukkings, afwerende of uitnodigende handgebare ens.
- Die regisseur is in beheer van die hele film. Hy laat die kyker deur sy regie sien wat hy wil hê gesien moet word. Sodoende help hy met die interpretasie van die teks, volgens Leon van Nierop. Die regisseur sal dus ook die handeling van die karakters haarfyn uitwerk.

**Skok: (hoe dit geskep word?)**

Dit word geskep deur klank, musiek, vae beelde, agterplasing, dramatiese ironie en kleurgebruik

# HERSIENING: LEES EN KYK

## Kinematografiese tegnieke

| | |
|---|---|
| • kleur: | • helder kleure: trek dadelik die kyker se aandag<br>• kleur as ’n motief: bv. ’n kind wat verdrink het ’n rooi jassie aan – later laat dink alle rooi klere die kyker aan ’n tragedie<br>• swart en wit: dit dra by tot die betekenis van die film en later lyk dit of die swart-en-wit-film in kleur is |
| • onderskrifte: | Die dialoog wat in skrif onderaan die beeld verskyn in die taal van keuse |
| • komposisie: | Dit is die rankskikking van beelde en beweging in ’n spesifieke verhouding tot mekaar in ’n spesifieke spasie/raam |
| • dialoog: | D.m.v. die dialoog tussen karakters gee die regisseur die belangrikste inligting van die film deur aan die kyker<br>Dialoog moet egter so ekonomies moontlik gebruik word – dit moenie vertel dit wat die kyker reeds sien nie |
| • musiek: | Dit beklemtoon die atmosfeer wat die regisseur daar wil stel<br>Dit wek sekere emosies op/kan die kyker inspireer/waarsku jou soms op naderende gevaar/dit kan spanning skep of verlig |
| • klank: | Dit skep die atmosfeer – bv. klanke het baie keer ’n groter impak op die kyker as die beelde wat gesien word |
| • beligting: | Die hoeveelheid lig wat op die beeld is, beklemtoon dit wat die regisseur wil hê die kyker moet sien, bv. die helfte van die man se gesig is sigbaar en die ander helfte is in donker gehul/die voorgrondkarakter is in rook gehul en die agterste karakter is dof – albei hierdie beelde skep spanning |
| • redigering: | Dit beteken die aanmekaar sit van een fotoskoot/reekse skote op die mees effektiewe manier<br>Die seleksie skote, die tydsberekening en plasing van skote maak of breek ’n film |
| • rame: | Dit is die beeld wat op ’n spesifieke oomblik op die skerm sigbaar is |
| • kameraskote: | Die regisseur maak van verskillende kameraskote gebruik om ’n stelling te maak:<br>• Verskoot – ’n groot area word gesien en nie al die karakters in detail nie<br>• Mediumskoot – gewoonlik in die meeste dele van ’n fliek<br>• Nabyskoot – fokus op die karakter of objek |
| • kamera - beweging: | Verskillende tegnieke word gebruik om sekere beelde te skep:<br>• Volgskoot: Die kamera volg die bewegende karakter<br>• Kantelbeweging: Die kamera word gedraai (gekantel) van horisontaal na vertikaal.<br>• Rolwaskoot: Die kamera is gemonteer op ’n karretjie/waentjie en beweeg saam met die beweging van die karakter.<br>• Swaaibeweging: Vinnige en stadige swaaibewegings word gebruik om verskillende effekte te verkry. |
| • voorplasing: | Gewoonlik die belangrikste deel/karakter van die spesifieke raam/toneel |
| • agterplasing: | Dit wat die kyker slegs vaag in die agtergrond kan waarneem – nie baie duidelik nie<br>Skep ’n gevoel van afwagting/vrees/verrassing |

Bron: Leon van Nierop, *Seeing Sense on Film Analysis*, 1998

AFDELING 4

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

## SKRYFPROSES

’n Mens kry ’n keuse van temas waaroor jy kan skryf. Voordat jy een kies en sommer net begin skryf, is daar ’n proses wat jy moet volg om sodoende die beste opstel te skryf. Hier volg die prosesse:

Jy het bv. die volgende drie temas gekry en weet glad nie watter een om te kies nie. Doen **BREINSTORMS** met al drie. (’n Breinstorm beteken jy skryf ENIGIETS neer wat in jou kop kom nadat jy die gegewe tema gesien het - moenie redes/verbande soek nie, skryf net soveel as moontlik idees neer)

|  |  | **Die dag op die berg . . .** |
|---|---|---|
| graadkry<br>swot<br>matriek<br>vakkeuses<br>matriekvakansie<br>lees<br>werk<br>trou<br>vrou en kinders<br>toekomsplanne | sportsoorte<br>span<br>kaptein<br>sportbeurse<br>Springbokkleure<br>toernooie<br>vakansieromanse<br>beserings<br>balans | vakansie<br>boer<br>grot<br>verkluim<br>bergwater<br>verdwaal<br>abseiling<br>verlief/verlowing<br>beloning<br>wild<br>wilddiewe |

Besluit nou op een van die temas en besluit oor watter onderwerp wat in jou breinstorm staan, jy wil skryf. Kyk of daar aspekte is wat bymekaar pas/of aansluit.

Nou maak jy ’n **BREINKAART** met jou onderwerp as middelppunt.  Maak bene vanuit die onderwerp met onderafdelings - soveel as moontlike idees waaraan jy kan dink. Nou moet jy jou geskrewe idees begin orden en in volgorde begin skryf.

Formuleer ’n **TITEL**. Byvoorbeeld: **My toekomsplanne**

**AFDELING 4**

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

**opvoeding**
wat kort ek om my droom te verwesenlik?
het ek die regte vakke?
is ek in die regte skool?

**ambisie**
wat wil ek bereik?
wat is my droom?
hoe gaan ek dit bereik?

**belangstellings**
watter van my belangstellings gaan help om my droom te kry?
wat moet ek hieromtrent doen?



**mense**
het ek mense nodig om my droom te verwesenlik?
wie is die mense en waarom hulle?
wat moet ek doen sodat hulle my kan help?

**werksgeleenthede**
watse werk gaan ek doen?
waar gaan ek werk kry?
is dit betalend?
is dit wat ek wil doen/ is dit my droom?

Onder elkeen van hierdie punte skryf jy jou idees wat jy daaroor wil sê neer.
Dit vorm dan jou paragrawe.
Jou skryfstuk kan jy vergelyk met ’n SPYSKAART. Die voorgereg, hoofgereg en nagereg word tog nie alles op een bord aangebied nie, so moet jou paragrawe ook wees - elke ander aspek in ’n ander paragraaf maar dit moet bymekaar aansluit.

**Nou begin ons met die** PARAGRAWE.

**Inleidingsparagraaf:**

Hierdie paragraaf is gewoonlik kort, treffend en plaas jou onmiddellik in die atmosfeer van dit wat jy nou wil skryf - jou inleidingsparagraaf maak of breek op skryfstuk

**Paragrawe:**

Die res van die paragrawe volg nou op mekaar soos wat jy dit beplan het: soos jy beplan het die verloop van jou skryfstuk gaan wees
Onthou dat die verskillende paragrawe oor verskillende aspekte van dieselfde onderwerp moet handel en gebruik woorde wat die onderskeie paragrawe by mekaar laat aaneenskakel. (As jy oor rugby skryf en daar is een paragraaf waar jy jou vakansie by die see beskryf, moet daar ’n definitiewe aanduiding wees hoe hierdie twee paragrawe by mekaar inskakel)

**Slotparagraaf:**

In die slotparagraaf kom jy by ’n gevolgtrekking/afsluiting/samevatting van dit wat jy geskryf het. Die slotparagraaf beeld gewoonlik jou gevoel oor jou hele skryfstuk uit en wat belangrik is, die paragraaf moet maak dat jou hele skryfstuk in die leser se gedagtes “hang”/bly.

**Wenke vir die skryf van ’n eerste poging:**

- Gebruik hoof- en ondersteunende idees vir effektiewe beplanning
- Skryf ’n eerste poging en hou die doel, gehoor, onderwerp en genre in gedagte
- Lees jou eerste poging krities en kry terugvoer van ander (maats)
- Kies gepaste beskrywende woorde, frases en uitdrukkings wat die regte stemming skep en die teks duidelik en lewendig maak
- Let veral op die volgende:
  Paragrawe: Skryf die kernsin en dan ondersteunende idees
  Woordkeuse: Gebruik ’n wye verskeidenheid werkwoorde, byvoeglike naamwoorde en bywoorde om spesifieke interpretasies, besonderhede en ’n lewendige beskrywing aan jou opstel te gee.

Sodra jy jou hele skryfstuk klaar geskryf het, **LEES** dit weer deur en kyk vir die volgende:

- pas jou onderwerp by jou tema (die aanvanklike prenjite/aanhaling wat jy ontvang het)
- onnodige taal- en struktuurfoute
- of elke paragraaf oor ’n ander aspek van jou onderwerp handel
- pas elke paragraaf by jou onderwerp
- skakel die paragrawe by mekaar aan
- is jou inleidings- en slotparagrawe treffend en dien dit ’n doel

Maak gebruik van woordeboeke indien jy steeds twyfel oor die regte betekenis of spelvorm van woorde.

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

## DIE BESKRYWENDE OPSTEL

Met 'n beskrywende opstel/beskrywing wil 'n persoon gewoonlik 'n sekere atmosfeer of stemming skep.

- Waak daarteen dat jou beskrywende opstel nie bloot verhalend word nie.
- Waak teen die oormatige gebruik van byvoeglike naamwoorde – elke byvoeglike naamwoord wat jy gebruik, moet deeglik gemotiveer wees.
- Jou beskrywing kan realisties wees, maar dit kan ook die verbeelding prikkel of slegs as versiering dien.
- Moenie net opnoem nie, maar toon insig en begrip en gee jou eie belewing weer.
- Jy mag jou eie gevoelens oor die beskrywing gee.
- Beskryf plekke, gebeure en karakters lewensgetrou volgens hul uiterlike en innerlike.
- Gebruik beeldspraak, idiome en spreekwoorde oorspronklik.
- Bestee baie aandag aan sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering.
- Deeglike beplanning is noodsaaklik!

Die onderstaande paragraaf is 'n uittreksel uit 'n beskrywende opstel. Lees dit deur en identifiseer die sintuie wat vir die beskrywing ingespan word, asook die atmosfeer wat deur die spesifieke woordkeuse geskep word:

*"Dis vyfuur. Die strand is verlate. In die ooste begin die horison net-net rooi verkleur. Die oseaan lê spieëlglad, wagtend op die nuwe dag. Die ligte bries is koel en waai die soutmis van die see teen my lippe aan. Klam, koue seesand kleef aan my voetsole vas, kriewel tussen my tone. In die lug hang die verrottende geur van brokstukke wat in die nag uitgespoeg is. Branders donder teen sensitiewe oortromme. Onophoudelik. Oorverdowend. Die strand is verlate. Eensaam. Kil. Ek kyk om. Agter my lê 'n enkele ry spore. Verlate... Eensaam... Kil..."*

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

| BESKRYWENDE OPSTEL: KONTROLEVORM | | |
|---|---|---|
| | **JA** | **NEE** |
| **Struktuur** | | |
| Is daar 'n opskrif/titel? | | |
| Is daar reëls oop tussen paragrawe? | | |
| **Inhoud** | | |
| Is daar sintuiglike waarnemings in die opstel? | | |
| Is plekke/gebeure/karakters lewensgetrou beskryf? | | |
| Is daar drie of meer kere gebruik gemaak van beeldspraak/idiome/ spreekwoorde | | |
| Is hierdie 'n beskrywende opstel of word dit verhalend? | | |
| **Taal** | | |
| Gee drie punte vir vyf of minder spelfoute<br>Gee twee punte vir ses tot agt spelfoute<br>Gee een punt vir nege tot twaalf spelfoute<br>Gee 'n nulpunt vir meer as twaalf spelfoute | | |
| Gee een punt vir vyf en minder taalstuktuurfoute<br>Gee 'n nulpunt vir ses en meer taalstruktuufoute | | |
| **TOTAAL uit 10** | | |

## DIE ARGUMENTERENDE OPSTEL

'n Argumenterende opstel stel 'n argument vir of teen iets. Die skrywer het 'n spesifieke mening/opinie oor 'n saak en argumenteer daaroor deur sy/haar standpunt te motiveer.

- dit gaan hier oor subjektiewe redenerings wat die skrywer gebruik om sy/haar standpunt te regverdig
- die argument wat in dié opstel aangevoer word, word reeds in paragraaf 1 gegee
- eie menings moet op 'n oorspronklike en treffende manier gegee word
- definitiewe opinies word gegee
- gee standpunte om argumente te motiveer
- gevoelstaal mag gebruik word, maar krutaal is onaanvaarbaar
- die slot moet sterk, duidelik en oortuigend gegee word – dit sluit die argument af

Uit: *SELF-STUDIEGIDS van Nasionale Departement van Onderwys,* Oktober 2009.

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

| ARGUMENTERENDE OPSTEL: KONTROLEVORM | | |
|---|---|---|
| | JA | NEE |
| **Struktuur** | | |
| Is daar ’n opskrif/titel? | | |
| Is daar reëls oop tussen paragrawe? | | |
| Inhoud | | |
| Word die argument duidelik in die eerste paragraaf gegee? | | |
| Is die skrywer oortuig van sy/haar saak? | | |
| Word argumente oortuigend bewys/gemotiveer? | | |
| Is die slot sterk/duidelik/oortuigend? | | |
| **Taal** | | |
| Gee drie punte vir vyf of minder spelfoute<br>Gee twee punte vir ses tot agt spelfoute<br>Gee een punt vir nege tot twaalf spelfoute<br>Gee ’n nulpunt vir meer as twaalf spelfoute | | |
| Gee een punt vir vyf en minder taalstuktuurfoute<br>Gee ’n nulpunt vir ses en meer taalstruktuufoute | | |
| **TOTAAL uit 10** | | |

## DIE VERHALENDE OPSTEL

Die verhalende opstel handel oor die aanbied van ’n reeks gebeure in ’n sinvolle volgorde. Die opstel gaan oor iets wat gebeur en vertel word (’n storie/gebeurtenis)

- dit word opreg en met entoesiasme geskryf
- dit moet dus ’n oortuigende storielyn hê
- dit word gewoonlik in die verlede tyd geskryf, maar baie skrywers gebruik die teenwoordige tyd om ’n gevoel van die hede te skep\
- die inleidingsparagraaf moet boeiend wees
- ’n goeie verhaal het altyd ’n ongewone/onvoorspelbare en interessante slot
- gebruik direkte rede om die gevoel van die hede te skep; indirekte rede indien jy afstand tussen die leser en die karakter wil skep
- die verhaal word gewoonlik uit eie ervaring geskep of dit kan heeltemal fiktief wees

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

| VERHALENDE OPSTEL: KONTROLEVORM | | |
|---|---|---|
| | **JA** | **NEE** |
| **Struktuur** | | |
| Is daar ’n opskrif/titel? | | |
| Is daar reëls oop tussen paragrawe? | | |
| **Inhoud** | | |
| Het die inleidingsparagraaf dadelik jou aandag getrek en gehou? | | |
| Volg die gebeure logies op mekaar? | | |
| Is die storielyn oortuigend? | | |
| Is die slot ongewoon/onvoorspelbaar/interessant? | | |
| Taal | | |
| Gee drie punte vir vyf of minder spelfoute<br>Gee twee punte vir ses tot agt spelfoute<br>Gee een punt vir nege tot twaalf spelfoute<br>Gee ’n nulpunt vir meer as twaalf spelfoute | | |
| Gee een punt vir vyf en minder taalstuktuurfoute<br>Gee ’n nulpunt vir ses en meer taalstruktuufoute | | |
| **TOTAAL uit 10** | | |

AFDELING 4

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

## DIE TOESPRAAK

Hierdie opstel handel oor 'n onderwerp waaroor daar standpunt ingeneem word.

- jy moet oortuig van jou saak wees en 100% daarin glo, want jy moet jou toehoorders oortuig
- oorredende en emotiewe taalgebruik kan voorkom
- die inhoud ontwikkel logies en helder
  - paragraaf 1: gee duidelik jou standpunt weer
  - paragrawe 2 – 4: maak gebruik van minimum DRIE redes wat jou standpunt staaf en gee by elke rede ten minste drie bewyse om jou standpunt te staaf
  - in die slotparagraaf word die drie redes net weer genoem en daar word hier tot 'n gevolgtrekking gekom

Uit: *SELF-STUDIEGIDS van Nasionale Departement van Onderwys,* Oktober 2009.

## DIE ARTIKEL

Dit is 'n skryfstuk wat inligting oordra en gewoonlik in tydskrifte voorkom
Die artikel het die volgende kenmerke:

- die opskrif moet aantreklik en interessant wees
- 'n subtitel kan gegee word
- die styl moet persoonlik wees en direk tot die leser spreek
- die styl kan beskrywend of figuurlik wees
- name, plekke, tye, gebeurlikhede, standpunte en enige ander besonderhede behoort ingesluit te wees want dit is dit wat maak dat lesers die artikel lees
- daar is tog 'n ooreenkoms tussen 'n feitelike opstel en 'n artikel/'n goeie artikel verg deeglike kennis oor die onderwerp
- die omgekeerde piramiedemetode word hier gebruik waar die meeste feite in die eerste paragraaf gegee word en die res van die inligting dan in dalende orde van belangrikheid

**WIE/WAT/WAAR/WANNEER**



**HOE/HOEKOM/WAAROM**

- die slot gee 'n samevatting van die inhoud van die inligting
- die formaat is in geen vaste formaat nie en ons kry artikels in die volgende formate:

| | | |
|---|---|---|
| In gewone paragrawe geskryf | In kolomme geskryf | 'n Geselsartikel waar vrae aan die betrokke persoon gevra word - die vrae word in vetdruk geskryf en die antwoorde direk onder die vraag |

Uit: *SELF-STUDIEGIDS van Nasionale Departement van Onderwys,* Oktober 2009.

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

## VRIENDSKAPLIKE BRIEF

- ’n Vriendskaplike brief is persoonlik, openhartig en word in ’n informele styl geskryf.
- Dit is gewoonlik ’n geselsbrief wat lewendig en interessant geskryf word.
- Die toon en register (taalgebruik) moet pas by die tipe verhouding wat daar tussen die skrywer en ontvanger bestaan.
- Die inleidingsparagraaf skakel die ontvanger en die skrywer met mekaar.
- Die slotparagraaf vat die brief saam en gee dalk ook ’n rede waarom die ontvanger moet terugskryf.
- ’n Vriendskaplike brief moet nog steeds in goeie taal geskryf word.

Buitekantstraat 17
Riversdal
6670
14 April 2013

Jou naam verskyn nêrens nie
Geen punktuasie in jou adres nie
Die datum word voluit geskryf

Liewe/Beste Susan

Laat reël oop

Dit was nou omtrent ’n groot verrassing om weer ’n slag jou stem te kon hoor. Ek hoop dat dit sommer gou weer gaan gebeur. Gelukkig is daar darem nog ’n lekkerder manier om met mekaar verbinding te kan hou - skryf!

Laat reël tussen jou paragrawe oop

Laat reël tussen jou paragrawe oop

Laat reël oop

Maak nou die beste gebruik van elke geleentheid - ook om met my kontak te hou!

Laat reël oop

Jou boekwurm van ’n vriendin
Lanie

Uit: *SELF-STUDIEGIDS van Nasionale Departement van Onderwys*, Oktober 2009.

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

| VRIENDSKAPLIKE BRIEF: KONTROLEVORM | | |
|---|---|---|
| | JA | NEE |
| **Struktuur** | | |
| Is die adres regs in blokvorm? | | |
| Is daar geen leestekens in die adres nie? | | |
| Is die datum voluit geskryf? | | |
| Is daar ’n korrekte aanhefvorm? | | |
| Is daar ’n reël oop na die aanhef? | | |
| Is daar reëls oop tussen paragrawe? | | |
| Is daar GEEN reël oop na die afsluitingswoord? | | |
| Is daar geen punt na die naam aan die einde van die brief nie? | | |
| **Inhoud** | | |
| Skakel die eerste paragraaf die skrywer en die ontvanger met mekaar? | | |
| Is dit ’n lekker geselsbrief? | | |
| Is daar van informele taalgebruik gebruik gemaak? | | |
| Taal | | |
| Gee drie punte vir vyf of minder spelfoute<br>Gee twee punte vir ses tot agt spelfoute<br>Gee een punt vir nege tot twaalf spelfoute<br>Gee ’n nulpunt vir meer as twaalf spelfoute | | |
| Gee een punt vir vyf en minder taalstuktuurfoute<br>Gee ’n nulpunt vir ses en meer taalstruktuufoute | | |
| **TOTAAL uit 15** | | |

## FORMELE BRIEF

Dit is ’n brief wat geskryf word wanneer jy inligting vra of inligting gee.

- die taalgebruik is formeel en die inhoud is saaklik en op die punt af – geen onbenullighede word gegee nie
- die adres aan die linkerkant is presies dieselfde adres wat op die koevert kom
- daar is dus GEEN DATUM in hierdie adres nie
- die aanspreekvorm is altyd MENEER, tensy jy presies weet aan wie die brief gerig moet word (Meneer is hier slegs ’n aanspreekvorm en nie ’n geslagsaanduiding nie)
- die insake word ALLES IN HOOFLETTERS geskryf en dit dui aan waaroor die brief handel
- ’n formele brief word altyd met **Die uwe** afgesluit met jou volledig voorletter/naam en van (jou handtekening is opsioneel)
- slegs by briewe aan die pers kan ’n skuilnaam gebruik word
- geen leestekens word na “Die uwe” gebruik nie.

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

Langstraat 32
Riversdal
6670
12 Augustus 2013

Die Bestuurder
Kulkaskenades en Vermaak
Grenslaan 61
Bellville
7530

------------------------------------ Laat reël oop ------------------------------------

Meneer

------------------------------------ Laat reël oop ------------------------------------

DANK VIR SKITTERENDE DIENS (alles hoofletters)

------------------------------------ Laat reël oop ------------------------------------

Hiermee my opregte dank vir puik en professionele diens aan ons organisasie gelewer.

------------------------------------ Laat reël oop ------------------------------------

Reeds van die eerste korrespondensie tussen ons kon ek getuig van flinke en duidelike reaksie. Dit het my laat besef dat ek by die regte firma aangeklop het. Selfs die gaste en hooggeplaasdes, wat ons fondsinsamelingsfunksie bygewoon het, het hul waardering uitgespreek.

------------------------------------ Laat reël oop ------------------------------------

U kan daarvan verseker wees dat ons in die toekoms weer van u dienste gebruik sal maak - ook dit onder die aandag van ander instansies sal bring.

------------------------------------ Laat reël oop ------------------------------------

Maak nou die beste gebruik van elke geleentheid - ook om met my kontak te hou!

------------------------------------ Laat reël oop ------------------------------------

Nogmaals hartlike dank.

------------------------------------ Laat reël oop ------------------------------------

Die uwe

Handtekening
JM Bosman
Voorsitte

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

## DEKBRIEF SAAM MET CV

Skoorsteenstraat 20
Palmpark
Kimberley
8301
19 Maart 2011

Die Bestuurder
Kimberley Paneelkloppers
Posbus 10
Kimberley
8300

Meneer

AANSOEK OM BETREKKING: SEKRETARESSE

Ek doen graag aansoek om bogenoemde betrekking soos in Volksblad van Vrydag 11 Maart 2011 geadverteer.

- Die taal, styl, toon en register moet formeel wees.
- Skryf nugter en saaklik.
- Jy reageer op 'n advertensie wat in die pers verskyn het. Die briefinhoud moet dus pas by wat in die advertensie verlang word.
- Inligting oor tweetaligheid, sport- en kultuurprestasies en leierskapposisies kan ook vermeld word.
- Inligting op die CV word nie in die dekbrief herhaal nie. In die dekbrief word daar hoofsaaklik na die dokumente soos die CV en moontlike getuigskrifte wat ingesluit word, verwys.
- Maak ook gebruik van ander dokumente, getuigskrifte en sertifikate wat ingesluit word.

Ek verseker u van my lojaliteit en harde werk indien my aansoek suksesvol is. Ek hoop om gou van u te hoor.

Die uwe
(Handtekening)
A. du Plessis

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

## CURRICULUM VITAE (CV)

Dit is ’n dokument waarin jy jouself aan die wêreld bekend stel.

- bied alle relevante en nuutste inligting duidelik, netjies en georden aan
- die formaat is nie vas nie, maar die CV moet duidelik en maklik leesbaar wees
- ’n CV word altyd van ’n begeleidingsbrief (dekbrief) vergesel

Let daarop dat die inhoud van die CV moet aanpas by die doel waarvoor dit aangewend word, met ander woorde die teikenleser. Vir die voorstelling van ’n geleentheidspreker is referente nie van toepassing nie, maar wanneer die CV benodig word om vir ’n betrekking aansoek te doen, moet daar ten minste twee referente ingesluit word.
Die bostaande is ’n voorbeeld van ’n CV van ’n bekende sportman wat genooi is om as geleentheidspreker by jou skool te kom optree. Hierdie CV behoort jou in staat te stel om die spreker aan die skool voor te stel. Jy moet nou besluit watter inligting in die CV vir die voorstelling van toepassing is.
(Die name en prestasies in die onderstaande CV is natuurlik fiktief!)

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

CURRICULUM VITAE VAN CHARL HANEKOM

| | |
|---|---|
| **PERSOONLIKE BESONSERHEDE:** | |
| Naam en van: | Charl Hanekom |
| Adres: | Jacobstraat 43<br>Universitas<br>Bloemfontein<br>9301 |
| Kontakbesonderhede: | Tel.: 051 8679777<br>Sel.: 084 886 7414<br>E-pos: ch18@gmail.com |
| Geboortedatum: | 18 Junie 1980 |
| Geboorteplek: | Kimberley |
| Identiteitsnommer: | 8006185067086 |
| Huwelikstatus: | Getroud |
| Naam van gade: | Carien |
| Kinders: | Karla (5), Kobie (3) |
| Nasionaliteit: | Suid-Afrikaner |
| **TERSIêRE OPLEIDING** | 1998 – 2003: Universiteit van die Vrystaat |
| Hoogste kwalifikasie: | Honneursgraad in Menslike Bewegingskunde |
| Afrigtingskursusse: | Krieket, rugby, swem |
| **SKOOLOPLEIDING:** | |
| Sekondêre opleiding | 1985 – 1997: Hoërskool Grasbult (Kimberley) |
| Hoogste kwalifikasie: | 1997: Nasionale Senior Sertifikaat |
| Vakke: | Afrikaans Huistaal<br>Engels Huistaal<br>Wiskunde<br>Biologie<br>Natuur- en Skeikunde<br>Rekeningkunde |
| **RUGBYLOOPBAAN:** | Eerste rugbyspan (1996 – 1997)<br>Craven week o/19 Griekwas (1996 – 1997)<br>SA o/19 (1997)<br>Shimlas (1998 – 2000)<br>Cheetahs (2001 – 2003)<br>Blou Bulle (2004 tot 2009)<br>SA Nasionale Span (2005 – 2009)<br>Afrigter: Natal Haaie o/21 (2010 – huidig) |
| **REFERENTE:** | Prof. S J Pretorius (Dekaan)<br>Fakulteit: Geesteswetenskappe<br>Universiteit van die Vrystaat<br>Selfoon: 083 876 5334 |

AFDELING 4

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

## VERSLAG

’n Verslag is ’n formele dokument oor ’n gebeure wat reeds plaasgevind het.

- dit is ’n presiese weergawe van ’n gebeurtenis/ongeluk/sentrum/restaurant/film/ens.
- ’n verslag gee feite
- feite word chronogies, kort en bondig gegee
- in die inleidingsparagraaf word presies gesê waaroor verslag gelewer word
- ’n verslag kan formeel of informeel wees, dit hang af wie die teikengroep is, want dit bepaal die taal en styl
  Taal en styl moet by die verslag pas, d.w.s. die teikengroep gaan jou taal bepaal, bv. die inhoud van ’n verslag oor ’n sportbyeen-koms by jou skool wat jy vir die skoolkoerant skryf, se taal gaan verskil van dieselfde verslag wat jy vir die hoof skryf – alhoewel die inhoud dieselfde gaan wees
- daar is verskillende tipe verslae, bv. ooggetuieverslag/notule/resensie

## OOGGETUIEVERSLAG

Die ooggetuieverslag is ’n presiese, feitelike weergawe van ’n gebeurtenis en word dikwels vir nuusuitsendings of koerantberiggewing gebruik. Dit is dus ’n verklaring wat ’n persoon aflê oor wat hy gesien het.

**Kenmerke:**

- Paragraaf 1: Persoonlike inligting (Volle name, identiteitsnommer, adres en kontaknommer)
- Paragraaf 2: Besonderhede van gebeure: datum, tyd, plek
- Paragraaf 3: Uitbreiding van besonderhede
- Paragraaf 4: Samevatting of gevolgtrekking

**Die ooggetuieverslag aan die polisie word onderteken en van ’n datum voorsien**

- die ooggetuieverslag word in die eerste persoon geskryf, byvoorbeeld:
  Ek het gesien hoe die motor om die draai jaag.
- formele verslae deur ’n onbetrokke verslaggewer word in die derde persoon geskryf.
- besonderhede wat die ooggetuie gesien het, moet in fyn detail beskryf word.
- die ooggetuieverslag moet saaklik geskryf word – tegniese woorde en frases is dikwels nodig.
- geen emosioneel gelaaide woorde moet gebruik word nie, gebruik selfstandige naamwoorde.
- formele en onpersoonlike taal word gebruik.

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

## AGENDA

’n Agenda is die program waarvolgens ’n vergadering verloop.

- dit word voor die vergadering aan die betrokke persone gegee
- dit rangskik die sake in orde van belangrikheid en gee struktuur aan die vergadering
- aan die hand van die agenda kan vasgestel word hoeveel tyd aan elke saak spandeer kan/moet word
- dit word puntsgewys opgestel
- die vetgedrukte punte moet altyd op ’n agenda verskyn – die res is addisionele sake wat bespreek word
- die notule (verslag van die vergadering) word aan die hand van die agenda geskryf

**AGENDA**

**HOKKIE ONDERSTEUNERSKLUB-VERGADERING**

**DINSDAG, 15 MAART 20…**

1. Opening en verwelkoming
2. Presensie
3. Notule van die vorige vergadering
4. Sake uit vorige notule
4.1 Snoepie-yskas
5. Nuwe sake
5.1 Eerstespan klere en borge
5.2 Wedstrydbepalings
5.3 Hokkiesokkie-beplanning
6. Algemeen
6.1 Hekgelde
6.2
7. Datum van volgende vergadering
8. Afsluiting

______________

**D.B. van Rensburg**
**Voorsitter**

______________

**C. Cloete**
**Sekretaresse**

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

## NOTULE

’n Notule is ’n verslag van ’n vergadering

- op die notule word die naam van die organisasie, die presiese datum en plek waar die vergadering plaasgevind het, aangedui
- die notule word aan die hand van die agenda geskryf
- die vooorsitter se naam word eerste by die presensie geskryf en die res van die teenwoordige lede volg alfabeties
- die notule word in die teenwoordige tyd geskryf
- besluite word woord-vir-woord genotuleer en onbenullighede word uitgelaat
- die voorsitter en sekretaresse teken die notule

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

**NOTULE**
**van vergadering van die**
**Hokkie Ondersteunersklub**
**gehou op 15 Maart 20... in die Konferensiekamer**

1. Opening en verwelkoming
Die voorsitter open die vergadering en verwelkom almal by die nuwe hokkieseisoen.

2. **Presensie**
Teenwoordig: Mnr. D.B. van Rensburg, Mnr. K. Burger, Me. C. Cloete, Me. G. Swanepoel, Me. D. van der Merwe,
Afwesig met verskoning: Me. B. Marais woon die koorvergadering by.

3. **Notule van die vorige vergadering**
3.1 Die notule van die vorige vergadering, 13 Oktober 20..., word voorgelees.
3.2 Me. Swanepoel keur dit goed en Mnr. Burger sekondeer.

4. **Sake uit vorige notule**
4.1 Die stukkende yskas in die snoepie is herstel.

5. **Nuwe sake**
5.1 Die borg vir die eerstespan het onttrek as gevolg van ’n skielike finansiële krisis en dus sal die spelers voorlopig hul eie klere moet betaal. Daar word wel ’n ander borg gesoek en verdere inligting sal op ’n latere stadium gegee word.
5.2 Me. van der Merwe onderneem om so gou as moontlik die probleme met die wedstryd-
bepalings op te volg en die korrekte inligting aan al die spankapteine deur te gee.
5.3 ’n Hokkiesokkie sal op Vrydag 25 Maart in die skoolsaal gehou word. Me.L van Rensburg sal die snoepie beman, mnr. Burger sal kaartjies by die deure verkoop en alle komiteelede sal ’n diensrooster vir die aand ontvang.

6. **Algemeen**
6.1 Mnr. Burger herinner al die lede dat alle ouers wel hekgelde tydens sportdae moet betaal. Spelers hoef egter nie te betaal nie.

7. **Datum van volgende vergadering**
Die volgende vergadering sal gehou word op Woensdag 23 Maart in die konferensiekamer.

8. **Afsluiting**
Die voorsitter bedank almal vir hul teenwoordigheid en wens almal ’n genotvolle seisoen toe.

**D.B. van Rensburg**
**Voorsitter**

**C. Cloete**
**Sekretaresse**

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

## RESENSIE

'n Resensie is 'n verslag oor 'n film/boek/sentrum/restaurant/kunswerk/toneel/ens. Dit is m.a.w. 'n kommentaar op iets.

- 'n goeie resensent bly objektief en gee feite weer om die leser te oortuig
- dit word gewoonlik in die derdepersoon geskryf
- die titel sê wat geresenseer word
    - paragraaf 1: naam van boek + skrywer/film of toneel + regisseur en belangrike akteurs/ restaurant + eienaar/word gegee
    - paragraaf 2: gee 'n algemene indruk oor dit wat geresenseer word
    - paragraaf 3: vertel iets oor inhoud van boek/film/kos van restaurant
    - paragraaf 4: verdere uitbreiding van dit wat geresenseer word
    - slotparagraaf: gee resensent se laaste indrukke/gevolgtrekking/ samevatting en aanbeveling van die produk

## DIALOOG

Dit is die gesprek tussen twee/meer persone

- sprekers se name staan teen linkerkantste kantlyn
- daar is dubbelpunte na die name
- geen aanhalingstekens word gebruik nie
- 'n reël word na elke verskillende spreker oopgelaat
- ekstra inligting om emosie/gevoel aan te dui, word tussen hakies geskryf
- die taal en styl moet by die onderwerp pas en aanpas by die verhouding tussen die betrokke sprekers

| | |
|---|---|
| Piet: (verbaas) | Wat op aarde doen jy? |
| Sarie: (tevrede met haarself) | Kan jy nie sien nie? Ek was ons kat. Sy was vol stof. |
| Piet: (buite homself van woede) | Dit is MY kat! Jy kan nie my kat was nie én katte wil nie gewas word nie! Ek sal jou aanrand! |
| Sarie: (sarkasties) | Nou vat jou ou vuil kat. |

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

## ONDERHOUD

’n Onderhoud word gewoonlik met ’n persoon gevoer om meer inligting oor die betrokke persoon of dit wat hy/sy doen of waarby hy/sy betrokke is, te kry.

- die onderhoudvoerder moet deeglike navorsing doen oor die persoon met wie die onderhoud gevoer word of die saak waaroor die onderhoud gevoer word
- die vrae moet met die teikenlesers as eindbestemming opgestel word
- duidelike en kort vrae word aan die persoon gerig en relevante antwoorde verskaf die inligting vir die skryfstuk wat hieroor geskryf gaan word
- die kommunikasieproses moet gemaklik en natuurlik wees en die taal moet toepaslik wees
- die onderhoud kan dan in ’n dialoog of ’n geselsartikel weergegee word

Uit: *SELF-STUDIEGIDS van Nasionale Departement van Onderwys*, Oktober 2009.

## BERIG

’n Berig is ’n weergawe van iets wat reeds gebeur het en kom in ’n koerant voor.

- die opskrif/titel moet aandag trek (foto’s kan ook gebruik word)
- die feite moet so akkuraat moontlik gegee word
- in die eerste paragraaf word onmiddellik die volgende inligting gegee:
  - wat het met
  - wie
  - waar en
  - wanneer gebeur?
- dan word daar op die res van die gebeure uitgebrei
- die berig kan in gewone paragrawe of kolomme geskryf word

# HERSIENING: SKRYF EN AANBIED

| BERIG: KONTROLEVORM | | |
|---|---|---|
| | **JA** | **NEE** |
| **Struktuur** | | |
| Is daar 'n opskrif/titel? | | |
| Is daar reëls oop tussen paragrawe? | | |
| **Inhoud** | | |
| Trek die opskrif/titel dadelik jou aandag? | | |
| Word daar in die inleidingsparagraaf gesê wat het met wie waar en wanneer gebeur? | | |
| Word daar oor die gebeure uitgebrei? | | |
| Is die inligting feitelik? | | |
| Taal | | |
| Gee drie punte vir vyf of minder spelfoute<br>Gee twee punte vir ses tot agt spelfoute<br>Gee een punt vir nege tot twaalf spelfoute<br>Gee 'n nulpunt vir meer as twaalf spelfoute | | |
| Gee een punt vir vyf en minder taalstuktuurfoute<br>Gee 'n nulpunt vir ses en meer taalstruktuufoute | | |
| **TOTAAL uit 10** | | |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Woordkeuse en woordbetekenisse

### WOORDEBOEKE EN TESOURUSSE HELP JOU MET DIE UITBREIDING VAN JOU WOORDESKAT

**Hoe om 'n woordeboek te gebruik:**

Die doel van 'n woordeboek is
(a)om betekenis van woorde in woordeboeke na te slaan,
(b) hoe om die spelling en uitspraak/klem van woorde te bepaal,
(c)vir die gebruikvan vertalings,
(d) oordsoortlike gebruik vas te stel en ook
(e)hoe om die gebruikskonteks te bepaal.

Ons sal dus kyk na:

- Tipes woordeboeke;
- Hoe om 'n woordeboek te gebruik;
- Die gebruik van 'n woordeboek vir vertaling; en
- Ander gebruike van 'n woordeboek.

Op hierdie stadium behoort julle te weet dat dit belangrik is om altyd 'n woordeboek byderhand te hou as 'n mens 'n addisionele taal aanleer. As jy Afrikaans of enige ander taal aanleer is 'n woordeboek absoluut noodsaaklik. Dis iets waarsonder jy nie kan klaarkom nie.

**Inhoud**

Kom ons kyk eerstens na die verskillende tipes woordeboeke en ander taalhulpmiddels wat daar is:

- Verklarende woordeboeke
- Tweetalige woordeboeke (Afr-Eng, Zoeloe- Xhosa,ens)
- Tesourusse
- Afrikaanse Woordelys en Spelreëls
- Elektroniese woordeboeke en speltoetsers

’n Paar van die woordeboeke sal bespreek word.

**Eentalige woordeboek**

Die eentalige woordeboek sal woorde se betekenis vir ons aandui.

**Tweetalige woordeboek**

Die een wat jy waarskynlik die meeste gaan gebruik, is die tweetalige Afrikaans-Engelse woordeboek.
Wat hierdie tipe woordeboeke so nuttig en kosbaar maak, is die feit dat dit Afrikaanse woorde se vertalings (in Engels, Xhosa of Zoeloe, ens) gee en natuurlik ook die omgekeerde.

**Meertalige woordeboek**

Die woordeboek is presies wat dit sê dat daar meer as een taal in die woordeboek is.
Dit is ’n woordeboek wat meestal betekenis van ’n woord vir meer twee tale wees.
Gebruike van ’n woordeboek (Woordeboekgebruik)
Vertaling
Betekenis
Spelling en uitspraak (Klem)

**Woordsoorte**

’n Woordeboek is iets wat jy altyd by jou moet hê in die Afrikaanse klas of wanneer jy tuis taalaktiwiteite doen. Omdat jy die taal aanleer en jou woordeskat heeltyd besig is om te groei, gaan jy dit baie nodig kry om die betekenis van Afrikaanse woorde op te soek of om ’n Engelse woord se Afrikaanse vertaling te kry.

Moenie vergeet om elke keer as jy ’n nuwe woord ontdek het dit agter in jou werkboek in jou woordelys te skryf nie.

**Kom ons kyk na die volgende vertaalfoute wat leerders soms maak, ten opsigte van:**

**MEERVOUDE (met uitgange van: -e, -s)**

- ENGELS: There is a lot of apples on the tree.
- AFRIKAANS: Daar is baie appels aan die boom.
- ENGELS: There is a lot of oranges on the tree.
- AFRIKAANS: Daar is baie lemoens aan die boom. û

Daar is baie lemoene aan die boom.

# HERSIENING: TAALASPEKTE

**DIE GEBRUIK VAN WIE EN WAT**

Reël: AS DAAR ’n VOORSETSEL VOOR WAT STAAN VERANDER DIT NA WIE
VOORBEELD:

- Die man wat daar loop, is verlief.
- Die vrou op wie hy verlief is, dra ’n rooi rok.

**DIE GEBRUIK VAN MEER EN MEES**

- Die gesin is gelukkig.
- Die dogter is gelukkiger.
- Die dogter is meer gelukkiger.
- Die ma is die gelukkigste.
- Die ma is die mees gelukkigste.

**DIREKTE VERTALINGS**

- He lost his way.
- Hy het sy pad verloor.
- Hy het verdwaal.
- He wears spectacles.
- Hy dra brille.
- Hy dra ’n bril.

- WOORDEBOEKE gee nie net vir ons die betekenis van woorde nie, maar ook ander belangrike inligting soos die woordsoortlikheid, meervoude, verkleinings, hoe dit in ’n sin gebruik word, sinonieme, hoe om dit uit te spreek en hoe om dit te gebruik.
- Daarmee saam is daar ook ’n lys met afkortings wat ons kan gebruik. Verder het ons ook geleer hoe om sinne van Engels na Afrikaans te vertaal en omgekeerd.

**Hoe om ’n tesourus te gebruik:**

Die belangrikste funksie van ’n tesourus is om die regte woord in die regte konteks te kry. Dit help ook herhaling te voorkom.

As jy net kan sê *“My vakansie was baie lekker, want die weer was baie lekker en die mense was baie lekker en die see was baie lekker”*, dan sal jy nooit goeie punte vir jou skryfwerk behaal nie.

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## WOORDEBOEKE EN TESOURUSSE HELP JOU MET DIE UITBREIDING VAN JOU WOORDESKAT

**BYVOORBEELD:**

Gee een woord vir 'n omskrywing:

| Omskrywing | Een woord (Persoonsname) | Omskrywing | Een woord (Persoonsname) |
|---|---|---|---|
| Hy sien altyd die positiewe kant | **optimis** | Hy sien altyd die negatiewe kant | **pessimis** |
| Hy/Sy waag baie | **waaghals** | Baie bang persoon | **bangbroek** |
| Optree in iemand se plek | **plaasvervanger** | Iemand wat 'n orkes lei | **dirigent** |
| Soldate sonder ondervinding | **rekrute** | Soldate met ondervinding | **veterane** |
| Iemand wat goed by veiling verkoop | **afslaer** | Doen elektriese bedrading | **elektrisiën** |
| Kontroleer die boekhouding | **ouditeur** | Gryp vrouens se handsakke | **grypdief** |
| Breek by huise en kantore in | **inbreker** | Pas geboue en persele op | **sekuriteitswag** |
| Iemand wat te voet loop | **voetganger** | Iemand wat tussen huis en werk beweeg | **pendelaar** |
| Iemand wat na iets kyk | **toeskouer** | Iemand wat aan atletiek deelneem | **atleet** |
| Iemand wat die land binnekom | **immigrant** | Iemand wat die land verlaat | **emigrant** |

AFDELING 5

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Enkelvoudige sin (O, G,V) WOORDORDE

’n Enkelvoudige sin bestaan uit:

| |
|---|
| ’n onderwerp (subject) |
| ’n voorwerp (object) |
| ’n gesegde (gewoonlik ’n werkwoord/handeling; iets word gedoen) (verb) |

Kry altyd eers die gesegde; vra dan wie/wat? voor die gesegde. Die antwoord daarop is die onderwerp. Vra wie/wat? na die gesegde, dan kry jy die voorwerp.

Verdeel enkelvoudige sinne in onderwerp, gesegde, en voorwerp.
Identifiseer bepalings van tyd, plek en modaliteit.

| **(1) Onderwerp** | **(2) Gesegde** | **(3)Voorwerp** |
|---|---|---|
| **Die man** | **eet** | **die piesang** |

- Elke sin kan verskil.
- Gewone orde: ONDERWERP/GESEGDE/VOORWERP

(1)Die kleremaker [ONDERWERP] (2) verstel [GESEGDE] (3) die mansbroek. [VOORWERP]
Wanneer daar bepalings bykom moet die volgende orde altyd gehou word:

**TYD/WYSE/PLEK (T/W/P)**

(1) Die kleremaker
(2) **verstel** nou **(T)** haastig **(W)**
(3) die mansbroek in die werkskamer **(P)** (STELLING)
**As jy begin met die gesegde (werkwoord) maak jy ’n vraag!**

Haastig (Wyse)
(2) **verstel**
(1) die kleremaker
(3)die mansbroek in die werkskamer.

In die werkskamer (Plek)
(2) **verstel**
(1) die kleremaker haastig
(3) die mansbroek.

# HERSIENING: TAALASPEKTE

Wat sien jy?
Die werkwoord (gesegde) saatn elke keer TWEEDE in die sin!

Maar!
As jy met die gesegde begin dan vorm jy 'n VRAAG of 'n BEVEL

**VRAAG:**

(2) **Verstel** (Werkwoord – ook genoem GESEGDE)
(1) die kleremaker haastig
(3) die mansbroek in die werkskamer? (VRAAG)

**BEVEL:**

(2) **Verstel**
die mansbroek!

**NEGATIEWE BEVEL:**
**MOENIE die mansbroek VERSTEL NIE!**

Die sinsdele kan rondgeskuif word deur die skrywer om verskillende dele te beklemtoon.

## Sinsoort: stelsin

**Jy moet die verskillende soorte sinne kan onderskei: stelsin, vraagsin, bevelsin en uitroep**

| Die Bevelsin | Die vraagsin | Die stelsin | Die uitroep |
|---|---|---|---|
| Versoeke of bevele is twee voorbeelde van die bevelsin: Gaan doen gou jou huiswerk.<br>Staan stil! | Wanneer gaan julle weg?<br>Hoekom het jy dit gedoen?<br>Wie het dit gesê?<br>Waarheen gaan jy?<br>Vrae kan ook met werkwoorde begin:<br>Loop hulle skool toe? | Feite en menings word so oorgedra.<br>Daar is water op die maan.<br>Stout kinders moet gestraf word. | Hei!<br>Sjoe!<br>Aitsa, jy's oulik!<br>Maggies, sy's mooi! |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Teenwoordige tyd

### Die tye in Afrikaans:

| Teenwoordige tyd | Verlede tyd | Toekomende tyd |
|---|---|---|
| **Die HOOFWERKWOORD staan gewoonlik in die tweede posisie na die onderwerp.**<br>(a) Die meisie sing in die koor. | ****Die woord "het" vervang gewoonlik die hoofwerkwoord en dit skuif na die laaste posisie saam met ge-**<br>(a) Die meisie het in die koor gesing | ****Die woord "sal" vervang die hoofwerkwoord en dit skuif na die laaste posisie.**<br>(a) Die meisie sal in die koor sing |
| **Soms word 'n saamgestelde werkwoord gebruik:**<br>(b) Hy maak die venster toe | **Die hoofwerkwoord skuif tot agter die voorsetsel en word met ge-verbind.**<br>(b) Hy het die venster toegemaak | **Die hoofwerkwoord skuif tot agter die voorsetsel en word een woord.**<br>(b) Hy sal die venster toemaak |
| **Het kan ook as selfstandige werkwoord optree in die Teenwoordige tyd.**<br>(c) Ek het 'n nuwe motor | **Voeg slegs die woord "gehad" aan die einde van die sin by.**<br>(c) Ek het 'n nuwe motor gehad | **Verander het na sal en voeg "hê" by in die laaste posisie.**<br>(c) Ek sal 'n nuwe motor hê |
| **Werkwoorde wat begin met be-, ge-, er-, her-, ont-,ver-, en mis- kry nooit 'n ge- in die verlede tyd nie.**<br>(d) Die skool begin in Januarie. | **Voeg "het" by in die tweede posisie en skuif die werkwoord na die einde sonder enige verandering.**<br>(d) Die skool het in Januarie begin. | **Voeg "sal" by in die tweede posisie en skuif die werkwoord na die einde sonder enige verandering.**<br>(d) Die skool sal in Januarie begin. |
| **As twee dade gelyktydig plaasvind en daar is 'n "en" tussen hulle:**<br>(e) Die bouer staan en eet. | **"Het" neem die tweede posisie in en die "dade" skuif na die einde. Voeg ge- by die eerste daad.**<br>(e) Die bouer het gestaan en eet. | **"Sal" neem die plek van "het" en die twee dade skuif na die einde van die sin.**<br>(e) Die bouer sal staan en eet. |
| **As twee dade plaasvind, maar hulle volg op mekaar kry elke werkwoord ge-**<br>(f) Die kamerbediende was en stryk die wasgoed | **"Het" neem die tweede posisie in en die werkwoorde skuif saam na die einde.**<br>(f) Die kamerbediende het die wasgoed gewas en gestryk. | **"Sal" neem die plek van "het" en die twee dade skuif na die einde van die sin.**<br>(f) Die kamerbediende sal die wasgoed was en stryk. |
| **Hulpwerkwoorde verander so:**<br>(g) Ek kan nie vinnig hardloop nie. | **Hulpwerkwoorde het hulle eie verlede tydsvorm:**<br>(g) Ek kon nie vinnig hardloop nie. | **As "sal" ingesit word, skuif al die werkwoorde. In die orde waarin jy hulle gekry het, saam na die einde:**<br>(g) Ek sal nie vinnig kan hardloop nie. |
| **Pasop vir:**<br>**Dan As Wanneer Nou**<br>(h) Hy speel eers; dan doen hy sy huiswerk.<br>As ek by die huis kom, oen ek my huiswerk. | **Al hierdie woorde word "toe" in die Verlede tyd.**<br>(h) Hy het eers gespeel; toe het hy sy huiswerk gedoen.<br>Toe ek by die huis gekom het, het ek my huiswerk gedoen. | (h) Hy sal eers speel; dan sal hy sy huiswerk doen.<br><br>As ek by die huis kom, sal ek my huiswerk doen. |

AFDELING 5

# HERSIENING: TAALASPEKTE

**Jy moet die verskil ken tussen wanneer, toe en dan in die verskillende tye**
Hier is 'n maklike manier om te onthou:

| | |
|---|---|
| Die woorde **Dan** (D) **As** (A) **Wanneer** (W) **Nou** (N)<br>***D A W N** word altyd... | ...**TOE** in die verlede tyd! |
| Voorbeelde<br>Hulle eet **wanneer** hulle kom.<br>Hy doen dit as hulle hom vra. | Hulle het geëet **TOE** hulle (ge)kom (het).<br>Hy het dit gedoen **TOE** hulle hom vra. |

## Selfstandige naamwoorde (meervoud/verkleining/geslag)

Alledaagse meervoude, geslagswoorde, en verkleiningswoorde:
Al hierdie woorde is SELFSTANDIGE NAAMWOORDE (nouns).

### Meervoude:

Die AGT belangrikste maniere om meervoude te vorm, is:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **-s:** verwarmers, stralers, branders | **-'s:** pa-pa's; foto's; video's | **-e:** neus – neuse; mond – monde; vlag-vlae; dag - dae | **-ens:** hawe-hawens; nooi – nooiens; vrou – vrouens |
| **-ers:** kind- kinders; lam- lammers; | **-ere:** lied- liedere; goed- goedere | **-de:** hoof – hoofde; voog- voogde | **-te:** lig – ligte; vuis – vuiste; |

**Let op:** Die meervoud van **-ding** is **-goed (speelding – speelgoed)**
en die meervoud van **buurman** of **buurvrou** is **bure**!

### Verkleinwoorde:

Die SES belangrikste maniere om verkleinwoorde te vorm, is:

| | | |
|---|---|---|
| **-tjie:** tuintjie, stoeltjie, vloer – vloertjie | **- jie:** wind – windjie; hond – hondjie | **- ie:** duif – duifie; dorp – dorpie; skulp- skulpie |
| **-etjie:** slang – slangetjie; lem –lemmetjie; pil - pilletjie | **-pie:** oom – oompie; stroom – stroompie; wurm – wurmpie | **-kie:** woning – woninkie; koning – koninkie; piesang – piesankie |

[Pasop] As 'n woord eindig met **-ng** en dit het jet TWEE lettergrepe, kry die verkleinwoord – **kie.** Maar as die woord eindig op **-ng** en dit het net EEN lettergreep, kry dit **-etjie: ringetjie; dingetjie**

AFDELING 5

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Bywoorde

Plaas bywoorde in die korrekte volgorde:
ONTHOU ALTYD - (Tyd, wyse, plek)

Bywoorde vertel jou meer van (a) 'n werkwoord (die meisie huil **hartseer**) (b) 'n byvoeglike naamwoord (die hond is **vreeslik** vriendelik) (c) 'n ander bywoord (d) 'n hele sin!

| Bywoorde van tyd | Bywoorde van wyse *(manner)* | Bywoorde van plek | Bywoorde van graad | Bywoorde van modaliteit |
|---|---|---|---|---|
| Leidraad: As die vraag sê: Wanneer? is die antwoord die bywoord van tyd! | Leidraad: As die vraag sê: Hoe...? is die antwoord die bywoord van wyse. | Leidraad: As die vraag sê: Waar...? is die antwoord die bywoord van plek. | Leidraad: As die vraag sê: In watter graad of hoeveelheid...? is die antwoord die bywoord van graad. | Leidraad: die bywoord van modaliteit het te doen met die hele sin. Moontlikheid, waarskynlikheid en sekerheid word hiermee uitgespreek. |
| Ek ry **soggens** werk toe en kom **saans** aat huis toe.<br><br>Ander woorde: vandag, gister, betyds, vroeër, binnekort, eers, toe, nou, dan, daagliks, onlangs, kort-kort, nou-nou, netnou, | Die atleet hardloop **vinnig**.<br><br>Ander woorde: leesbaar, saggies, stilletjies, blindelings, botweg | Jy moet leer om **vorentoe** te kyk en nie **agtertoe** nie.<br><br>Ander woorde: soontoe, daarnatoe, daarheen, hierheen, tuis.<br><br>Woorde soos vorentoe, agtertoe, boontoe, ondertoe en buitentoe word altyd vas geskryf. | Dit is **taamlik** koel in die oggend.<br><br>Ander woorde: verreweg, vreeslik, heeltemal, hoogs. | Sy is **darem** 'n goeie vrou.<br><br>Ander woorde: mos, tog, miskien, dalk, asseblief, glo. |

| Bywoorde van tyd | Bywoorde van wyse *(manner)*. | Bywoorde van plek | Bywoorde van graad | Bywoorde van modaliteit |
|---|---|---|---|---|
| Die woord **Toe** word net in die verlede tyd gebruik. Nou en dan word in die twee ander tye gebruik.<br><br>Jy moet die verskil ken tussen **binnekort, kort-kort** en **kortliks.** | Werkwoorde word soms verdubbel en so word nuwe bywoorde gevorm: lag-lag, huil-huil, staan-staan | Tuis beteken by+die+huis.<br><br>Huis toe beteken na die huis.<br><br>'n S.nw. plus toe (bywoord) word altyd los geskryf bv. Ons gaan huis toe. | | Sommige bywoorde het selfs trappe van vergelyking. Hulle is **goed**, beter, beste;<br>**Graag**, liewer, liefste, selde minder, minste, naby nader, naaste, vroeg, vroeër vroegste. |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Byvoeglike naamwoorde (intensief/attributief/predikatief)

Leer die algemene byvoeglike naamwoorde:
Hulle verander voor die naamwoord;
trappe van vergelyking
intensiewe vorme

- Byvoeglike naamwoorde het TWEE belangrike FUNKSIES.
- Een funksie is BESKRYWEND en die ander funksie is VERGELYKEND.
- Intensiewe vorme is BESKRYWENDE byvoeglike naamwoorde.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Beskrywende byvoeglike naamwoorde:<br><br>(a) voor die naamwoord (attributiewe b.nw)<br>(b) na die naamwoord (predikatiewe b.nw.)<br>Gewoonlik kry hierdie woord slegs 'n -e as dit voor die naamwoord staan. As dit agter die naamwoord staan bly dit dieselfde. Kleure (behalwe "goud" kry gewoonlik nie 'n -e nie en party kort woorde (bv. koud en oud) verander op 'n spesifieke manier.<br>(c) Intensiewes kry gewoonlik 'n -e as dit voor 'n naamwoord staan, maar nie altyd nie! | Vergelykende byvoeglike naamwoorde:<br><br>Stellende trap. Hierdie woord word gewoonlik in 'n vraestel tussen hakies gebruik en jy moet dit verander volgens die instruksies. | Vergelykende byvoeglike naamwoorde:<br><br>Leidraad: as en voeg -er by die meeste woorde.<br><br>Vergrotende trap<br>As hierdie woord gevra word, moet jy die stellende trap verander, want jy vergelyk TWEE goed met mekaar.<br>As 'n woord baie lank is OF dit eindig met 'n -e, kry die Stellende trap die woord "Meer" by. | Vergelykende byvoeglike naamwoorde:<br><br>Leidraad: die voor die b.nw word beklemtoon en jy vergelyk EEN ding met BAIE goed. Jy voeg gewoonlik<br>-ste by die woord in die Stellende trap<br>Oortreffende trap<br>As hierdie woord gevra word, moet jy die stellende trap verander, want jy vergelyk EEN ding met baie ander. 'n Leidraad in die sin is die woord die wat beklemtoon uitgespreek word |
| Voorbeelde<br>Hy is 'n aantreklike man,<br>Die man is aantreklik.<br>Dit is 'n rooi boek.<br>Die boek is rooi.<br>Die kraai steel die goue horlosie.<br>Die horlosie is van goud. Dis 'n splinternuwe kar. | Hierdie voorbeelde is in die stellende trap geskryf.<br>Voorbeelde<br>Hierdie man is (aantreklik) as Brad Pitt.<br>My rok is (rooi) as my skoene.<br>Ek was (opgewonde) om hom te sien. | Voorbeelde<br><br>Aantrekliker as<br><br>Rooier<br><br>Ek was vandag (opgewonde) as gister = meer opgewonde | Voorbeelde<br><br>Hy is die aantreklikste man in die land.<br><br>Ek is die (opgewonde) vrou in die skool = mees opgewonde |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Idiomatiese taalgebruik (vergelykings)

| | | | |
|---|---|---|---|
| So arm soos... | 'n kerkmuis | So maer soos... | 'n kraai |
| So blind soos... | 'n mol | Hy rook soos... | 'n skoorsteen |
| So dood soos... | 'n mossie | So skaars soos... | Hoendertande/ wors in 'n wolwehok |
| So donker soos... | die nag | So slim soos... | Die houtjie van die galg |
| So gereeld soos... | klokslag | So stil soos... | 'n muis |
| So lelik soos... | die nag | So vet soos.. | 'n vark |
| Hy lieg soos... | 'n tandetrekker | Hy vloek soos... | 'n matroos |
| So wit soos... | sneeu | So dronk soos... | 'n lord |
| Om te swyg soos... | die graf | So fyn soos | 'n vlinder |
| So mak soos... | 'n hond | | |

## Letterlike en figuurlike betekenis

Onder letterlike betekenis verstaan ons PRESIES dit wat daar geskryf staan, terwyl figuurlike betekenis meer SIMBOLIES is. Die figuurlike betekenis word soms uitgeken aan die ekstra –e wat aan die byvoeglike naamwoord gesit word.

| Letterlike betekenis (denotasie) | Figuurlike betekenis (konnotasie) |
|---|---|
| Die arm man het geen geld nie. | Die arme ryk man het geen vriende nie. |
| Mense met baie geld en besittings is ryk | Hulle het 'n ryke verbeelding en kan sommer lekker stories vertel |
| Die stom mens kan nie praat nie. | Wat gebeur met die stomme mense noudat hulle huise afgebrand het. |
| Sjoe! Daardie seuns was regtig stout toe hulle die vensters gebreek het. | Ek gaan die stoute skoene aantrek en die ou uitvra! |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Gevoelstaal, veralgemening, stereotipering

Lê taalgevoeligheid aan die dag:

- Wanneer gebruik ons jy/jou en u
- Wanneer gebruik ons bek, pens, pote.

| Diere | Mense |
|---|---|
| Bek | mond |
| Pote en kloue | hande |
| pens | maag |
| vreet | eet |
| Vrek | sterf/gaan dood |
| Suip | drink |

## Direkte en indirekte rede en korrekte leestekens in dialoog

As ons wil wys dat iemand praat, gebruik ons aanhalingstekens: "Goeienaand!"

Ons noem dit die **Direkte rede.**

As ons vir iemand anders wil vertel wat iemand gesê het, gebruik ons geen tekens nie, maar ons skryf die woorde op 'n ander manier oor. Ons noem dit die **Indirekte rede.** (As jy van iemand skinder, gebruik jy die Indirekte Rede!)

| Direkte rede | Indirekte rede | Pasop vir: |
|---|---|---|
| (a)<br>Die man (seun) sê: "**Ek** is baie bly."<br>(Direkte Rede) | (met dat) Die man sê dat **hy** baie bly **is**.<br>OF (sonder dat) Die man sê **hy is** baie bly. | (As 'n man praat en hy sê "**Ek**", verander dit in die Indirekte Rede na **hy**.) |
| (b)<br>Die vrou (meisie) sê: "**Ek** borsel **my** tande." | (met **dat**) Die vrou (meisie) sê dat **sy haar** tande borsel.<br>OF (sonder dat) Die vrou sê **sy** borsel **haar tande.** | As daar 'n uitroep voor die persoon se woorde staan, moet jy die emosie wat dit oordra bepaal en so te werk gaan: "Sjoe! Ek was bang" = ...hy sê benoud dat hy bang was. |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

LEER hierdie veranderinge:

| Direkte rede | Indirekte rede |
|---|---|
| Voornaamwoorde | Verandering |
| Ek/jy | Hy/sy |
| Joune/Myne | Syne/hare |
| Ons/julle | hulle |
| Hulle s'n | Ons s'n/julle s'n |
| Bywoorde | Verandering |
| Hierdie | Daardie |
| Nou | Toe |
| Vandag | Daardie dag |
| Gister | Die vorige dag |
| Môre | Die volgende dag |
| Hier | Daar |
| Oormôre | Twee dae later |
| Volgende week | Die volgende week |
| Hierheen | Daarheen |
| Uitroepe en uitdrukkings | Verandering |
| Hy skree: "Eina! Ek het my arm gestamp." | Hy skree in pyn dat hy sy arm gestamp het. |
| Hy sê: "Hoera, ek het gewen." | Hy sê opgewonde dat hy gewen het. |
| Sy sê: "Foeitog, hy het verloor." | Sy sê bejammerend dat hy verloor het. |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Betekenis van vreemde woorde in woordeboek

SIEN OOK HOOFSTUK 1 IN DIE LEERDERBOEK.

| **Beeldspraak en stylfigure** | **Voorbeelde** |
|---|---|
| Vergelyking: sleutelwoorde – nes en soos | "Nes 'n slak sy dop, dra ek my huis..." |
| Metafoor: om een ding aan 'n ander gelyk te stel | Sy hart is 'n klip in sy bors. |
| Eufemisme: om iets te versag | Hier waar jy slaap, jou laaste slaap (slaap = die dood) |
| Personifikasie: om menslike eienskappe aan iets te gee | Die maan lag in die lug. |
| Teenstelling: ook genoem Kontras | Selfs die soetste wyn word suur |
| Herhaling: om iets weer en weer te noem | Sy hoor net die galop, die galop, die galop |
| Ironie: net mooi die teenoorgestelde van wat bedoel word, word spottend gesê | Hy is darem nou regtig 'n slim kêrel! |
| Enjambement:(run on line) | Netjies elke woord orden volgens plan |
| Alliterasie: beginrym | Wit is die water en wit is die wolk |
| Assonansie: vokaalrym | ...'n verdwaalde korhaan by die tennisbaan... |
| Metonimia:oornoeming. Die ding wat jy eintlik wil noem, word nie beklemtoon nie. | Kinders moet grys hare respekteer (met ander woorde kinders moet ou mense respekteer) |
| Antonomasia: 'n soort metafoor | Hy is 'n regte Goliat. (hy is baie groot) |
| Hiperbool:oordrywing | Ek het jou 'n duisendmaal gevra! |
| Litotes:opsetlike verkleining | Die ou tjekkie is maar min, maar darem iets. |
| Onomatopee: klanknabootsing<br><br>Ander terme:<br>Beeld – image<br>Toepassing - application<br>Slotreël – die laaste reël<br>Figuurlike taal (konnotasie)<br>Letterlike taal (denotasie) | Die gezoem van die bye in die blik<br><br>Ander terme:<br>Sintuie/ sintuig – oog (gesigsintuig), oor (gehoorsintuig), neus (reuksintuig), voel (tassintuig), smaak (smaaksintuig)<br>Ruspunt - pouse<br>Tersine – drie versreëls wat 'n eenheid vorm |
| Wending: die verandering | Kwatryn – vier versreëls wat 'n eenheid vorm |
| Versreël: een reël in 'n gedig | Kwintet – vyf versreëls wat 'n eenheid vorm |
| Koeplet: twee reëls | Sekstet – ses versreëls wat 'n eenheid vorm |
| Rym: woorde wat dieselfde klink | Oktaaf – agt versreëls wat 'n eenheid vorm |

AFDELING 5

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Werkwoorde (ook bekend as die GESEGDE) – verduidelik betekenis en gebruik van ww

| Hoofwerkwoord | Hulpwerkwoord | Koppelwerkwoord |
|---|---|---|
| Die hoofwerkwoord in die teenwoordige tyd staan in die eerste werkwoordposisie.<br>• Die kind **sien** 'n spook.<br><br>In die verlede tydsvorm asook in die toekomende tydsvorm staan dit in die tweede werkwoordposisie.<br>• Die kind het 'n spook **gesien.**<br>• Die kind sal 'n spook **sien.** | 1. Die hulpwerkwoorde help die hoofwerkwoord om **tyd** aan te dui:<br>• Die man **het** 'n spook gesien (help om verlede tyd aan te dui).<br>• Die man **sal** 'n spook sien (help om toekomende tyd aan te dui).<br><br>2. Die hulpwerkwoord dui die **passiewe** vorm aan:<br>• Die spook is deur die man gesien.<br>• Die spook **word** deur die man gesien.<br>• Die spook **sal** deur die man gesien **word**.<br><br>3. Die hulpwerkwoord dui **modaliteit** aan:<br>• Die man **moet/moes** die spook soek.<br>• Die man **wil/wou** die spook soek.<br>• Die man **kan/kon** die spook sien.<br>• Die man **behoort** die spook te soek.<br>• Die man **hoef** nie die spook te soek nie. | Koppelwerkwoorde koppel die byvoeglike naamwoord aan die selfstandige naamwoord:<br>• Die man **is** bang.<br>• Die man **word** bang.<br>• Die man **lyk** bang.<br>• Die man **skyn** bang te wees. |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Homofone/homonieme

**Homofone** is woorde wat **eenders klink**, maar **verskillend geskryf word** en waarvan die **betekenis verskil.**
Hier is 'n lys en hoe die woorde gebruik word in sinne:

| | |
|---|---|
| Jy **eet** kos om aan die lewe te bly. | Jy lê 'n **eed** af jy in die hof staan en getuig. |
| Ek **eis** 'n verduideliking van jou. | Die kind skaats op die **ys.** |
| Ek **reik** na die sterre. | Die man is baie **ryk** want hy het baie geld. |
| Ek is arm, **maar** ek werk hard. | Die meisie is baie **maer**, want sy eet min. |
| Hy probeer **peil** hoe ver die sterre van ons is. | Om met 'n **pyl** en boog te skiet, is 'n kuns. |
| Die beeste **wei** in die veld. | Ek **wy** my lewe aan my passie vir kuns. |
| Die see is daar een **vaam** diep. | Hy hou van al die **faam** wat hy as akteur kry. |
| Die Sani-pas is baie **steil**; jy sal moet loop! | Ek hou van jou nuwe **styl**; dit pas jou goed. |
| Dit was 'n wonderlike **vonds** toe ons die skatkis kry. | Ons sal 'n **fonds** vir die weeskinders moet stig. |

**Homonieme klink dieselfde** en word **dieselfde gespel,** maar hulle **verskil in betekenis.**
Kyk na die volgende maniere om die woord **sy** te gebruik.

- Die sywurms in Sjina spin die **sy** op 'n ander manier as die sywurms in Italië. ( Selfstandige naamwoord – soort materiaal)
- **Sy** het vir my gesê dat sy weer die werk sal doen. (Vroulike persoon – voornaamwoord)
- Die man het **sy** hand geskud toe hy hom ontmoet. (Manlkike persoon) (besitlike voornaamwoord.)
- Ek het 'n pyn in my **sy** en sal dokter toe moet gaan.. (Selfstandige naamwoord – deel van liggaam)
- Uitdrukking: Hoe dit ook al **sy**, ek het nie weer van haar gehoor nie. (Wat ook al die geval is)
- Sinne kan ook homonieme wees:
- Ek soek die vrou met die hond – kan beteken ek gebruik die hond om die vrou te soek **OF** ek soek die vrou wat 'n hond het.
- Ou perde spring moeilik – kan beteken dat ou perde nie meer kan spring nie **OF** dat dit moeilik is om op ou perde te ry en met hulle te spring.
- Die skaap is te vet om te eet – kan beteken die skaap(vleis) is baie vetterig en kan nie geëet word nie **OF** die skaap is so vet dat hy sukkel om self te eet.

Die betekenis van woorde in 'n vreemde taal kan verwarrend wees *(confusing)* omdat woorde met dieselfde spelling verskillende betekenisse *(different meanings)* kan hê.

AFDELING 5

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Spelling – los en vas skryf

SIEN OOK HOOFSTUKKE 6, 8, 9, 12, 13, 16, 17 EN 18 IN DIE LEERDERBOEK.

**SPEL woorde reg:**

| | | |
|---|---|---|
| **Woorde wat een begrip aandui, word vas geskryf.**<br>Samestellings word vas geskryf –<br>EEN woord.<br><br>Voorbeelde: badkamer, Desembermaand, eindeksamen, gemakstoel, huiswerk, huishulp, Malanrylaan, Nuwejaar, sitkamerstoel, vieruur, tienuur.<br><br>EEN IDEE = EEN WOORD! | **Intensiewe vorme word vas geskryf.**<br><br>Voorbeelde:<br>Daar is TWEE woorde met **brand**: brandarm en brandmaer.<br>Daar is TWEE woorde met **mors**: morsdood en morsaf.<br>Daar is DRIE woorde met **smoor**: smoorverlief, smoorkwaad en smoordronk.<br>Daar is VIER woorde met **bloed**: bloedjonk, bloedrooi, bloedmin en bloedweinig.<br>Daar is SES woorde met **stok** stokblind, stokdoof, stokflou, stokoud, stokstyf en stoksielalleen.<br>Daar is SESTIEN woorde met **dood**: doodbang,-bleek, -eenvoudig, eerlik, -gaar, -gelukkig, -gewoon, -goed, -lekker, -moeg, -onskuldig, - skaam, - seker, -siek, -stil, -swak,<br>-tevrede<br>Al die ander Intensiewe vorme word onder Byvoeglike naamwoorde op bladsy 93 behandel. | Woorde kan **soms vas en soms los** geskryf word, maar dan beteken die woorde nie meer dieselfde nie.<br><br>Voorbeelde:<br>Ek het al twee appels geëet./Hy het altwee appels geëet.<br>In die oggend staan ons almal agter mekaar./Hy is 'n agtermekaar jong man.<br><br>Die boom sal groot word as jy hom baie water gee./My kinders sal grootword sonder 'n pa.<br><br>Die rok is regtig te kort./Daar is 'n tekort aan voedsel in daardie land.<br><br>Hy het honderd rand verdien./Ek het 'n honderdrandnoot opgetel.<br><br>Dit het twaalf uur geneem om tot in die Kaap te ry./Dis nou op die kop twaalfuur.<br><br>**Wanneer woorde rigting aandui, word dit altyd los geskryf:**<br>Ons gaan Kaap toe, Ons was vir die dag Durban toe. |

# AFDELING 5

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Spelling, hoofletters skryftekens:

SIEN HOOFSTUK 5, 8, 9, 12, 13, 16, 17 EN 18 IN DIE LEERDERBOEK.

**Hoofletters word gebruik in die volgende gevalle:**

| | | |
|---|---|---|
| (a) By die eerste letter van elke volsin: Die man sien ’n slang. | (b) By die eerste letter van die tweede woord as die sin met ’n begin: ’n Man het die slang geskiet. | (c) By die eerste letter ná die dubbelpunt in sinne in die direkte rede: Piet sê: “Ek sal die pille koop.” |
| (d) By die name van God en gelowe: Here, Mohammed, Protestants, Anglikaans. | (e) By alle eiename: Hester, Piet, Nina, Klara, Daniel en by alle plekname soos Durban | (f) By titels en name van familielede wat as aanspreekvorm gebruik word: Meneer, Oom, Tannie (*sien pasopblokkie) |
| (g) By name van publikasies: Rapport, Huisgenoot, You | (h) By name van verenigings, partye, openbare liggame, inrigtings, dienste ensovoorts: Radio Sonder Grense; Radio Jakaranda | (i) By name van dae, maande en feesdae: Maandag, Kersfees, Paasfees, Maart. |

Pasop vir: (j) Wanneer titels voor eiename gebruik word, word dit gewoonlik met ’n klein letter gespel: mnr. Jansen, dr. Hamman, tannie Louie

**Leer hoe om die leestekens te gebruik:**
**punt, komma, dubbelpunt, vraagteken, uitroepteken, aanhalingstekens en hakies**

| Leesteken | Naam | Voorbeeldsin |
|---|---|---|
| . | punt | Aan die einde van ’n sin plaas ons ’n punt. |
| , | komma | Hulle gaan by die skool lees, speel en sing. |
| ? | vraagteken | Wie het die boek vir jou gegee? |
| ! | uitroepteken | Sjoe! Julle span is goed! |
| “ ” | aanhalingstekens | “My naam is Marie. Ek is vyftien.” |
| ë | deelteken | Ons het die kos geëet. |
| ê | kappie | Die skape mê in die kraal. |
| ( ) | hakies | Die mense (Jan se familie) het vroeg gekom |
| ï | Deelteken op i | Ek is beïndruk met die nuwe hoof. |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Stam, afleiding samestelling, samestellende afleiding, verbindingsklanke

Woorde kan **eenvoudig (simplekse)** of **kompleks** wees.

Simplekse het slegs een **BASIESE DEEL OF stam**

- As iets van die woord weggevat word sal dit niks beteken nie.
- Daar kan dus geen letters van die woord weggevat word om die woord korter te maak nie.

Ingewikkelde woorde word **komplekse** genoem.
Hulle bestaan uit **een of meer stamme.**
**Premorfeme** en of **postmorfeme word bygevoeg.**

| Komplekse woorde | | |
|---|---|---|
| Stam + Stam | Pre-morfeem + Stam | Stam + Post-morfeem |
| Leeu + wyfie = leeu-wyfie | Ge (verlede tyd) + slaap = geslaap | Tafel + tjie (verkleining) = tafeltjie |
| Venster + bank = ven-sterbank | Aarts (grootste) + vyand = aartsvyand | Rots + agtig (byvoeglike naamwoord) = rotsagtig |
| Bottel + prop = bot-telprop | On (nie) + eerlik = oneerlik | Koning + in (vroulike vorm) = koningin |
| Tafel + poot = tafel-poot | Her (weer) + ken = herken | Dig + ter (persoonsnaam = digter |
| Kat + kos = katkos | Anti (teen) + rook = antirook | Groot + ste (trappe van vergelyking) = grootste |
| Bottel + prop = bot-telprop | Ont ( weg) + trek = onttrek | Hond + e (meervoud) = honde |

Soms is daar **verbindingsklanke** tussen 2 stamme sodat die woord makliker uitgespreek kan word.

hond + hok = hondehok suid + wind = suidewind

suster + kind = susterskind stad + japie = stadsjapie

kind + boek = kinderboek broer + liefde = broederliefde

eet + tyd = etenstyd wa + huis = waenhuis

duif + hok = duiwehok brief + mes = briewemes

Jy moet voor- en agtervoegsels kan gebruik om nuwe woorde te vorm –

bedags, weekliks, onskuldig

**AFDELING 5**

# HERSIENING: TAALASPEKTE

Ons kan nuwe woorde maak deur **voegsels voor aan die woord** te sit:

| Voorvoegsel | Betekenis | Voorbeeld | Voorvoegsel | Betekenis | Voorbeeld |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. aarts- | baie groot | aartsvyand | **6. oer-** | Baie oud | oermens |
| **2. anti-** | teen | antirook | **7. on-** | nie | onmoontlik |
| **3. be-** | laat gebeur | besmeer | **8. ont-** | wegneem | ontsê |
| **4. her-** | weer | herwin | **9. ver-** | laat gebeur | versier |
| **5. mis-** | verkeerd | mishandel | **10. wan-** | slegte | wanorde |

Ons kan nuwe woorde maak deur voegsels agter aan die woord te heg:

| Agtervoegsel | Betekenis | Voorbeeld | Agtervoegse | Betekenis | Voorbeeld |
|---|---|---|---|---|---|
| **1. -aar** | ’n persoon | boemelaar | **9. -(d)er** | persoon | leerder |
| **2. -aard** | Soort mens | luiaard | **10. -erig** | manier | benerig |
| **3. -agtig** | “soos” | aapagtig | **11. -ery** | Doen iets | werkery |
| **4. -aris** | werker | sekretaris | **12. -gewyse** | manier | speelsgewyse |
| **5. -asie** | toestand | persentasie | **13. -heid** | eienskap | moeilikheid |
| **6. -baar** | hoedanigheid | vrugbaar | **14. -ier** | persoon | tuinier |
| **7. -dom** | Groot groep | rykdom | **15. -in** | vrou | kelnerin |
| **8. -loos** | “sonder” | foutloos | **16. -skap** | hoedanigheid | klerkskap |
| | | | **17. -es** | meervoud | gevangenes |

## Ons maak nuwe woorde met behulp van:
## (A) SAMESTELLINGS

As ons twee (of meer) woorde saamvoeg om ’n nuwe begrip te vorm praat ons van ’n samestelling.
Elkeen van die woorde beteken op sy eie iets anders as wat die saamgestelde produk beteken.

### Voorbeelde

**Goed** = die meervoudsvorm van ‘ding’ **Koop** = om geld te betaal om iets te kry.
Maar: **goed+koop** = om baie min vir iets te betaal.

**Papier** = iets waarop jy skryf. **Pop** = iets waarmee kinders speel
Maar: **papierpop** = pop in papiervorm.

# HERSIENING: TAALASPEKTE

| Twee woorde word vorm een woord | Twee woorde kry -e tussenin | Twee woorde kry -s tussenin | Twee woorde kry -er tussenin | Twee woorde kry -ns of -ens tussenin |
|---|---|---|---|---|
| Slaap+kamer<br>Tafel+doek | Held+e+daad<br>Hond+e+hok | Hemp+s+mou<br>Stad+s+kind | Kind+er+jare<br>Suid+er+kruis | Lewe+ns+lus<br>ete+ns+tyd<br>Lewe+s+lank |

| As woorde met -f eindig, word dit w | +ss+ As een woord eindig en ander begin met s | Die eerste deel van 'n samestelling is enkelvoud. | Daar is plek vir die kop en die voete op 'n bed. | Pasop vir vangplekke:<br>Aarde+appel=aartappel<br>Aarde+bewing=aardbewing<br>Skip+kaptein = skeepskaptein |
|---|---|---|---|---|
| Brief+bus = briewebus | Dans+saal<br>Plaas+seun | Meisie+skool<br>Man+skoene | Koppenent<br>Voetenent | Vrugteboord /ossewa/ hoëveld/ os+wa=ossewa |

Die **laaste deel** van die woord sê waaroor dit gaan bv. **watertenk** is 'n **tenk** waarin daar water is en **tenkwater** is **water** wat van 'n tenk kom

**Ander voorbeelde:**

tuin+grond = tuingrond; knop+neus = knopneus; operasie+teater = operasieteater

### (B) AFLEIDINGS

Jy moet afleidings kan gebruik
'n Woord word met behulp van 'n voegsel verander.

**Voorbeeld:**

In die **toekoms** sal baie dinge **verander**. Ons moet let op **toekoms(tige) verander(ings).**
Die gedeeltes tussen hakies is agtervoegsels.

### (C) SAMESTELLENDE AFLEIDINGS

Ons neem twee of meer woorde en voeg 'n voegsel voor of agteraan.

Voorbeelde:
Matriek (woord) + afskeid (woord) + rok (woord) + ie (voegsel) = matriekafskeidrokkie

Gesig (woord) + s(verbindingsklank) + ont (voegsel) + rimpel (woord) + ing (voegsel) = gesigsontrimpeling

So maak ons nuwe woorde:

1. Die **vrou** is 'n **mens** wat soms ydel kan wees — **voumens**
2. Sy sal die **geld** wat sy **erf** vir die operasie gebruik. — **erfgeld**
3. Die vrou soek **behandeling** vir haar **skoonheid**. — **skoonheidsbehandeling**

# HERSIENING: TAALASPEKTE

4. Die **strale** van 'n **laser** kan plooie verminder. **laserstrale**
5. Die **kontoere** van haar **liggaam** lyk nou baie goed. **liggaamskontoere**
6. Sy wil die **kleur** van haar **oë** verander. **oogkleur**
7. Sy het by die **salon** ingestap waar **skoonheid** geadverteer word. **skoonheidsalon**
8. Sy gaan **behandeling** ontvang om haar **skoonheid** te verbeter **skoonheidsbehandeling**
9. Sy weeg nou so **lig** soos 'n veer. **veerlig**
10. Die meisie wat **trou** gaan haar **rok** self maak. **trourok**
11. Hy dra **skoene** wat **dik hakke** het. **dikhakskoene**
12. Die **masjien** waarmee mens **koffie** maak, het gebreek. **koffiemasjien**
13. Die **venster** van die **klaskamer** het gebreek. **klaskamervenster**
14. Die **skoene** waarmee hy **stap** het vuil geword. **stapskoene**
15. Sy het heel eerste 'n **operasie** aan haar **neus** gehad. **neusoperasie**
16. In die toekoms sal die **geboorte** van babas **beperk** word. **geboortebeperking**
17. Sy is nou so **mooi** soos 'n **pop**. **popmooi**
18. Die **wind** wat van die **noorde** en die **weste** kom het die fietsryer omgewaai. **noordwestewind**
19. Die **lepel** waarmee ek my **tee** roer is van silwer gemaak. **teelepel**
20. Die **punte** van sy **vingers** is sensitief omdat hy sy hand gebrand het. **vingerpunte**

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Voegwoorde – groep 1,2,3

**Verbind sinne met voegwoorde en gebruik die korrekte woordorde.**

| | | |
|---|---|---|
| **Groep 1**<br>(Daar is geen verandering van die woordorde nie) | **Groep 2**<br>(Die werkwoord of die hulp-werkwoord skuif tot langs die voegwoord.) | **Groep 3**<br>(Die werkwoord en die hulpwerk-woord skuif tot aan die einde van die sin.) |
| Kommas voor maar, want en dog. | Kommapunte voor die voeg-woorde, maar kommas voor al, dan en toe. | Geen leestekens nie. |
| Voegwoorde:<br>en, maar, want, dog,<br>of (or), òf...òf, nòg...nòg | Voegwoorde:<br>dus, daarom, gevolglik, tog, nog-tans, anders, al (although), dan, toe (then), nietemin | Voegwoorde:<br>Enige verbinding met –dat, aangesien, hoewel, alhoewel (although), as, indien, sodra, sedert, mits (provided that), tensy, (unless) asof, terwyl, of (whether), toe (when), wanneer, hoe...hoe... |
| Voorbeelde:<br>Jan het gaan slaap. Hy is baie moeg.<br>(want) Jan het gaan slaap, **want** hy<br>is baie moeg. | Voorbeelde:<br>Jan is baie moeg. Hy het gaan slaap. (daarom)<br>Jan is baie moeg; **daarom het** hy gaan slaap. | Voorbeelde:<br>Jan het gaan slaap. Hy is baie moeg. (omdat)<br>Jan het gaan slaap **omdat** hy baie moeg **is.** |
| | Jy kan 'n sin begin met die woord "**Al**": | Sinne kan begin word met die voegwoorde uit hierdie groep. |
| | **Al** het hy vroeg gaan **slaap, was** hy<br>die volgende dag nog steeds moeg. | **Omdat** hy vroeg **gaan slaap het, het** hy beter **gevoel.** |

**Skematiese voorstelling van hoe sinne lyk wat met 'n groep 3-voegwoord begin word:**

| Tyd waarin sin geskryf word | Ww = werkwoord | Voorbeeld |
|---|---|---|
| Teenwoordige tyd | Gr.3 ww + komma + ww | **Terwyl** sy die boek **lees, val** die reën |
| Verlede tyd | Gr.3 ww+ ww +komma +ww ww. (aan einde) | **Toe** sy die boek **gelees het,** het dit **gereën.** |
| Toekomende tyd | Gr.3 ww + komma + ww ww.(aan einde) | **Alhoewel** dit hard **reën, sal** ons tennis **kan speel.** |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

Jy moet voorwaardes kan stel deur voorwaardelike sinstrukture te gebruik:
As ek nie die motor gesluit het nie, sou hulle...
**As** is 'n Groep 3-voegwoord.
Wanneer jy 'n sin met As begin, lyk die sin skematies so:

Groep 3 (As).................................................ww,ww..................................ww.

Voorbeelde:
- **As** hulle nou **kom, gaan** ek iets **eet.**
- **As** hulle **nie nou kom nie, sal** ek **kwaad word.**

## Voorsetsels

**Leer die belangrikste voorsetsels:**

Die kleinste woordjies gee soms die grootste probleme!
Voorsetsels is woordjies wat verhoudings aandui en voorsetsels oor verhoudings is ook belangrik:
Ek hou **van** jou. Ek is verlief **op** hom. Hulle is verloof **aan** mekaar. Hy is jaloers **op** haar. Hulle gaan **met** mekaar trou want hulle is verloof **aan** mekaar. Hulle gaan aan die einde van die jaar **met** mekaar trou. Hy sal haar goed behandel en hulle sal **op** mekaar staatmaak. Hulle is trots **op** hulle kinders. Niks sal hulle ooit **van** mekaar laat afsien nie, want hulle is geheg **aan** mekaar.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Sit **aan** tafel | Hulle is **in** nood | Praat **met** iemand | **Op** kollege wees, maar **aan** die universiteit | Stuur dit **per** pos | **Ten** gunste **van** (t.g.v.) |
| Skuldig **aan** moord | Alles is **in** rep en roer | Doen dit **met** opset | **Op** kantoor wees | Betaal R200 **per** persoon | **Ten** spyte **van** (t.s.v.) |
| Rug **aan** rug | Goed **in** Wiskunde | Simpatie hê **met** | **Op** vlug slaan | **Per** dag | **As** gevolg **van** (a.g.v.) |
| Gaan **aan** wal | Dit val **in** my smaak | Gaan saam **met** | Teken in **op** die tydskrif | Reis **per** trein | Stap **te** voet |
| **Aan** die neus lei | **In** 'n bus of mo-tor wees | **met** die hand skud | **op** die waarheid baseer | Reis **per** vlieg-tuig | Ry **te** perd |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Enkelvoudige sin, bywoordelike bepalings van tyd, wyse plek

In 'n **enkelvoudige sin** is die bywoordelike bepaling daardie **woord(e)** in die sin wat meer vertel van die **werkwoord.**

VOORBEELD:

ww.[1] 2.hoe? *(manier/wyse)* ww.[2]

Ek ***het*** gister hartseer (by my oom se hospitaalkamer) uitgestap.

1.wanneer? *(tyd)* 3.waar? *(plek)*

Met ander woorde:

**Wanneer** het ek uitgestap? – **gister** (bywoordelike bepaling van **tyd**).

**Hoe** het ek uitgestap? – **hartseer** (bywoordelike bepaling van **wyse/manier**).

**Waar** het ek uitgestap? – by my oom se hospitaalkamer (bywoordelike bepaling van **plek**).

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Spelreëls en spelpatrone

SIEN HOOFSTUK 5, 6, 9, 12, 13, 16, 17 EN 18 IN DIE LEERDERBOEK

**Jy moet woorde wat dikwels verkeerd gespel word reg kan spel**

Die A B C van woorde wat dikwels verkeerd gespel word.

| | | |
|---|---|---|
| A<br>Aaklig,aartappel, adres,akkommodasie allerhande, al weer, ambisieus, ambulans ammunisie | B<br>Baie, bekommerd, benodigdhede, biblioteek, bietjie, blondine, beklemtoon | C<br>Chaos, confetti, chauffeur |
| D<br>Dieselfde, disko, dissipline | E<br>Eiendom, eienaar, etiket, elek-trisiteit, enjin, entoesiasme, ewe skielik | F<br>Familie, figuur, fiks, fout, fris |
| G<br>Galery, gebaseer, gedurende, grammatika, grootte, grote, grotte, geïnteresseerd | H<br>Hardkoppig, hartseer, hemde, herinnering, huwelik | I<br>Illusie, individu, ingenieur, in-tellektueel, interessant |
| K<br>Kanselleer, komitee, kommis-sie, koöperasie, kommunika-sie, kaartjie, korrespondensie, krokodil, kwartier, karretjie, komitee | L<br>Liggaam, liefde, lyf, lewe, liewe, liewer | M<br>Maatskappy, masjien, minuut, misdadiger, muggie, |
| N<br>Naelskraap, nasionale, nog steeds, nog een, nog ’n man, nuuskierig | O<br>Onmiddellik, onmoontlik, om verskoning vra, opgeruimd, op-ponent | P<br>Papegaaie, pawiljoen, paraffien, periode, pessimisties, plakkaat, polisie, prokureur |
| R<br>Rapport, regisseur, rêrig, regtig, raadgewer | S<br>Sjokolade, skielik, standerd, standaard, suinig, slordig, sokker | T<br>Telegram, teleurgesteld, tot siens, tweede |
| U<br>Universiteit, universeel, uniek, uiter | V<br>Vakansie, vermoëns, veertien, verrassing, veertig, vlieënier, volgende, volgens, vrolike | W<br>Waardeer, waardeur, waat-lemoen, wedstryd, weer eens |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Jy moet woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante reg kan spel

| | | |
|---|---|---|
| Lettergrepe wat op klinkers (vokale) eindig, word **oop lettergrepe** genoem. In oop lettergrepe word die klinkers a, e, o en u nie dubbeld geskryf nie, behalwe vir die uitsondering op die reël: tweede.<br><br>Voorbeelde: **sa**ke, be**we**ging, **me**de, **bo**me, **ba**ne, **bu**re | As daar 'n kort vokaal (klinker) voor 'n medeklinker (konsonant) staan EN die klinker word beklemtoon, word die medeklinker dubbel geskryf.<br><br>Voorbeelde: kra**pp**e, me**ss**e, le**mm**e, bo**mm**e, bu**ll**e. | Soms val die aksent nie op die kort klinker nie, en die medeklinker word nog steeds verdubbel:Alleen, bobbejaan, pikkewyn, kommissie<br><br>Lettergrepe wat op konsonante (medeklinkers) eindig, word **geslote lettergrepe** genoem: waar/-heid; |

## Deelteken: ë/ï

| | | |
|---|---|---|
| Die deelteken word gebruik om die begin van 'n nuwe lettergreep te wys.<br><br>Onthou dat **elke** lettergreep in Afrikaans uitgespreek word. Ons het nie stil klanke nie!! | Ons sê dus: Ar-gen-ti-ni-ë. Hierdie woorde kry almal deeltekens: beëindig (be-ëin-dig) beïnvloed, breër, diëte (maar dieet) geïgnoreer, geïnteresseer, hoër, moeër, neëntig, oorloë, reën, seël, spieël, vlieënier, vroeër, reünie, voël, leë. | Woorde soos dae, laer, waens, dieet, finansieel kry **nie deeltekens** nie, omdat die klinkers NIE as een klank uitgespreek kan word nie: ons sê: da-e/di-eet/la-er. |

## Kappie

| | | |
|---|---|---|
| 'n Kappie kom bo 'n e, i, o en u en dit wys dat die klank langer gerek moet word.<br>Voorbeelde:<br>ê soos êrens, lê, sê, wêreld, mê; û soos brûe;<br>ô soos in môre;<br>î soos in wîe – die meervoud van wig | Woorde met 'n ê-klank voor 'n r, kry nie 'n kappie nie:<br>kers,<br>kombers,<br>perd,<br>pers,<br>ver,<br>vlermuis | [Pasop vir]<br><br>Uitsonderings:<br>skêr en skêre,<br>primêr en primêre, dissiplinêr en dissiplinêre |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Koppeltekens word in die volgende gevalle gebruik

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) By die opeenhoping van klinkers: drie-uur, see-eend | (b) By herhalings: kort-kort, gou-gou, nou-nou | (c) By samestellings wat met en verbind word: sout-en-peper-stelletjie | (d) By samegestelde titels: luitenant-kolonel, sersant-majoor |
| (e) By Aardrykskundename: Suid-Afrika, Noord-Korea, Oos-Duitsland, Wes-Berlyn | (f) By samekoppe-lings wat al tot 'n vaste eenheid gegroei het: wag-'n-bietjie, piet-my-vrou | (g) By samestellings met letters en syfers: X-strale, A-span, Graad 9-klas | (h) By samestellings met oud-, hulle-, assistent-, vise-, adjunk-, aspirant-, pro-, anti-: oud-leerling, ma-hulle, vise-hoof, anti-alles |
| (i) Om dubbelsinnigheid te vermy: pronk-ertjie (in plaas van pronkertjie) sebra-vel (in plaas van sebravel) | (j) By samestellings waar die laaste deel net een keer genoem word: in-en uitgange; seuns-en meisieklere | (k) Om 'n toestand aan te dui: hy's been-af op haar; sy lyk maar bek-af, ek is raad-op | (l) By lang samestellings: skoolgeld-inbetalings; waat-lemoenkonfyt-tentoonstelling |
| Pasop hiervoor: Telwoorde kan met of sonder koppeltekens geskryf word: sy is drie-en-twintig; sy is drie en twintig | Verbindings met eiename wat die funksie van 'n eienaam verrig, kan los of vas geskryf word: O.R.Tambo-lughawe of O.R. Tambolughawe of O.R.Tambo lughawe | | |

## Afkappingsteken word hier gebruik

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| (a) By meervoude en verkleinwoorde van selfstandige naamwoorde wat eindig op 'n beklemtoonde a, i, o, en u: safari's, foto'tjie, skadu'tjie | (b) By meervoude en verkleinwoorde van eiename wat eindig op 'n s, z en e wat nie in die enkelvoud uitgespreek word nie. Cilliers's en Celliers'tjie | (c) By sommige uitroepe: B'r!; H'n-n! | (d) By verswakte vorme: waar's, hy't, daar's | Pasop: Ons gebruik nie die afkappings-s by die volgende nie: John se boek (Engels: John's book) |

## Hakies

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| () ronde hakies word gebruik om 'n letter, 'n woord of sin by te voeg as verduideliking. | () ronde hakies word gebruik as bronne aangehaal word. | As 'n volledige sin aangehaal word, kom die punt binne die hakies. | As 'n parentese in 'n sin gevoeg word, verskyn dit tussen ( ) , met 'n komma daarna: | Gebruik vierkantige hakies [ ] binne ronde hakies. |
| Ouderdom kom tussen hakies as dit ná die persoon se naam verskyn. | Afkortings soos jr, sr. word nie tussen hakies geskryf nie. | In wiskunde word verskillende hakies in vergelykings gebruik. Die volgorde is altyd: { [ ( { [ ( ) ] } ) ] } | As die woord tussen hakies kursief is, moet die hakies nie ook kursief wees nie. | As 'n gedeelte van 'n sin aangehaal word, kom die punt buite die hakies. |

**AFDELING 5**

# HERSIENING: TAALASPEKTE

**Jy moet weet waar om 'n woord in sy dele af te kap.**
**Lettergreepverdeling: soms moet jy 'n woord aan die einde van 'n reël afkap.**

| | | |
|---|---|---|
| (a) As 'n medeklinker tussen klinkers staan, vorm die medeklinker deel van die volgende lettergreep: wa-ter; ta-ma-tie; po-me-lo; | (b) Wanneer twee medeklinkers **tussen** klinkers staan, val die skeiding tussen die twee medeklinkers: negen-tig; in-rig-ting | (c) Wanneer daar drie of meer medeklinkers staan, word die woord ná die **eerste** medeklinker afgekap: kon-trak; pam-flet |
| (d) Die deelteken wys waar die nuwe lettergreep **begin**: vo-ël; | (e) Die kappie wys gewoonlik waar die lettergreep **eindig**: bê-re; nê-rens | (f) Die s en die j word nooit geskei as dit een klank vorm nie: bros**j**-ure; ma**sj**-ien |

## Jy moet weet wat determineerders soos 'n en die is

| **Die bepaalde lidwoord** | **Die onbepaalde lidwoord.** |
|---|---|
| **Die** | **'n** |
| Voorbeeld: | Voorbeeld: |
| Ek het **die** onderwyser in **die** dorp gesien. | Hulle het **'n** huis gekoop. |
| **Die** word altyd voor die volgende woorde gebruik: dood, meeste, winter, herfs, lente, somer, ouderdom, kerk, skool, toekoms, verlede, geskiedenis, hospitaal, (in) die mode, (in) die skuld; voor die oortreffende trap -ste; voor name van geboue; "**de**" word nog soms gebruik by woorde soos: de drommel, de duiwel. | Ons gebruik **nooit 'n** in die volgende gevalle **nie**:<br>Hy staan op **aanklag** van bedrog tereg.<br>Dit word as **voorbeeld** genoem.<br>Hy is **lidmaat** van die kerk.<br>Sy is as **joernalis** uitstekend.<br>Die paaiement is as **persentasie** van die bedrag bereken.<br>Ons gebruik **altyd 'n** voor **miljoen, miljard, triljoen,** maar **nie** voor **honderd** en **duisend** nie! |

## Jy moet telwoorde en rangtelwoorde soos eerste vyftien en laaste ken

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| een | twee | drie | vier | vyf |
| eerste | tweede | derde | vierde | vyfde |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| ses | sewe | agt | nege | tien |
| sesde | sewende | agtste | negende | tiende |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| elf | twaalf | dertien | veertien | vyftien |
| elfde | twaalfde | dertiende | veertiende | vyftiende |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| sestien | sewentien | agtien | negentien | twintig |
| sestiende | sewentiende | agtiende | negentiende | twintigste |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Ontkenning

### Jy moet die ontkennende vorm kan gebruik – Moenie... nie..nie

| Positiewe sinne (+) | Negatiewe of Ontkennende sinne (-) |
|---|---|
| Het jy **al** van die Titanic gehoor? | Het jy **nog nie** van die Titanic gehoor **nie.** |
| Wil jy **nog** kos hê? | Wil jy **nie meer** kos hê **nie**? |
| **Bevel:** Slaan die kat! | **Moenie** die kat slaan **nie**! |
| **Versoek:** Staan asseblief regop. | Moet asseblief nie regop staan nie. |
| Of Jan òf Sarie gaan eerste staan in die klas. | (Geen nie aan die einde van die sin nie) Vervang elke òf....òf met nòg...nòg<br>Nog Jan nog Sarie gaan eerste staan in die klas. |
| Ander: êrens, iets, altyd, iemand, al ooit, alles, moontlik, iets, al iets, alreeds, baie/al baie | Nêrens, niks, nooit/nie altyd,<br>niemand, nog nooit, niks, nie moontlik nie, niks, nog niks, nog nie, nog nie baie nie, glad nie. |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Sinonieme, antonieme, paronieme, verwarrende woorde

**Sinonieme** en **Antonieme** word gebruik om ons woordeskat te verbreed en ons sinne meer interessant te maak. Om net een woord soos "**lekker**" aanmekaar te gebruik om te sê dat ons van iets hou is baie vervelig

**Sinonieme** is woorde met ongeveer dieselfde betekenis.
Hier volg 'n lys van die algemeenstes.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **admireer** | bewonder | **akkuraat** | noukeurig | **akteur** | toneelspeler |
| **applous** | toejuiging | **apologie** | verskoning | **applikasie** | aansoek |
| **arriveer** | aankom | **biografie** | lewensbeskry-wing | **botanie** | plantkunde |
| **briesend** | woedend | **chemie** | skeikunde | **definisie** | omskrywing |
| **destinasie** | bestemmimg | **distansie** | afstand | **eggo** | weerklank |
| **eksperiment** | proefneming | **ekspert** | deskundige | **finansieel** | geldelik |
| **fisika** | natuurkunde | **forseer** | dwing | **garage** | motorhuis |
| **geografie** | aardrykskunde | **histories** | geskiedkundig | **horison** | kim |
| **industrie** | nywerheid | **intellektueel** | slim | **intens** | hewig |
| **insident** | voorval | **inspireer** | motiveer | **katastrofe** | ramp |
| **komedie** | blyspel | **kompeteer** | meeding | **konflik** | botsing |
| **konfidensieel** | geheim | **konsonant** | medeklinker | **kontinent** | vasteland |
| **kopie** | eksemplaar | **kommunikeer** | Praat/skryf | **kwaliteit** | gehalte |
| **matesis** | wiskunde | **modern** | byderwets | **moment** | oomblik |
| **offisieel** | amptelik | **okkasie** | geleentheid | **opponent** | teenstander |
| **periode** | Tydperk/les | **permissie** | toestemming | **populasie** | bevolking |
| **prinsipaal** | skoolhoof | **probleem** | vraagstuk | **professie** | beroep |
| **profyt** | Wins | **redenaar** | spreker | **resultaat** | gevolg |
| **satisfaksie** | bevrediging | **simpatie** | meegevoel | **sisteem** | stelsel |
| **substituut** | plaasvervanger | **suspisie** | agterdog | **Tydens** | gedurende |

AFDELING 5

# HERSIENING: TAALASPEKTE

**Antonieme** is woorde met 'n teenoorgestelde betekenis.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **aanneem** | verwerp | **aanraai** | afraai | **agterdog** | vertrou |
| **anderkant** | duskant | **bevestig** | ontken | **blydskap** | hartseer |
| **boeiend** | vervelend | **eenvoudig** | ingewikkeld | **oorvloed** | gebrek |
| **geestelik** | liggaamlik | **gewillig** | onwillig | **goedkeur** | afkeur |
| **guns** | onguns | **helder** | troebel | **helder** | betrokke |
| **hoogmoedig** | nederig | **hoop** | wanhoop | **inheems** | uitheems |
| **inkomste** | uitgawe | **lafaard** | held | **letterlik** | figuurlik |
| **lui** | fluks | **maklik** | moeilik | **minderheid** | meerderheid |
| **mis** | raak | **modern** | outyds | **mondig** | minderjarig |
| **mismoedig** | vrolik | **onbeskof** | beleefd | **oorlog** | vrede |
| **oorsaak** | gevolg | **oorwinning** | nederlaag | **optimisties** | pessimisties |
| **orde** | wanorde | **praat** | stilbly | **rykdom** | armoede |
| **selde** | gereeld | **siek** | gesond | **skriftelik** | mondeling |
| **stedelik** | landelik | **styg** | daal | **suinig** | vrygewig |
| **teoreties** | prakties | **tydelik** | permanent | **verbeter** | versleg |
| **verminder** | vermeerder | **volop** | skaars | **voordeel** | nadeel |
| **voorstander** | teenstander | **vreugde** | verdriet | **vriend** | vyand |
| **vorentoe** | agtertoe | | | | |

**Paronieme** is woorde wat van dieselfde stam of basis afgelei word, maar wat van betekenis verskil. Paronieme word ook soms verwarrende woorde genoem.

| Basis (stam) | Betekenis 1 | Betekenis 2 en 3 |
|---|---|---|
| dank | Afdank(ing) | Bedank(ing) |
| Dra | Draagbaar | Draaglik |
| kind | Kinderlik | Kinderagtig/kinds |
| Kos (cost) | Kosbaar | Kostelik/kosteloos |
| troos | Ontroosbaar | Troosteloos |
| oordeel | Veroordeel | Beoordeel |
| bank | Bankier | Banket |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

**Verstaan en gebruik verwarrende woorde:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Berig/berug | Beurt/buurt | Brei/bry | Klere/kleure | Lit/lid |
| Haal/hael | Maer/maar | Eis/ys | Britte/Britse | Volgende/volgens |
| Steil/styl | Steur/stuur | Swaer/swaar | Vel/fel | Vyl/vuil/vyl |
| Syne/seine | Gelede/verlede | Peil/pyl | Vors/fors | Deesdae/destyds |
| Gedurig/gedurende | Wei/wy | Vrae/vra/vraag | Ly/lui/lei/lê | Dokter/doktor |

## Figuurlike taal: idiomatiese uitdrukkings en vergelykings

### A. IDIOMATIESE TAALGEBRUIK

| IDIOOM | VERDUIDELIKING | ENGELS |
|---|---|---|
| Die aap uit die mou laat | Die geheim uitlaat | To tell a secret |
| (Ver)koop vir 'n appel en 'n ei | Goedkoop verkoop of koop | Sell or buy cheaply |
| 'n Appeltjie skil met iemand | Met iemand raas | Scold someone |
| Die appel val nie ver van die boom af nie | Aard of lyk na die pa/ma | Look or act like father |
| Been-af wees op iemand | Verlief wees op iemand | To be in love with someone |
| Hoë bome vang die meeste wind | Belangrike mense kry die meeste kritiek | Important people are critisized the most |
| Sit met hande in die hare | Weet nie wat om te doen nie | Don't know what to do |
| Die hasepad kies | Weghardloop | Run away |
| Jakkals prys sy eie stert | Iemand spog met himself | To brag |
| Gesels oor koeitjies en kalfies | Gesels oor klein dingetjies | Chit chat |
| Op hete kole sit | Angstig wees | To be anxious |
| Die koeël is deur die kerk | Dis verby/die skade is gedoen | The deed has been done |
| Kop bo water hou | Om darem finansieel te oorleef | To hold your head above water |
| Platsak wees | Geen geld hê nie | to have no money |
| In jou noppies wees met iets | Baie tevrede wees | To be happy |
| In die pad gesteek | Verloor jou werk | To be fired |
| Na iemand se pype dans | Na iemand luister/wense uitvoer | To follow instructions |
| Daar's 'n skroef los | Daar iets verkeerd | Something's wrong |
| Daar's 'n slang in die gras | Daar's 'n groot fout | There is a big problem |
| Jy gaan jou rieme styfloop | Jy gaan gevang word | You are going to get into trouble |
| Moenie tou opgooi nie | Moenie opgee nie | Don't give up |
| Stadig oor die klippe | Moenie te haastig wees nie | Slow down |
| Dit gaan voor die wind | Dit gaan goed | All is well |
| Dis bo my vuurmaakplek | Ek verstaan dit nie | I don't understand |
| Hy is uit die veld geslaan | Hy is oorbluf | Hy is shocked |
| Jy help hom van die wal in die sloot | Jy help hom glad nie | You're not actually helping |
| Jy is van lotjie getik | Hy is mal | He's mad |
| Jy't 'n klap van die windmeul weg | Hy is mal | He's crazy |
| Hy het lang vingers | Hy steel/hy's 'n dief | He's a thief |

### B. VASTE UITDRUKKINGS

a) Alles was in **rep en**... toe die sirkus vertrek (roer)
b) Sy praat **land en**... oor alles wat gebeur het. (sand)
c) Hulle kla **steen en**... oor die moeilike eksamen. (been)
d) Ons moet **swoeg en**... om die feite te leer. (sweet)
e) Hy vertel dit **wyd en**... aan almal wat wil luister. (syd)
f) Sy is nou baie **op en**... want sy het die hele dag geslaap.(wakker)
g) Hulle kom van **heinde en**... om die eksamen te skryf. (verre)
h) Sy kuier net so **af en**... by ons (toe)
i) **Oos, wes, tuis**...! Dis lekker om terug te wees. (bes)
j) Sy belowe **hand en**... dat sy my sal help. (mond)
k) Hulle **wik en**... oor die groot besluit. (weeg
l) Ek is nou **siek en**... vir hierdie gemors.(sat)
m) Jy kan my nie sommer **hiet en**... nie! (gebied)
n) Hulle veg soos **kat en**... met mekaar. (hond)
o) Ons het nie 'n **kat se**... om te wen nie. (kans)
p) Dis **nou of**...! Jy moet die kans waag. (nooit)
q) **Uit die oog, uit die**... (hart)
r) Ons moes net wen: **buig of**...! (bars)
s) Ek skrik nie vir **koue**... nie! (pampoen)
t) Ons soek **hot en**... na die roosmaryn. (haar)

## Retoriese stylmiddele: vergelyking, herhaling

**Jy moet vergelykings kan gebruik soos "so dood soos 'n mossie", "so koel soos 'n komkommer", ensovoorts**

| | | | |
|---|---|---|---|
| So dood soos | **'n mossie** | So regop soos | **'n kers** |
| So glad soos | **seep** | So blind soos | **'n mol** |
| So maer soos | **'n kraai** | So mak soos | **'n hond** |
| So hard soos | **klip** | So doof soos | **'n kwartel** |
| So oud soos | **die berge** | So plat soos | **'n pannekoek** |

AFDELING 5

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Voornaamwoorde

**Jy moet al die verskillende voornaamwoorde (v.nwe) ken: persoonlik, besitlik, betreklik, vraend en onbepaald**

| Persoonlike v.nw: | Besitlike v.nw | Betreklike v.nw | Vraende v.nw | Onbepaalde v.nw |
|---|---|---|---|---|
| (a) Die soort voornaamwoord kan die onderwerp van die sin wees:<br>Ek sing. Ons<br>Jy sing Julle<br>U sing. U sing<br>Hy sing. Julle sing<br>Sy sing. Hulle sing.<br>(b) Soms is dit die voorwerp van die sin:<br>Jane help my. (ons)<br>Jane help jou/u. (julle/u)<br>Jane help hom/haar. (hulle) | (a) Dit is my boek; die boek is myne.<br>(b) Kan ek met jou pen skryf? Die pen is joune.<br>(c) Dit is sy fiets. Die fiets is syne.<br>(d) Sy mors vet op haar baadjie.<br>(e)Die rok met die inkkol, is hare.<br>Hulle motor is stukkend.<br>Die stukkende motor is hulle s’n. | [Pasop]!<br>(a)Ons gebruik baie keer wat in die middel van ’n sin.<br>(b) Mense, diere en dinge kan wat gebruik. Die meisie wat daar loop is my niggie. Die hond wat die wors gesteel het, is stout.<br>(As jy moet kies tussen wie en wat en jy is onseker, kies wat, behalwe as daar ’n voorsetsel voor wie staan of se agter wie!) | Ons gebruik hierdie woorde om vrae te stel en ons gebruik ’n vraagteken aan die einde van die sin:<br>Wie, Met wie, Wie se, Wie s’n, Watter, Waarin, Waarmee ens.<br>Vir mense gebruik ons: Wie? Wie se? Wie s’n? Watter?<br>Vir diere, dinge en lande gebruik ons Watter? Wat? Waarin, op, van, voor. | Hierdie woorde verwys na mense in die algemeen. Dan gebruik ons die woord iets. Sy het iets moois gesê toe ek daar weg is.<br>Ons gebruik ook ’n Mens as ons na mense in die algemeen verwys.<br>Dit gaan altyd saam met jy en jou: ’n Mens moet altyd jou werk doen as jy wil slaag. Ander woorde is hulle, iemand en niemand. |

**Pasop:**
’n Voorsetsel kom gewoonlik nie voor WAT nie, maar kan ná WAT staan soos in vraag 1. Ons kan dus nie vra: “In wat het hulle gebad?” Ons sê liewer: Waarin...; maar ons kan sê: Die sout wat oor die kos gestrooi was...

Al hierdie woorde moet geleer word:
in+wat = waarin; met+wat= waarmee; vir+wat = waarvoor; tot+wat = waartoe; om +wat = waarom; na+wat = waarna

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Bedrywende en lydende vorm

**Jy moet die aktiewe en passiewe vorm kan gebruik (Lydende en bedrywende vorm)**

Maklike manier om sinne in Lydende vorm te skryf:
**As die Bedrywende vorm in die Teenwoordige tyd is:**

Voorbeeld: Die vrou koop vroeg die koerant by die kafee.
Die vrou = onderwerp; koop = werkwoord; vroeg = bywoord van tyd; die koerant = voorwerp;
by die kafee = plekbepaling .
Hier is die PATROON om te gebruik:

**WORD+DEUR+=(GE-)**

| Voorwerp | Eerste deel van patroon | Tydwoord(e) | Tweede deel van patroon | Onderwerp | plekbepaling | werkwoord |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Die koerant | word | vroeg | deur | die vrou | by die kafee | gekoop. |

**As die woord "het" in die bedrywende vorm in die sin verskyn:**

Voorbeeld: Die verpleegsters het die siek man gister in die ambulans gehelp.

Die verpleegsters = onderwerp; het+gehelp = gesegde; die siek man = voorwerp; gister = bywoord van tyd; in die ambulans = plekbepaling

Hier is die PATROON om te gebruik as jy "het" in die Bedrywende vorm sien:

IS + DEUR + (GE-) (Sekere werkwoorde kry nie ge- nie.)

| Voorwerp | Eerste deel van patroon | Tydwoord of -frase | Tweede deel van patroon | Onderwerp | Plekbepaling | werkwoord |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Die siek man | is | gister | deur | die twee verpleegsters | in die ambulans | gehelp. |

# HERSIENING: TAALASPEKTE

**As daar enige ander hulpwerkwoord in die Bedrywende vorm is – soos sal, sou kan, kon, moet, moes, wil, wou, gaan – moet die volgende patroon gebruik word:**

Voorbeeld: Die seun sal volgende jaar die koerante in sy buurt aflewer.

Die seun = onderwerp; sal + aflewer = gesegde; volgende jaar = tydsbepaling; die koerante = voorwerp

Hier is die PATROON om te gebruik:

## SAL+ DEUR+ (GE-) + WORD

| Voorwerp | Eerste deel van gesegde | Tydwoord | Tweede deel van patroon | onderwerp | plekbepal-ing | Tweede deel van gesegde | Laaste deel van patroon |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Die koer-ante | sal | volgende jaar | deur | die seun | in sy buurt | afgelewer | word. |

## Taalvariëteite - leenwoorde

Alle tale leen woorde by ander tale as hulle self nie ’n woord vir die voorwerp het nie.

**Ken julle hierdie woorde?**

- We were sailing in our yacht?

Klink Engels, nè? Maar dis eintlik ’n Nederlandse woord vir ’n vinnige skip – ’n **jacht**.
Dis gebruik om die seerowers vinnig te vang.
Wat van:

- *We only eat* **beef** *and* **mutton***; we don’t eat* **pork**.

Hierdie woorde is almal oorspronklik **Franse woorde.**
(Boeuf = beef; mutton = mouton; en pork = porque)
In Afrikaans eet ons beesvleis, skaapvleis en varkvleis.

In 1066 het ’n Franse koning, Guillaume, (William) Engeland binnegeval en die Franse was baie meer beskaafd as die stamme wat toe in Brittanje gebly het. Om deftig te wees het hulle dus Franse woorde en gebruike aangeneem.
Alle woord met **-tion** aan die einde is oorspronklik Franse woorde.

In Suid-Afrika het Afrikaans baie woorde “geleen” by ander tale, Engels, isiXhosa, isiZoeloe, Koikoi, San ensovoorts.

# HERSIENING: TAALASPEKTE

Uit **Maleis-Portugees** het ons byvoorbeeld die volgende gekry:

- Ons hou van **blatjang** en **bobotie**.
- Hulle eet **bredie** met **borrie**.
- Sy sit onder 'n **sambreel** voor die **kraal**.
- Daar's 'n **kiepersol** en **katjiepiering** in die tuin.
- Sy dra 'n **tjalie** terwyl sy **ghommaliedjies** sing.
- Haar seun is in die tronk.
- Haar **kussings** is met **kapok** gestop.

Uit **Koikoi** en ander **inheemse tale** het ons veral plant – en diername oorgeneem:

**Boegoe** (soort medisinale plant), **dagga** (rookgoed), **kwagga**,(soort sebra) **karos** (velkombers), **kierie** (houtstok om mee te veg), **abba** (dra), **hamba** (gaan weg), **lala** (slaap), **lapa** (hier), **kejima** (maak gou), **soega** (gaan weg), **sabona** (goeiedag), **kala** (huil), **faga lapa** (sit daar neer), **ieni-lô** (wat is dit?), **tula** (moenie huil nie) **vannagalô** (Afrikaans. Engels en inheemse tale vermeng)

Moderne woorde:
**Amandhla** (mag) **imbizo** (volksvergadering) **imbongi** (pryssanger) **sangoma** (tradisionele geneser) **ubuntu** (medemenslikheid/hulpvaardigheid)

Uit **Engels** het ons die meeste woorde geleen.
Hier is voorbeelde:
**Speaker, struggle, koukus, parlement, polisieman, platform, telefoon, enjin, trok, tjek, boikot, tender, trust, ghries, kondensmelk, belt, voetbal, rugby, krieket, gholf, hokkie.**

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Woordsoorte (hersien)

1. Selfstandige naamwoorde
2. Voornaamwoorde
3. Byvoeglike naamwoorde
4. Lidwoorde
5. Telwoorde
6. Werkwoorde
7. Bywoorde
8. Voegwoorde
9. Tussenwerpsels
10. Voorsetsels

## Ontkenning (hersien)

SIEN OOK HOOFSTUK 8 IN DIE LEERDERBOEK

Die woorde geen, **g'n, geeneen, nêrens, niemand, niks** en **nooit** kry almal **nie** aan die einde van die sin:

Ek het **geen** vriende in daardie stad **nie**.

Ons kan **een, twee, drie en vier nie's** in 'n sin kry.

Ek kan – Ek kan **nie**.
Ek kan dit **nie** doen **nie**.
Ek weet **nie** hoekom jy **nie** van katte hou **nie**.
Sy is **nie** doof **nie** dus hoef jy **nie** te skree **nie**.

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Metataal oor debatsprosedures

**Reëls om ’n debat in die klas te hou**

a. Elke span bestaan uit twee sprekers wat ’n onderwerp of MOSIE verdedig en twee wat dit opponeer.
b. Die BEOORDELAARS staan onder leiding van ’n VOORSITTER en hy/sy is die finale gesag en besluit saam met sy span wie die wenners is.
c. Die TYDHOUER moet ’n stophorlosie of selfoon gebruik om die tyd vir elke spreekbeurt te bepaal. Tydhouding is baie belangrik.
d. Alle stellings moet volledig erken word.
e. Gedurende die debat moet debatteerders alle besprekings aan die voorsitter van die beoordelaars rig deur te sê: Meneer die Voorsitter/Mejuffrou/Mevrou die voorsitter.
f. Verdedigers en Aanvallers mag nie kante omruil nie.
g. Die verdedigers moet slegs positiewe aspekte van die vraag bespreek en die aanvallers die negatiewe aspekte.
h. Elke span moet vooraf probeer dink watter argumente die opponerende sprekers gaan gebruik en daardie argumente probeer weerlê.
i. Elke span moet aandagtig luister na die opposisie en aantekeninge maak om later as teenargumente te gebruik.
j. Tydens die weerleggings, moet die beoordelaars beïndruk word, met skerp argumente en teenargumente.
k. Vooraf beplanning van die onderwerp is baie belangrik.
l. ’n Gewone debat duur 1 uur, maar dit moet in ’n klaskamersituasie aangepas word.

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Afkortings, verkortings, akronieme

A. Dis belangrik dat jy die afkortings van verskillende woordsoorte ken:

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Selfstandige naamwoord | s.nw. | Bywoord | bw. | Werkwoord | ww. | voorsetsel | voors. |
| Byvoeglike naamwoord | b.nw. | Voornaamwoord | v.nw. | voegwoord | voegw. | lidwoord | lw. |

B. Dis belangrik dat jy weet hoe om die dae van die week af te kort:

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ma. | Di. | Wo. | Do. | Vr. | Sat. | Son. |

C. Jy moet die maande van die jaar kan afkort:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Januarie | Februarie | Maart | April | Mei | Junie |
| Jan. | Feb./Febr. | Mrt. | Apr. | Mei | Jun. |
| Julie | Augustus | September | Oktober | November | Desember |
| Jul. | Aug. | Sep./Sept. | Okt. | Nov. | Des. |

D. Hier is 'n vinnige plan om afkortings te skryf:

| | |
|---|---|
| Afkortings vir drie woorde:<br>Neem die eerste letter van elke woord en plaas 'n punt daarna. | Voorbeelde:<br>met ander woorde: m.a.w.<br>ten spyte van: t.s.v.<br>ten gunste van: t.g.v.<br>deur middel van: d.m.v. |
| Soms gebruik ons net die eerste drie letters van 'n woord. | Kyk na die afkortings vir die maande hierbo. |
| Soms gebruik ons net die beginletter van elke sillabe. | Vergelyk – vgl.<br>Volgende - |

### Maklike reëls by die gebruik van afkortings:

- Moenie jou eie afkortings opmaak nie.
- Moenie afkortings in jou opstelle gebruik nie.
- Daar is 'n verskil tussen akronieme en lettername. 'n Akroniem is 'n woord wat gevorm word uit afkortings soos SADOU en by 'n letternaam word elke letter afsonderlik uitgespreek soos BTW.
- By meervoude gebeur die volgende: baie doktore = drr (die slotletter word verdubbel) baie mejuffrouens = mejj. Baie paragrawe = parr.
- Jy kan 'n 'e of 's gebruik by lettername soos Ons gaan ons ID's kry as ons sestien is. Daar word baie geld gesteel by die OTM'e.

AFDELING 5

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Tydsvorme

**Tyd** word in ure, minute en sekondes gemeet, maar hierdie drie woorde word slegs in sportuitslagtye saam gebruik. Dit word uitgeskryf en kry nie kommas nie:
Die wedren het 2 uur 16 minute en 20 sekondes geduur. Dit kan ook so geskryf word: 2:16:20

Die **internasionale skryfwyse** van tyd ook die 24-uur-skryfwyse genoem bestaan uit vier syfers: twee syfers Vir die uur (00 tot 24) gevolg deur ’n dubbelpunt [NIE:h] en twee vir die minute (01 tot 60).

(Die 12-uur skryfwyse is verouderd.)

Onthou **ons praat nie** so nie, ons **skryf dit** net!
Voorbeelde: Ons skryf 06:09 maar ons sê: nege minute oor ses.

Die voordeel van hierdie skryfwyse is dat ons nie hoef te sê “voormiddag” (vm.) of namiddag” (nm.) nie.

In ’n opstel moet die tyd uitgeskryf word: Gister **om vieruur** het die man weer daar aangekom.

### Tydsvorme

Die syfer en uur word los van mekaar geskryf as ons van ’n bepaalde *(specific)* tydsduur *(passage of time)* wil praat. Ons kan die woord **lank** byvoeg om dit te beklemtoon:
Ek het **drie uur** lank vir hom gewag.
Die liggie het **drie sekondes/minute** lank geflits.

As ons oor onbepaalde *(unspecific)* tyd praat, gebruik ons die meervoud (ure)
Sy het ons **ure** laat wag voordat sy opgedaag het.

Ons gebruik **om** voor tydsaanduiding in syfers of woorde. Dit gee die presiese tyd:
Die TV-program begin om sesuur.

Ons gebruik **teen** as ons nie ’n presiese tyd bedoel nie.
So lank julle **teen** sewe-uur daar is, sal dit goed wees. (omtrent sewe-uur)

AFDELING 5

# HERSIENING: TAALASPEKTE

Tyd op die horlosie is altyd **EEN woord**, maar soms moet ons ’n koppelteken gebruik as die tyd dalk verkeerd uitgespreek kan word. Leer dus hierdie vorme: twee-uur; drie-uur; sewe-uur; nege-uur want al die ander is een wwoord: eenuur; vieruur, vyfuur ensovoorts.

## Infinitiewe vorm

As ons in Afrikaans die Engels “to” wil gebruik soos in “to dance, to play, to drink” gebruik ons “om... te dans” om te speel” om te drink.
Dit is die mees algemene gebruik van die infinitief.
Daar kan ander woorde na “om” verskyn, maar na “te” kry ons net die werkwoord(e).
Voorbeeld: Dit sal my help om die moeilike werk te kan verstaan.
(kan = hulpwerkwoord; verstaan = hoofwerkwoord)

## Algemene metataal oor vergaderings:

’n **Groep mense** kom bymekaar en besluit dat hulle ernstig voel oor ’n saak.
Hulle kies dan ’n **bestuur** wat hulle **verteenwoordig** om aandag aan hierdie saak te gee. Hulle besluit hoe lank die bestuur hulle verteenwoordigers sal wees. Hulle besluit uit hoeveel **lede** die bestuur sal bestaan.
Die **name** van die bestuurslede is belangrik vir die agenda.
As dit ’n belangrike maatskappy is, sal daar ook baie lede wees, maar soms is twee of drie lede genoeg.
Gewoonlik is daar ’n **voorsitter** en ’n **sekretaresse** of sekretaris om die **notule** te neem.
Die voorsitter word **“Meneer die voorsitter”** genoem.
Daar is ook gewoonlik ’n **onder-voorsitter** om oor te neem as die voorsitter nie daar kan wees nie.
Die **agenda** word voor die tyd **opgestel** en aan al die lede gestuur. Dit word die **kennisgewing** van die vergadering gehou. Dis ’n **formele dokument** en die **u-vorm** word daarin gebruik.
Daarin word hoofsaaklik vertel **wanneer, waar** en **hoe laat** die vergadering gaan plaasvind.
Die **sake** wat bespreek gaan word, word ook in die agenda aangedui. As daar te veel sake is om te bespreek, word die minder-belangrikes oorgeslaan en weer op die agenda geplaas.
Aan die einde van die agenda is daar gewoonlik nog ’n inskrywing **“algemeen”** sodat ander sake ook bespreek kan word.
’n **Notule** word gehou om alle besluite neer te skryf.
Die notule en die **agenda** gaan hand aan hand.
Tydens die vergadering word die notule gehou en die name van die lede word aangeteken as hulle **afwesig** was.
Lede moet die bestuur laat weet as hulle nie **aanwesig** gaan wees nie.

AFDELING 5

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## Deelwoorde

Daar is verskillende soorte **DEELWOORDE**

**(A) DIE TEENWOORDIGE DEELWOORD.**

Kyk na die sinne:

- Die vrou **sing** pragtig. **Sing** = werkwoord (gesegde)
- Die **singende** skare op die rugbypawiljoen klink pragtig. (singende = byvoeglike naamwoord)

’n **WERKWOORD wat verander word na ’n BYVOEGLIKE** Naamwoord word ’n **deelwoord** genoem.
(singende = byvoeglike naamwoord; **-ende** in Afrikaans = **-ing** in Engels)
**-ing** in Engels is ’n “continuous” aksie en **-ende** in Afrikaans wys ook dat dit **besig is om te gebeur.**
Ander voorbeelde:
Die mense **skreeu**./Die **skreeuende** mense
Die motor **kom aan**./Die **aankomende** motor
Die mense **gil** toe hulle die akteur sien./Die **gillende** mense sien die akteur.
Die water **loop** oor die pad/Die **lopende** water spoel oor die pad.
Haar antwoord **beslis** die saak./Sy gee die **beslissende** antwoord.
Die skip **dryf** op die water./Die **drywende** skip.
Die treinfluit **waarsku** die passasiers./Die **waarskuwende** fluit van die trein.

**(B) DIE SWAK VERLEDE DEELWOORD**

- Hierdie **werkwoord** verander ook en word as **byvoeglike naamwoord** gebruik vir ’n aksie
  wat **reeds gebeur het**.
- Hierdie woord word gevorm deur **ge-** voor aan die woord en **-te** of **-de** agter aan die woord te voeg.

Voorbeelde:

- Die gekapte hout lê langs die huis. (kap = werkwoord)
- Die afgesaagde stomp het soos ’n reusevinger gelyk. (afsaag = werkwoord)

As die werkwoord eindig met **-k , -p, -g, -f en –s** kry die deelwoord **-te**:

Voorbeelde:

- Die gemelkte koei het na haar kalfie geloop.
- Die gekrapte simkaart kan jy maar vweggooi.
- Die verligte ma was net bly haar kind is veilig. (Onthou: gee ge- aan ver- nie!)
- Die gesifte meel is nodig om lekker koek te bak.

As die vokaal lank is voor -g -f en -s kry die deelwoord -de:

Voorbeelde:

- Die gesaagde hout was netjies gepak.
- Die geskaafde hout voel glad onder my vingers.
- Die geblaasde ballon het gebars.

As die werkwoord eindig op -g, -f. -s en daar is 'n vokaal soos y of diftong soos ei- ie of ee- net voor dit, kry dit ook -de:

Voorbeelde:
Die gevreesde dag het aangebreek.
Die bevriesde meer het in die flou sonnetjie geblink.

As die werkwoordstam op al die ander klanke eindig, kry dit meestal -de

Voorbeelde:
Die seun se gekamde hare het baie netjies gelyk.
Hulle het frikkadelle gemaak van die gemaalde vleis.
Die uitgeskelde dogter het dikbek in die klas gesit.

Party woorde kan -te en -de kry:
Vries: gevrieste of gevriesde
Verwoes: verwoeste of verwoesde

# HERSIENING: TAALASPEKTE

## (C) DIE STERK VERLEDE DEELWOORD

Hierdie soort deelwoord het in die verlede ’n **verandering van die vokaal** ondergaan. Die meeste van hierdie soort deelwoorde word **figuurlik** gebruik.
(Sien ook **Hoofstuk 2**)

Voorbeelde:
- Hulle het die nuwe presidentskandidaat **aangewys**: Hy is die **aangewese** kandidaat.
- My hart is **gebreek** oor die man my gelos het: Ek het ’n **gebroke** hart.
- Hy kan lank praat sonder om homsrelf te **onderbreek**: Hy kan **ononderbroke** praat.
- Hulle het **gesweer** dat hulle mekaar sou doodmaak. Hyulle was **geswore** vyande.
- Die water was **bevries**: Dis **bevrore** water.
- Hulle het hulle koppe **gebuig**. Hulle staan met **geboë** hoofde.

| Letterlike betekenis | Figuurlike betekenis |
|---|---|
| Ek dra **gekrimpte** klere | Hy het ’n **bekrompe** uitkyk op die lewe. (Baie konsewatief) |
| Ek het my **geswelde** voete opgetel | Hy het ’n **geswolle** hoof . (Hy dink baie van homself) |
| Die man het die **geskepte** water gedrink | God het die mens in sewe dae **geskape**. (God created mankind in seven days) |

AFDELING 6

# VOORBEELDVRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

TOTAAL: 80 PUNTE

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel is losweg gebaseer op die eerste halfjaar se werk. Die leesbegrip en opsomming is egter nie in hierdie handboek behandel nie.

**VRAAG 1. LEES DIE VOLGENDE TEKS EN BEANTWOORD DIE VRAE DAAROOR.**

**’N ONGEWONE FEES OF MOET ONS SÊ: FESIE?**

Landwyd word feeste rondom ’n produk gehou. In Ficksburg word die beroemde **Kersiefees** gehou; op Lambertsbaai aan die Weskus hou hulle **Kreeffees** dat die krewe bewe; op Calvinia hou hulle ’n Vleis (vreet)fees en in die Verre Noorde hou hulle ’n **Wildfees**. Laat ons ook nie vergeet dat die Kaap probeer om die wind aangenaam te maak met hulle **Suidoosterfee**s nie! Maar op Standerton hou die mense die **Dwergiefees** ter ere van alle **piepklein mensies** in die land.

Org Smal, waarskynlik Suid-Afrika se bekendste dwerg, het in 1989 die heel eerste Dwergiefees op Heidelberg aangebied. Org het jare lank as Piekie, die nar, oral in die land opgetree. Hy het ook verskeie TV-rolle vertolk soos Hercules Flek in Arende en die wollerige Zet in die destydse kinderprogram op Sondae. Org was ’n haan onder die henne, vertel sy agt broers en susters. Sy oudste suster sê effens koketterig dat gewone mans meisies om die nek vat, maar Org het hulle om die bene vasgehou! Net hy was ’n dwergie; die ander kinders in die gesin was heeltemal normaal, alhoewel dwergisme ’n genetiese afwyking is. Hulle mis hom baie, want hy het die geesdrif gehad van al sestig ander dwergies wat die fees vanjaar bygewoon het. Geen wonder daar staan op sy oudste broer se T-hemp geskryf: **Hy was klein, maar hy’t groot gedink!** Op ander T-hemde staan: **Dinamiet kom in klein pakkies.** Ongelukkig is Org op 1 November 1996 op 47-jarige ouderdom in ’n motorongeluk oorlede. Vanjaar se dwergiefees is aan hom opgedra.

Die fees duur twee dae en allerhande ongewone items vind plaas – Mnr. en Mej. Dwergie word gekies, ’n rofstoei-kompetisie en selfs Gooi-Die-Dwergie-So-Ver-As-Wat-Jy-Kan. Gelukkig land hulle op sponsmatrasse en uiteindelik is daar ook ’n optog deur Standerton se hoofstraat, met die wenners van die kompetisies aan die spits. Intussen maak **Die Tuindwergies** musiek wat die voete laat jeuk! Aan al hierdie kompetisies mag jy as persoon van normale lengte deelneem, maar jy sal nie kan wen nie – dis net vir die dwergies tussen die reuse bedoel.

(Verwerk en aangepas: *Weg*, Mei 2010)

1.1 Waarom word die verkleinwoord van fees in die titel gebruik? (1)

1.2 Hoe verskil die Dwergiefees van alle ander feeste? (2)

1.3 Wat is die ironie verbonde aan die Suidoosterfees? (1)

1.4.1 Watter fees vereer ’n natuurelement? (1)

1.4.2 Gee TWEE redes waarom die woorde die krewe bewe gepas is. (2)

1.5 Wat wil die skrywer te kenne gee met ’n Vleis(vreet)fees? (1)

1.6 Noem TWEE verskillende beroepe wat Org Smal gevolg het. (2)

1.7.1 Wat beteken die uitdrukking ’n haan onder die henne? (1)

1.7.2 Wat was die rede vir Org se sukses op hierdie gebied? (1)

1.8 Albei T-hemde bevat ’n boodskap. Wat is die ooreenstemmende faktor op albei hemde? (1)

1.9 Waaraan word dwergisme toegeskryf? (1)

1.10 As ’n fees aan iemand opgedra word, beteken dit dat die persoon (verneder/vereer) word. Kies die korrekte woord. (1)

1.11 Skryf neer watter beskrywing in Kolom A pas by watter verduideliking in Kolom B. (5)

(20)

# VOORBEELDVRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.11.1 Mnr. en Mej. Dwergie | A. Al die waens is versier. |
| 1.11.2 Dwerggooi | B. Opponente moet vasgepen word. |
| 1.11.3 Optog deur die hoofstraat | C. Hulle weeg min en trek ver. |
| 1.11.4 Rofstoei | D. Jy sal net wil dans as jy hulle hoor. |
| 1.11.5 Die Tuindwergies | E. Die mooiste dwergies. |

**VRAAG 2. DAMVLAKTABEL**

Kyk na die volgende tabel oor die stand van damme in die Wes-Kaap op 26 April 2010 en beantwoord die vrae.

| Dam | % 2006 | % 2007 | % 2008 | % 2009 | % 2010 |
|---|---|---|---|---|---|
| Wemmershoek | 44,9 | 34,2 | 47,1 | 38,3 | 42,4 |
| Benede-Steenbras | 32,5 | 37,3 | 46,3 | 41,2 | 37,8 |
| Steenbras | 48,2 | 42,3 | 73,3 | 84,1 | 65,2 |
| Voëlvlei | 38,2 | 59,8 | 59,6 | 58,4 | 58,8 |
| Theewaterskloof | 42,5 | 47,5 | 70,8 | 69,7 | 65,8 |
| Bergrivier | - | - | - | 63,7 | 79,4 |
| Totaal | 41,6 | 48,4 | 65,7 | 64,2 | 63,9 |

2.1 Gee 'n moontlike rede waarom daar geen statistieke voor 2009 vir die Bergrivierdam bestaan nie. (1)
2.2 Wat besef die leser as die % in 2010 van die Benede-Steenbras met die Bergrivierdam vergelyk word? (1)
2.3 Watter dam is die hele tyd die leegste? (1)
2.4 Die stand van die beskikbare water is kommerwekkend.
2.4.1 Stem jy saam met hierdie stelling? (1)
2.4.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

(5)

**VRAAG 3. ADVERTENSIE**

**BENODIG WAP**
Vind ou vriende en maak nuwes met **JAMBLE**.
Dis dié plek om te gesels, foto's uit te ruil en met mekaar in verbinding te bly, waar jy ook al is.
**SMS 'Jam4' na 31021 nou!**
Vir SLEGS R10 'n maand kan jy gratis boodskappe, skermskutte en luitone kry, jou sterre lees en 'n wye netwerk van vriende maak.
**JAMBLE**
Al jou vriende op jou foon!

3.1 Wat sal jy moet doen voordat jy by Jamble aansluit? (1)
3.2 Noem een voordeel van Jamble vir die verbruiker. (1)
3.3 Wat kos Jamble per jaar? (1)
3.4 Herskryf die volgende woorde sodat dit taalkundig korrek is: SMS 'Jam4' na 31021 nou! (1)
3.5 Waarvoor gebruik jy 'n skermskut? (1)

(5)

(30)

# VOORBEELDVRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

## AFDELING B: OPSOMMING

**LEES DIE STUK HIERONDER AANDAGTIG.**

**Goeie maniere**

Weet jy wat goeie maniere is? Miskien is jy onbeskof en jy weet nie eers dat jy so is nie.
Dis baie onbeskof om laat te kom vir 'n afspraak – al is dit net die afspraak in 'n klaskamer met 'n onderwyser. As jy byvoorbeeld laat gaan wees vir 'n afspraak met 'n dokter, moet jy 48 uur voor die tyd laat weet jy kan nie kom nie.
As jy 'n vegetariër is, moet jy die gasvrou voor 'n maaltyd laat weet dat jy nie vleis eet nie. Vegetariërs moet ook nie aan tafel sit en vir almal laat sleg voel dat hulle nie vleis eet nie. Moenie hardop sê: "Ek eet niks met 'n gesig nie!"
As jy 'n roker is, moet jy nie aan tafel rook nie. Moet ook nooit jou pet op jou kop hou terwyl jy eet nie. Dis ook swak maniere om sonder jou hemp aan tafel te kom sit.
As jy 'n boek geleen het, moet jy dit teruggee – vir die persoon wat dit vir jou geleen het of vir die biblioteek. Alles wat jy leen, moet teruggegee word.
Leer om nie te skinder nie. As iemand iets leliks van iemand anders sê, moet jy nie saam skinder nie, maar praat sommer uit die bloute van iets anders sodat die skinderbek die boodskap kry.
Natuurlik is een van die beste maniere wat jy kan aanleer om stil te bly terwyl iemand anders praat. Dis uiters ongeskik om te praat of aan die slaap te raak terwyl iemand iets belangriks probeer sê!

Skryf SEWE goeie maniere onder mekaar neer.

- Som die belangrikste goeie maniere op.
- Skryf jou SEWE sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Skryf jou eie volsinne.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy baie meer as 70 woorde skryf, of as jy nie die getal woorde in blokhakies aandui nie.

(10)

# VOORBEELDVRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 1. LEES HIERDIE KOERANTOPSKRIF EN ARTIKEL EN BEANTWOORD DAN DIE VRAE DAAROOR.**

**VYF GEVANG NÁ HULLE 1.1 (STEEL) SKAPE IN MOTOR LAAI**

1. Vyf 1.2 (manne/mans) is Sondagaand met hulle 1.3 (vol+laai) wit Nissan Sentra op die hoek van Fleet- en Fitzpatrickstraat in Oos-Londen deur 1.4 (lede) van die polisie se 1.5 (hondeeenheid) en blitspatrol lie gevang.
2. Daar was 1.6 (14) skape in die sedanmotor: agt in die kattebak en ses as "passasiers" op die 1.7 (agter) sitplek.
3. Die skape was gemerk en is nou weer 1.8 (sonder om seer te kry) terug by hulle 1.9 (eienaar), mnr. Peter Hartley van 'n 1.10 (plaas) naby Stutterheim.

1.1 Gee die korrekte vorm van die woord in die titel. (1)
1.2 Kies die korrekte woord tussen hakies. (1)
1.3 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)
1.4 Gee die enkelvoud van die woord tussen hakies. (1)
1.5 Skryf die woord oor, maar voeg 'n koppelteken by sodat dit makliker gelees kan word. (1)
1.6 Skryf die getal voluit. (1)
1.7 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)
1.8 Gee EEN woord vir die omskrywing. (1)
1.9 Gee die vroulike vorm van die woord. (1)
1.10 Gee die verkleinwoord van die woord tussen hakies. (1)

(10)

# VOORBEELDVRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

**VRAAG 2. LEES DIE STROKIE GROEIPYNE EN BEANTWOORD DIE VRAE:**




(*Die Burger*, 15 April 2011)

2.1 Skryf die volgende sin in die indirekte rede:
Ma sê: "Ek het 'n breek nodig."
Begin so: **Ma sê dat...** (2)

2.2 Vul die ontbrekende woorde in die volgende sin in:
Sy sê dat ____ vir die res van die middag nie 'n sin met die woord "Ma" ____ begin nie. (2)

2.3 Skryf die volgende sin in die indirekte rede:
Die seuntjie sê: "Ek kan nie praat nie."
Begin so: **Die seuntjie sê dat...** (2)

(6)

**VRAAG 3. LEES DIE VOLGENDE FLIEKRESENSIE EN BEANTWOORD DAN DIE VRAE:**

**Cyrus** ***
1. Hou jy van 'n skreeusnaakse komedie?
2. Dan is dit die fliek vir jou!
3. John is geskei.
4. Hy dink hy gaan nooit weer geluk vind nie.
5. Hy ontmoet vir Molly en die vonke begin spat.
6. John kan sy geluk nie glo nie totdat hy Molly se 21-jarige seun, Cyrus, ontmoet.
7. Cyrus is nie bereid om sy ma met enige iemand te deel nie.

3.1 Skryf 'n vraagsin uit die resensie neer. (1)
3.2 Skryf 'n enkelvoudige sin neer. (1)
3.3 Skryf 'n sin neer waarin die infinitief voorkom. (1)
3.4 Skryf sin 5 oor in die verlede tyd. (1)
3.5 Haal 'n intensiewe vorm uit die stuk aan. (1)
3.6 Wat is die letterlike betekenis van **die vonke begin spat?** (1)
3.7 Wat is die figuurlike betekenis van **die vonke begin spat?** (1)
3.8 Skryf sin 7 in die toekomende tyd. (1)
3.9 John is geskei. Dit beteken hy is nie meer (getrou) nie. Gee die korrekte vorm van die woord. (1)
3.10 Cyrus is (besitlik/besitting) teenoor sy ma. Kies die korrekte woord. (1)
3.11 Gee een woord vir die woorde tussen hakies:
Cyrus is 3.11.1 (die vrou se) seun, maar 3.11.2 (die seun) is soos 'n groot baba.
Hy is nie eers meer 'n 3.11.3 (persoon tussen 13 en 19) nie. 3.11.4 (John, Cyrus en Molly) gaan ons nog lekker laat lag. (4)

(14)

# VOORBEELDVRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

**VRAAG 4. LEES DIE STROKIE MAMA TAXI EN BEANTWOORD HIERDIE VRAE:**




(*Die Burger*, 15 April 2011)

4.1 Twee mans (dra/draai) ’n petrolpomp. Kies die korrekte woord. (1)
4.2 Hulle is (dief). Gee die meervoudsvorm. (1)
4.3.1 Hulle dink hulle gaan (ruik/ryk/reik) word. Kies die regte woord. (1)
Maak nou ’n sin met elkeen van die twee woorde wat jy nie hierbo gebruik het nie.
Nommer jou antwoorde 4.3.2 en 4.3.3 (2)
4.4 Kies die korrekte sin: (Skielik hulle staan stil./Skielik staan hulle stil.) (1)
4.5 Altwee 4.5.1(lyk/kyk) baie verbaas in die 4.5.2 (twede/tweede) raampie.
Kies die korrekte woorde. (2)
4.6 Skryf die woorde in die laaste raampie in die ontkenning (negatief). (1)
4.7 Skryf dieselfde sin oor in die teenwoordige tyd. (1)

(10)

[TOTAAL: (40) + (40) = 80]

# MEMORANDUM VAN VOORBEELDVRAESTEL 1

## AFDELING A

### VRAAG 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Die fees is gerig op klein mensies/dwergies. | (1) |
| 1.2 | Hierdie fees gaan oor mense, nie produkte nie. | (2) |
| 1.3 | Die organiseerders probeer die onaangename wind aangenaam maak. | (1) |
| 1.4 | 1.4.1 Suidoosterfees | (1) |
| | 1.4.2 Die krewe word bang omdat hulle opgeëet word EN die woorde rym met mekaar (Moet TWEE verskillende redes gee.) | (2) |
| 1.5 | Baie vleis word opge(vr)ëet. | (1) |
| 1.6 | Akteur en nar | (2) |
| 1.7 | 1.7.1 Die meisies het van hom gehou. | (1) |
| | 1.7.2 Hy het meisies om die bene vasgehou. | (1) |
| 1.8 | Die woord **klein**/die groot indruk wat hy gemaak het | (1) |
| 1.9 | Genetiese afwyking | (1) |
| 1.10 | Vereer | (1) |
| 1.11 | 1.11.1 E | |
| | 1.11.2 C | |
| | 1.11.3 A | |
| | 1.11.4 B | |
| | 1.11.5 D | (5) |
| | | (20) |

### VRAAG 2

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Die dam is nuut OF het nog nie voor 2009 bestaan nie. | (1) |
| 2.2 | Die Bergrivierdam se waterinhoud is omtrent dubbel soveel as die Benede-Steenbrasdam s'n. | (1) |
| 2.3 | Benede-Steenbras | (1) |
| 2.4.1 | Ja/Nee – rede wat volg, bepaal hierdie punt | (1) |
| 2.4.2 | Ja: Suid-Afrika het min water en hierdie damme dui op die probleem.<br>OF<br>Nee: In April het die winterreëns nog nie geval nie, dus sal die damme leeg lyk. | (1) |
| | | (5) |

# MEMORANDUM VAN VOORBEELDVRAESTEL 1

**AFDELING B: OPSOMMING**
Kies enige sewe van die volgende – maak seker daar is nie twee oor dieselfde onderwerp nie.

- Moenie laat kom vir 'n afspraak nie.
- OF Laat weet as jy laat gaan wees.
- Laat weet 'n gasvrou vroegtydig jy gaan laat wees vir 'n afspraak.
- Vegetariërs moet taktvol wees.
- Moenie aan tafel rook nie.
- Moenie jou hoed/pet dra terwyl jy eet nie.
- Moenie kaalbors aan tafel verskyn nie.
- Gee geleende boeke terug.
- Moenie skinder nie.
- Praat liewer van iets anders as iemand wil skinder.
- Bly stil terwyl iemand anders praat.
- Moenie slaap terwyl iemand iets belangriks sê nie.

Puntetoekenning: 7 feite + 2 vir taal + 1 as hulle woorde getel en neergeskryf het.
Die taalpunte word as volg gegee: as hulle 4 foute gemaak het, kry hulle geen punte nie. 3 foute = 1 punt.
Hulle mag nie meer as 70 woorde gebruik het nie.
As dit meer is, trek 1 punt af.
Moenie aftrek vir direkte aanhalings of te min woorde nie.

# MEMORANDUM VAN VOORBEELDVRAESTEL 1

## AFDELING C: TAAL

**VRAAG 1**

1.1 gesteelde
1.2 mans
1.3 volgelaaide
1.4 lid
1.5 honde-eenheid
1.6 veertien
1.7 agterste
1.8 onbeseer/veilig
1.9 eienares
1.10 plasie (10)

**VRAAG 2**

2.1 Ma sê dat sy (1) 'n breek nodig het. (1) (2)
2.2 hulle, mag (2)
2.3 Die seuntjie sê dat hy (1) nie kan (1) praat nie. (2)
(6)

**VRAAG 3**

3.1 Hou jy van 'n skreeusnaakse komedie? (1)
3.2 Dan is dit die fliek vir jou! OF John is geskei. (1)
3.3 Cyrus is nie bereid om sy ma met enige iemand te deel nie. (1)
3.4 Hy het vir Molly ontmoet en die vonke het begin spat. (1)
3.5 skreeusnaakse (1)
3.6 Die vuur begin brand. (1)
3.7 Dinge begin interessant word./Hulle hou van mekaar. (1)
3.8. Cyrus sal nie bereid wees om sy ma met enige iemand te deel nie. (1)
3.9 getroud (1)
3.10 besitlik (1)
3.11.1 haar
3.11.2 hy
3.11.3 tiener
3.11.4 Hulle (4)
(14)

**VRAAG 4**

4.1 dra
4.2 diewe
4.3.1 ryk
4.3.2 Hulle reik na 'n droom.
4.3.3 Ek ruik die brandstof.
4.4 Skielik staan hulle stil.
4.5.1 lyk
4.5.2 tweede
4.6 Ek dink nie iemand het die brandstof gesteel nie.
OF
Ek dink niemand het die brandstof gesteel nie.
4.7 Ek dink iemand steel die brandstof. (10)
[80]

AFDELING 6

# VOORBEELDVRAESTEL 2: LETTERKUNDE

TOTAAL: 70 PUNTE
TYD: 2 UUR

- Hierdie vraestel bestaan uit die terminologie wat in Hoofstuk 4 behandel is en literêre tekste wat vanaf Hoofstuk 2 – 10 bestudeer is.
- Hierdie vraestel is met behulp van Bloom se taksonomie opgestel en die verspreiding is ongeveer as volg: Kennis 30%, Begrip 40% en Toepassing 30%

| **KORTVERHALE** (35) | **GEDIGTE** (35) |
|---|---|
| Vraag 1: 'n Blik vol juwele | Vraag 5: Die gesteelde TV |
| Vraag 2: Eendag dag ek ek sien bloed | Vraag 6: Draaiboek |
| Vraag 3: Aanhouer wen | Vraag 7: Stadsmens |
| Vraag 4: Sjê vir jou ma | Vraag 8: Ek is oek important |

## AFDELING A: KORTVERHALE

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 1. 'N BLIK VOL JUWELE – IZAK PEROLD

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> En dit was nie honderd jaar nie, toe tref die ramp hom: 'n woeste brander slaan sy baaibroek van sy lyf af en dit verdwyn in die water. Hoe nou gemaak? Hier staan hy poedelnakend in die water en daar op die strand lê Sandra, die sielkundige, wat met groot oë na hom kyk. Om van al die ander swemmers en sonbaaiers nie eens te praat nie.

1.1 Wat is die figuurlike betekenis van hierdie verhaal se titel? (1)
1.2 Wat is die letterlike betekenis van hierdie verhaal se titel? (1)
1.3 Met wie het hierdie ongemaklike situasie gebeur? (1)
1.4 Hierdie man was 'n oujongkêrel wat sy lyf **ramkat** gehou het.
1.4.1 Wat beteken dit om jou lyf **ramkat** te hou? (1)
1.4.2 Voel die leser simpatie vir so 'n persoon? (1)
1.4.3 Voltooi hierdie sin: **'n Oujongkêrel is iemand wat...** (1)
1.5 Waarom word die leser vertel dat Sandra 'n sielkundige is? (1)
1.6 **Dit was nie 'n honderd jaar nie.** Dit is 'n voorbeeld van:
(a) antonomasia
(b) hiperbool
(c) litotes (1)
1.7 **Sandra kyk met groot oë na die swemmer.** Dit beteken sy is:
(a) bang
(b) onskuldig
(c) verbaas (1)
(9)

# VOORBEELDVRAESTEL 2: LETTERKUNDE

**VRAAG 2. EENDAG DAG EK EK SIEN BLOED – ZIRK VAN DEN BERG**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Ek het vir Japie Mostert brood skool toe gevat. Hulle het net sy pa se pensioen gehad om van te lewe. Die mense sê sy pa het aspris op die spoor gaan lê dat die trein sy bene aftrap. Die Mosterts was 'n groot gesin. Ek weet nie mooi hoeveel nie, want party was al in die hoërskool en 'n paar nog by die huis. Japie het nooit oor hulle gepraat nie. Hy was 'n stil kind. My pa sê Japie se pa was op sy dag 'n bokser wat 'n hou kon vat. Hy sê toe die ongeluk gebeur het, was Japie se pa al bietjie oor die muur.

2.1 Watter soort verteller kry ons in hierdie kortverhaal? (1)
2.2 Watter rol speel die verteller volgens die uittreksel in hierdie kortverhaal? (1)
2.3 Alhoewel die verhaal oor Japie gaan, word sy pa in hierdie uittreksel beskryf.
2.3.1 Gee drie verskillende feite wat ons van Japie se pa hoor. (3)
2.3.2 Wat weet ons van Japie na aanleiding va n hierdie uittreksel? (1)
2.4 Watter ooreenkoms is daar tussen Japie en sy pa? (2)
2.5 Verduidelik die volgende uitdrukkings:
2.5.1 Hy was 'n m an wat **'n hou kon vat**. (1)
2.5.2 Hy was al **bietjie oor die muur**. (1)
(10)

**VRAAG 3. AANHOUER WEN! – L. FOUCHÉ**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Sibusiso dink bekommerd aan sy vriend, Inganathi. Wat gaan van hom word? Hoe gaan hy hom help om die geheim van sukses te verstaan? Miskien, ééndag, kan hy terugkom na Wesbank om vir kinders soos hy én Inganathi te leer wat die sleutel tot sukses in die lewe is... "Enkosi Makhulu," prewel hy saggies terwyl hy huis toe draf om vir sy ma die goeie nuus te vertel.

3.1 Wat word die soort vrae genoem wat in hierdie uittreksel gebruik word? (1)
3.2 Hoekom is Sibusiso bekommerd oor sy vriend? (1)
3.3 Wat is ironies ten opsigte van Inganathi se situasie? (2)
3.4 Wat dink jy is die **geheim van sukses** waarvan Sibusiso praat? (1)
3.5 Hoe is Sibusiso anders as Inganathi? (1)
3.6 Waarom kan Sibu nie vir sy pa van die **goeie nuus** vertel nie? (1)
3.7 Waaruit kan jy aflei dat Sibusiso godsdienstig is? (1)
(8)

**VRAAG 4. SJÊ VIR JOU MA... NEXT TIME – MARGARET CUPIDO**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Toe ek 'n kind was, het dit finansieel baie swaar gegaan in ons ouerhuis. Ons was drie kinders, my pa het disability gekry en my ma was 'n chargirl. Sprake van klere en meubels kontant koop, was daar nie. Ook was daar my oom se kind na wie my ma moes kyk; ons het haar sommer Meisie genoem.

4.1 Wat is die ooreenkoms tussen die verhale in vrae 2, 3 en 4? (1)
4.2 Hierdie skets is humoristies.
4.2.1 Wat beteken dit? (1)
4.2.2 Wat veroorsaak die humor in die skets? (1)
4.3 Gee die Afrikaans vir:
4.3.1 next time
4.3.2 disability
4.3.3 chargirl (3)
4.4 Vir wie moes Meisie vertel dat haar ma nie daar was nie? (1)
4.5 Het Meisie 'n leuen vertel? (1)
(8)
(35)

## AFDELING B: GEDIGTE

**VRAAG 5. DIE GESTEELDE TV – PETER SNYDERS**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Wiet julle
Dai was 'n cruel ding
wat ôs gedoenit
ommie Old Age Home
se TV te steel.

Dink maar net:
Die ienagste plesier vannie senior citizens –
Wat dink jylle discuss hulle nou?
Die gesteelde TV

En hoe spend hulle hulle lonely nights?
Hulle kyk met blênk loeks
narie blênk spot
waarie TV gestaanit.

Niks meer laat ane
Niks meer news,
Niks meer kinnesprograms
ennie kêk was saam merrie TV gesteel.

5.1 Wie is die spreker in die gedig? (1)
5.2 Wat noem ons die dialek wat in die gedig gebruik word? (1)
5.3 Hierdie gedig gaan oor die feit dat iemand met 'n sosiale ...
5.3.1 ... (gewoonte/gewete/geweste) besef dat hy en sy vriende iets...
5.3.2 ... gedoen het. (2)
5.4 Hy sê die kerk was saam met die TV gesteel.
5.4.1 Watter stylfiguur is hier gebruik? (1)
5.4.2 Wat bedoel die spreker daarmee? (1)
5.5 Gee 'n voorbeeld van beginrym uit hierdie uittreksel. (1)
5.6 Wat is die uiteindelike oplossing wat die spreker voorstel? (1)
(8)

**VRAAG 6. DRAAIBOEK – D.J. OPPERMAN**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1. Kiek badkamer, maar swak belig
wys seun wat aan 'n tou verwurg
2. *Eine kleine Nachtmusik* verdof
Wissel flitstonele, huis en hof:
3. "Waarom het hy dié nag hom opgehang?
Was daar miskien 'n nooi in die gedrang?"
4. "Nee, al was my oudste in sy fleur,
Het hy hom aan g'n nôi gesteur."
5. "Soms raak 'n vader en sy seun oorhoop.
Het die hom dikwels deurgeloop?"
6. "Nee, 'n ware aanspraak sonder gier –
net graag alleen voor die klavier."
7. "Mevrou, kan u ons waarlik niks vertel?"
"Ag, Edelagbare, dis God se spel!"
8. "Maar waarom... waarom so 'n daad verrig?"
"Sy vel was donker, sy broers s'n lig."
9. Kiek waar vier kinders vroeg opstaan.
Drie na wit en hy na bruin skool gaan

6.1 Wat is 'n draaiboek? (1)
6.2 Al die strofes is ________ koeplette. Voltooi. (1)
6.3 Hoe verskil strofes 1,2 en 9 van die ander? (1)
6.4 Hoe verskil strofes 7 en 8 van 3,4,5 en 6? (1)
6.5 Watter instruksie word aan die kameraman gegee? (1)
6.6 Watter musiekstuk word gehoor? (1)
6.7 Noem twee sintuie wat deur die spreker gebruik word. (2)
6.8 Hoe probeer die regter die hartseer ma help? (1)
6.9 Watter woord se uitspraak dui aan dat die regter en die vrou verskillende agtergronde het? (1)
6.10 Verduidelik waarom die omstandighede in die gedig ironies is. (2)
(12)

# VOORBEELDVRAESTEL 2: LETTERKUNDE

**VRAAG 7. STADSMENS – S.V.PETERSEN**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1. 'n Agtermekaar mens
Die stil stomme stadsmens!
2. Smart is hy, 'n wié
Saans alleen voor sy eie TV,
3. Gesellig saam met
sy high bucks vir company!
4. Sy savingsbank-boekie
lyk treurig, bra kapot
5. want sy vrou pick 'n pay
hom so halfpad bankrot!
6. maar daar's ook niemand
Wat Kenilworth ken soos hy,
7. en Saterdag móét sy voshings
die voorste bly!
8. So lewe hy luilekker
lank, 'n optimis:
9. want dis gister wat wás
maar vandag is wat is!

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Het hierdie gedig soos die vorige een ook koeplette wat rym? Sê net Ja of Nee. | (1) |
| 7.2 | Gee die rymskema van die eerste en die derde koeplet. | (1) |
| 7.3 | Gee 'n voorbeeld van antonomasia uit die gedig. | (1) |
| 7.4 | Is daar 'n voorbeeld van enjambement in die derde strofe? Sê net Ja of Nee. | (1) |
| 7.5 | Haal die koeplet aan wat bewys dat die spreker ook daarvan hou om geld uit te gee. | (1) |
| 7.6 | Waarvan hou sy vrou baie? | (1) |
| 7.7 | Watter woord bewys dat hy nie regtig bekommerd is oor die lewe nie? | (1) |
| 7.8 | Wie is die high bucks wat in sy huis by hom "kuier"? | (1) |
| 7.9. | Wat is die persoon se lewensfilosofie? | (1) |
| | | (9) |

# VOORBEELDVRAESTEL 2: LETTERKUNDE

**VRAAG 8. EK IS OEK IMPORTANT – PETER SNYDERS**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1. As al julle geldgatte
        julle geld gespendit
   en julle babanaskille
        innie slootjie gegooi het,
   en julle staain en cool drinks
        opgedrink het,
   en julle borrels en blikkies
        in 'n gangetjie gesit het,
   en julle visgraatbolle
        en vrot vrugte
            en stukkene boksies
                en papiere
                    r o n d g e g o o i het...

2. dan kom ek
   en maakie wêreld weer skoon:
   soe
   ek is oek important.

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Wat is die verskil tussen die eerste en die tweede strofe van die gedig? | (1) |
| 8.2.1 | Dink jy die skoonmaker ly aan 'n swak selfbeeld? | (1) |
| 8.2.2 | Waarom sê jy so? | (1) |
| 8.3 | Waarom is die woord "r o n d g e g o o i" geskryf met 'n spasie tussen elke letter? | (1) |
| 8.4 | Gee 'n voorbeeld van ironie uit die gedig. | (1) |
| 8.5 | Gee 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig. | (1) |
| | | (6) |

(35)

[TOTAAL: 70]

# MEMORANDUM VAN VOORBEELDVRAESTEL 2

## AFDELING A

### VRAAG 1. 'N BLIK VOL JUWELE

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Die man het sy geslagsdele probeer wegsteek. | (1) |
| 1.2 | 'n Blik vol waardevolle artikels/juweliersware | (1) |
| 1.3 | Herklaas Harmse | (1) |
| 1.4.1 | Jy dink die meisies hou van jou. | |
| 1.4.2 | Nee. | |
| 1.4.3 | nooit getroud is nie. | (3) |
| 1.5 | Sy is 'n slim meisie wat deur sy plannetjies sien. | (1) |
| 1.6 | (b) hiperbool | (1) |
| 1.7 | (c) verbaas | (1) |
| | | (9) |

### VRAAG 2. EENDAG DAG EK EK SIEN BLOED

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Ek-verteller | (1) |
| 2.2 | Hy bring die toebroodjies vir Japie skool toe. | (1) |
| 2.3.1 | Hy was 'n bokser./Hy't op die spoor gaan lê om sy bene te verloor./Hy was al oud./ Hy't baie kinders gehad. (Enige drie) | (3) |
| 2.4 | Hulle is desperaat om aan die lewe te bly – hulle sal ekstreme dinge aanvang om kos/ geld te kry. | (2) |
| 2.5.1 | Hy was nie bang om geslaan te word nie. | (1) |
| 2.5.2 | Hy was oud. | (1) |
| | | (10) |

### VRAAG 3. AANHOUER WEN!

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Retoriese vrae. | (1) |
| 3.2 | Inganathi gebruik dwelms en gaan nie skool nie. | (1) |
| 3.3 | Inganathi bly in 'n groot huis in die rykmansbuurt en tog het hy geen ambisie om te verbeter nie. | (2) |
| 3.4 | Harde werk (Om aan te hou en nie op te hou nie.) | (1) |
| 3.5 | Hy gebruik alle geleenthede wat na sy kant toe kom./Hy probeer sy bes om sy situasie te verbeter, maar Inganathi maak staat op sy ouers se geld. | (1) |
| 3.6 | Sy alkoholis-pa het weggeloop en hom en sy ma alleen gelos. | (1) |
| 3.7 | Hy dank Gog vir sy geleenthede/geluk. Hy sê: "Enkosi Makhulu." | (1) |
| | | (8) |

### VRAAG 4. SJÊ VIR JOU MA... NEXT TIME

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Dit gaan oor armoede/arm wees/geen geld hê nie. | (1) |
| 4.2.1 | Dit is snaaks. | (1) |
| 4.2.2 | Die taalgebruik/ Die feit dat die skoeneman dronk is./Die feit dat die ma se voete uitsteek. (Enige een) | (1) |
| 4.3.1 | volgende keer | |
| 4.3.2 | ongeskiktheid | |
| 4.3.3 | huishulp | (3) |
| 4.4 | Vir die man wat geld kom haal het./Vir die skoeneman vir wie hulle geld geskuld het. | (1) |
| 4.5 | Tegnies nee – dit was nie haar ma nie, dit was haar tannie.<br>OF Ja, die vrou was in die huis, maar sy het in die kas weggekruip.<br>(Enige rede met motivering.) | (1) |
| | | (8) |

# MEMORANDUM VAN VOORBEELDVRAESTEL 2

**AFDELING B**

**VRAAG 5. DIE GESTEELDE TV**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | ’n Dief/skelm | (1) |
| 5.2 | Kaapse Afrikaans | (1) |
| 5.3.1 | gewete | (1) |
| 5.3.2 | verkeerd | (1) |
| 5.4.1 | hiperbool | (1) |
| 5.4.2 | Hulle kan nie meer na kerkprogramme kyk nie. | (1) |
| 5.5 | Niks meer…/niks meer | (1) |
| 5.6 | Hulle gaan weer inbreek en die TV terugvat. | (1) |
| | | (8) |

**VRAAG 6. DRAAIBOEK**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Die manuskrip waarvolgens ’n fliek gemaak word. | (1) |
| 6.2 | rymende | (1) |
| 6.3 | Hierdie strofes bevat instruksies en nie dialoog nie. (Ook:die manier waarop hulle geskryf is, is anders.) | (1) |
| 6.4 | In 7 en 8 praat die regter in een reël en die ma in die volgende, terwyl die regte in die ander koeplette altwee reëls praat. | (1) |
| 6.5 | Hy moet die badkamer sonder baie lig afneem. | (1) |
| 6.6 | Eine kleine Nachtmusik | (1) |
| 6.7 | Gesigsintuig (ons sien die seun, badkamer, ens.) en gehoorsintuig (ons hoor die musiek wat gespeel word) | (2) |
| 6.8 | Hy vra ’n vraag wat hy self probeer beantwoord sodat sy nie iets hoef te sê nie. | (1) |
| 6.9 | nooi/nôi | (1) |
| 6.10 | Die seun het geen rede gehad om selfmoord te pleeg nie; tog doen hy dit omdat hy skaam is oor sy velkleur. | (1) |
| | | (12) |

**VRAAG 7. STADSMENS**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Nee. | (1) |
| 7.2 | aa/cd | (1) |
| 7.3 | Kenilworth (Die renbaan waar perdewedrenne gehou word; nie ’n spesifieke plek nie) | (1) |
| 7.4 | Ja | (1) |
| 7.5 | “maar daar’s ook niemand Wat Kenilworth ken soos hy” | (1) |
| 7.6 | Sy hou daarvan om by Pick&Pay te koop. | (1) |
| 7.7 | “luilekker” | (1) |
| 7.8 | Die TV-sterre/akteurs wat in TV-sepies optree. | (1) |
| 7.9 | “dis gister wat wás maar vandag is wat is!” | (1) |
| | | (9) |

**VRAAG 8. EK IS OEK IMPORTANT**

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Die eerste strofe is deurmekaar en die tweede strofe is georganiseerd. | (1) |
| 8.2 | Nee. | (1) |
| 8.2.2 | Hy is belangrik./Hy is trots op die feit dat hy alles skoonmaak. | (1) |
| 8.3 | Die spreker probeer op hierdie manier wys hoe alles rondgegooi word. | (1) |
| 8.4 | Dis ironies dat ’n skoonmaker wat min verdien, die “geldgatte” se vuilgoed moet optel | (1) |
| 8.5 | vrot vrugte | (1) |
| | | (6) |
| | | [35] |

**AFDELING 6**

# VOORBEELDVRAESTEL 3: SKRYF

TOTAAL: 100 PUNTE
TYD: 2 UUR

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf ’n opstel van 250 tot 300 woorde.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies boaan.
- As jy ’n prent kies, moet jy die nommer van die prent neerskryf.

1.1 Ek was daar!!
Dink aan enige musiekkonsert, kunstefees of sportbyeenkoms wat jy nooit sal vergeet nie.
Beskryf jou ervarings by so ’n gebeurtenis. (50)

OF

1.2 ’n Brugjaar of nie?
Bespreek die voor- en nadele van ’n brugjaar ná matriek. (50)

OF

1.3 My hoërskoolherinneringe
Party was wonderlik en ander was nie so wonderlik nie... en nou is ek presies in die middel! (50)

OF

1.4 Waarom moes dit met my gebeur? (50)

OF

1.5 Die lewe van ’n meisie is moeiliker as die lewe van ’n seun!
Bespreek hierdie stelling en motiveer hoekom jy daarmee saamstem of nie. (50)

OF

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf ’n opstel daaroor. Gee vir jou skryfstuk ’n titel. (50)







# VOORBEELDVRAESTEL 3: SKRYF

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK**

**VRAAG 2**

- Kies EEN vraag en skryf 120 tot 150 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies boaan.

2.1 **BRIEF AAN DIE PERS**
Die volgende **brief** het in Die Burger verskyn:

**Bose lirieke lei tot swak morele waardes**
Hoe kan ouers en opvoeders toelaat dat ons tieners na die musiek van Jack Parow, Die Antwoord, F... ofpolisiekar en die meeste soortgelyke groepe luister? Hulle sing nie, hulle vloek net! Hulle gebruik die vreeslikste woorde en maak seksuele bewegings en eksplisiete verwysings na allerhande vieslike goed. Geen wonder die jeug van vandag het nie meer enige morele waardes nie!
Anti-RapKrap, Rondebosch

Skryf 'n **brief aan die pers** oor jou reaksie op hierdie brief.
Die adres is:
Die Redakteur
Die Burger Brieweblad
Posbus 692
Kaapstad
8000 (30)

OF

2.2 **KOERANTARTIKEL**
Jy moet die boekeblad van jou skool se koerant versorg. Omdat jy al dieTwilight-boeke gelees het, wil jy die ander mense in jou skool daarvan vertel. Skryf 'n artikel waarin jy verduidelik hoekom hierdie boeke en films so populêr is en waarom tieners so baie daarvan hou. (30)

OF

2.3 **DIALOOG**
Jou ma is baie bekommerd oor die feit dat jy ná die eksamen saam met maats na 'n vakasieoord toe wil gaan. Skryf die dialoog tussen jou en haar waarin jy haar probeer oorreed om jou te laat gaan. (30)

OF

2.4 **INFORMELE VERSLAG**
As een van die leiers by die skool word jy gevra wat een oggend tydens die saalbyeenkoms plaasgevind het waaroor die hele skool gelag het. Jy voel die onderwysers het oorreageer, maar jy voel ook die leerders het die byeenkoms met opset probeer ontwrig. Skryf die **verslag** oor die insident. (30)

OF

2.5 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**
Skryf 'n brief aan jou ouers waarin jy hulle bedank vir alles wat hulle sover tydens jou hoërskoolloopbaan vir jou gedoen het. Noem 'n paar voorbeelde en verseker hulle van jou pogings om hulle nie teleur te stel nie. (30)

# VOORBEELDVRAESTEL 3: SKRYF

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK

**VRAAG 3**

- Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies bo-aan jou skryfstuk.

**3.1 UITNODIGING EN RIGTINGAANDUIDINGS**

(a) Jy wil 'n paar vriende uitnooi om na jou huis toe te kom net voor julle skool se winterdans. Skryf die uitnodiging wat jy aan hulle gaan stuur. (10)

(b) Verduidelik ook vir hulle hoe om by jou huis te kom van die skoolhek af. (10)

(20)

OF

3.2 **POSKAART**

Tydens 'n skooltoer moet jy vir jou Afrikaans-onderwyser 'n poskaart stuur. Teken 'n poskaart op jou antwoordboek oor en vertel vir hom/haar wat jy alles sien en doen. (20)

OF

3.3 **PLAKKAAT**

As lid van die skool se kultuurvereniging word jy gevra om jou skool se kultuurfees/eisteddfod/toneelopvoerings te adverteer. Gebruik 'n A4-bladsy in jou antwoordboek en ontwerp 'n plakkaat om dit te doen. Onthou om die datum(s), toegangsgeld, items, stalletjies ensovoorts te noem. (20)

[TOTAAL: (50) + (30)+ (20) = 100]